Hierdie aanbeveling is finaal onderworpe aan die goedkeuring van die verantwoordelike beamppte voor die pasjent toegelaat word.

- | | |
|---|-----------|
| 1. Volle naam | 1. |
| 2. Beroep | 2. |
| 3. Adres | 3. |
| 4. Waar gebore en ouderdom | 4. |
| 5. Wat is u godsdiens? | 5. |
| 6. Hoelank is u siek? | 6. |
| 7. Watter dokter het u behandel tydens hierdie siekte, en vir hoe lank? | 7. |
| 8. Is u gehuud of ongehuid? | 8. |
| 9. Indien gehuud, hoe groot is u gesin, of wie is van u afhanklik? | 9. |
| 10. Wat bedra u salaris of loon? | 10. |
| 11. Besit u enige ander middele behalwe u salaris of loon, en so ja, hoeveel? | 11. |
| 12. Behoort u tot enige Weldadigheidsvereniging? | 12. |
| 13. Hoeveel kan u bydra tot u onderhoud? | 13. |
| 14. Gee die name van vriende waarna verwys kan word.— | |
| | (1) |
| | (2) |
| | (3) |

Handtekening van applikant.

*Aan die verantwoordelike Beamppte.

.....Hospitaal

Ek ken die applikant en glo dat sy verklaring juis en u ooreweging waardig is.

.....
Medikus.

Laat bogenoemde toe as 'n.....pasjent.

.....
Verantwoordelike Beamppte

Ord. No. 18
van 1928.

kragtens hierdie Ordonnansie uit Prowinsiale fondse aan die bestuur betaalbaar is, agter te hou.

(2) Wanneer enige geld betaalbaar aan 'n bestuur aldus agtergehou is, verbeur die bestuur sy reg om daardie geld te ontvang totdat en tensy die Administrateur die betaling daarvan magtig.

Diensure
van ver-
pleegsters.

82. Ongeag enige andersluidende bepaling in die Private Hospitale Ordonnansie, 1919, en enige wysiging daarvan, is die diensure voorgeskryf vir verpleegsters in diens van besture kragtens hierdie Ordonnansie hoogstens dié voorgeskryf vir private hospitale, en die bepalings van genoemde Ordonnansie met betrekking tot die indiensneming van verpleegsters en die aanhouding van register is *mutatis mutandis* van toepassing op alle publieke hospitale.

Herroeping
van wette.

83. Die Hospitaalverpleegsters Verlichtings Ordonnantie 1917 en die Hospitaalkomitees Ordonnantie 1917 word en is hiermee herroep.

Korte
tietel.

84. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doeleindes aangehaal word as die Publieke Hospitale Ordonnansie, 1928.

SKEDULES.

EERSTE BYLAE.
(Artikkel *ag.*)

Hospitaalkomitees ingestel as besture kragtens die bepalings van hierdie Ordonnansie:—

- (a) *Prowinsiale Hospitale.*
 Barberton Hospitaalkomitee.
 Boksburg Hospitaalkomitee.
 Germiston Hospitaalkomitee.
 Johannesburg Hospitaalkomitee.
 Klerksdorp Hospitaalkomitee.
 Krugersdorp Hospitaalkomitee.
 Pietersburg Hospitaalkomitee.
 Pretoria Hospitaalkomitee.
- (b) *Ondersteunde Hospitale.*
 Duivelskloof Hospitaalkomitee.
 Ermelo Hospitaalkomitee.
 Ver Oos-Rand Hospitaalkomitee.
 Heidelberg Hospitaalkomitee.
 Lichtenburg Hospitaalkomitee.
 Lydenburg Hospitaalkomitee.
 Middelburg Hospitaalkomitee.
 Potchefstroom Hospitaalkomitee.
 Roodepoort Hospitaalkomitee.
 Rustenburg Hospitaalkomitee.
 Sabie Hospitaalkomitee.
 Schweizer Reneke Hospitaalkomitee.
 Standerton Hospitaalkomitee.
 Wolmaransstad Hospitaalkomitee.

Ord. No. 18
van 1928.

(2) Elke sodanige bestuur kan, met twaalf maande skriftelike kennisgewing van sy voorneme om dit te doen, na die verstryking van sodanige tydperk sy eie reëlings tref vir die verskaffing van sulke uitrusting.

(3) Die Administrasie kan, na ses maande kennisgewing, aan sodanige besture van sy voorneme om dit te doen, die lewering van sulke uitrusting staak en kan op enige tyd voor of na die verstryking van bedoelde tydperk van ses maande, sodanige instruksies uitvaardig aan besture wat uitrustingsartikels verlang wat nog in bedoelde magasyn voorradig is, as hom in staat sal stel om sodanige artikels van die hand te sit as wat nog diensdig is vir bedoelde besture.

80. (1) Die Administrateur kan 'n amptenaar van die Unie-Departement van Volksge-sondheid, of enige ander amptenaar, magtig om enige publieke hospitaal namens hom te inspekteer en kan ook enige sodanige amptenaar magtig om namens hom enige hospitaal wat nie 'n publieke hospitaal is nie, en vir die onderhoud waarvan 'n subsidie betaal word uit die Prowinsiale Inkomstefonds, of gelde ingesamel word van die algemene publiek, te inspekteer.

Inspeksie
van
hospitale.

(2) Bedoelde amptenaar het vir die doeleindes van sodanige inspeksie toegang tot enige deel van bedoelde hospitaal en tot enige boeke of ander verslae wat deur die bestuur aangehou word, of in die geval van 'n hospitaal wat nie 'n publieke hospitaal is nie, deur die beherende liggaam of komitee daarvan.

(3) 'n Kopie van enige rapport deur bedoelde amptenaar verskaf, sal gestuur word aan die bestuur of beherende liggaam of komitee, al na die geval is.

81. (1) As dit die Administrateur op enige tyd blyk dat 'n bestuur versuim of geweier het om enige werksaamhede te verrig wat deur hierdie Ordonnansie aan hom opgelê is, of sy bevoegdheids onbehoorlik uitoefen, of onredelik versuim of geweier het om enige bevoegdheid deur hierdie Ordonnansie aan hom verleen, uit te oefen of enige onwettige handeling in die uitoefening van sy funksies verrig het of voornemens is te verrig, sal die Administrateur geregtig wees om, na oorleg met die adviserende raad, enige deel van die gelde wat

Admini-
strateur kan
subsidie
in enige
jaar
agterhou.

Ord. No. 18
van 1928.

rapporte, statistieke en dokumente as die Administrateur van tyd tot tyd mag vereis.

(2) Notule van die verrigtings van elke vergadering van die bestuur of van 'n komitee daarvan, sal deur die bestuur aan die Administrateur gestuur word binne sewe dae na die datum waarop bedoelde notule goedgekeur is.

(3) Dit sal die plig van die bestuur wees om jaarliks gedrukte of getikte kopieë van die bestuur se jaarverslag, geouditeerde rekeninge en balansstate oor die afgelopen jaar te stuur aan elke lid van die bestuur, hydraer en koe-rant wat in die lokaliteit sirkuleer, en vir sover moontlik aan lede van die publiek in die algemeen.

HOOFSTUK V.

Algemeen.

Admini-
strateur kan
regulasies
maak.

77. Die Administrateur kan van tyd tot tyd vir die doeleindes van hierdie Ordonnansie deur kennisgewing in die *Offisiële Koerant* sodanige regulasies maak, as wat hy nodig of dienstig ag, mits bedoelde regulasies nie in stryd is met die bepalings van hierdie Ordonnansie nie.

Admini-
strateur kan
dinge wat
onreëlmstig
gedoen is
herstel.

78. Waar deur toeval, ongeluk of vergissing, hetsy van wet of feit, enigiets op enige tyd gedoen is na die tyd, of nie gedoen is binne die tyd, deur hierdie Ordonnansie voorgeskryf nie, of op ander wyse onreëlmstig gedoen is ten opsigte van vorm, kan die Administrateur, skriftelik en onderteken deur die Prowinsiale Sekretaris, vir enige sodanige gevalle voorsiening maak, of kan die tyd verleng waarbinne enigiets moet gedaan word, of kan hy enigiets aldus gedoen na die voorgeskrewe tyd of aldus so onreëlmstig ten opsigte van vorm gedoen, bekragtig sodat aan die ware strekking en doel van hierdie Ordonnansie beantwoord word, maar geen sodanige behandeling sal van invloed wees op enige regsvoordering daarvoor ingestel of op enige vonnis, besluit of andere beslissing daaromtrent gevel, of geneem deur enige Hof nie.

Instand-
houding van
sentrale
uitrusting-
magasyn.

79. (1) Die bestuur van elke publieke hospitaal wat voorsien was van artikels van uitrusting uit die sentrale magasyn gestig deur die Administrasie voor die aanvang van hierdie Ordonnansie, sal voortgaan om sodanige uitrusting uit bedoelde magasyn teen betaling te verkry.

73. Alle gelde deur 'n bestuur in trust gehou, uitgenome gelde in bewaring gehou vir pasjente vir veilige opberging, sal, in afwagting van die aanwending daarvan ooreenkomstig die bepalinge van die trust, na goedvinde van die bestuur belê word, hetsy op die wyse deur die trust voorgeskryf of gemagtig, of by gebreke van enige sodanige voorskrif, in sekuriteite, uitgegee deur die Unie-Regering, of by wyse van lening aan enige munisipaliteit in die Provinsie of, met goedkeuring van die Administrateur, op eerste verband op grond en eiendom in Suid-Afrika, of sal anders op vaste deposito by 'n bank belê word.

Tydlike belegging van gelde in bewaring.

**Ord. No. 18
van 1928.**

74. Wanneer 'n bestuur by wyse van legaat of gif vir die doel van enige publieke hospitaal enige gelde in trust ontvang, sal al sodanige gelde, uitgenome waar dit anders bepaal is deur die terme van die testament of skenking, op sodanige wyse aangewend word as die bestuur dienstig ag, aan, of vir die permanente verbetering van, sodanige hospitaal of die uitbreiding van die doeleindes waarvoor bedoelde hospitaal gestig is, of sal deur die bestuur belê word, en die inkomste van bedoelde beleggings sal toegeëien en gebruik word vir die doeleindes van bedoelde hospitaal.

Aanwending van trust-gelde.

75. Elke skenking of ander fonds versamel vir 'n spesiale doel, uit watter bron ook ontvang, wat 'n hospitaalkomitee besit by die aanvang van hierdie Ordonnansie sal deur die bestuur behou word as 'n skenking of vir sodanige spesiale doeleindes, en sal nie aangemerkt word as inkomste binne die betekenis van artikel *vier-en-sestig* van hierdie Ordonnansie nie, met dien verstande egter dat hierdie bepalinge nie van toepassing is op die rente deur enige sodanige fonds verdien nie, en verder met dien verstande, dat geen andersluidende bepaling hiervan die bestuur belet om, met die voorafgaande magtiging van die Administrateur, enige gelde in sodanige fonds, nie spesiaal gegee of nagelaat as 'n skenking of vir 'n spesiale doel nie, te bestem of te gebruik vir enige ander doel waarvoor 'n bestuur kragtens hierdie Ordonnansie wettiglik koste mag maak.

Bewaring van bestaande skenkings.

76. (1) Die bestuur sal die Administrateur voorsien van 'n gesertifiseerde kopie van enige verslag of notule van sy verrigtings, of van die verrigtinge van enige komitee benoem deur die bestuur of van 'n verslag van enige geldelike verantwoording van die bestuur of sodanige

Bestuur die Administrateur te voorsien van sy stukke—jaarlikse rapporte.

**Ord. No. 18
van 1928.**

sal daarvan kennis gee deur advertensie in die pers minstens sewe dae voor die datum van die vergadering van die bestuur belê met die doel om 'n ouditeur of ouditeurs te benoem.

(7) Die ouditeur of ouditeurs benoem soos bepaal in subartikkel (5) hiervan, sal al die bevoegdhede besit genoem in artikel *negen-en-vyftig* van die Plaaslike Bestuur Ordonnansie 1926 en *mutatis mutandis* toegepas vir die doeleindes van 'n audit deur die ouditeur benoem deur die Administrateur en sal buite en behalwe die gewone werksaamhede van ouditeurs, minstens eenmaal in elke finansiële jaar sertifiseer of al dan nie

- (a) die rekeninge van die bestuur in orde is
- (b) die rekeninge en balansstaat behoorlik opgemaak is om 'n ware en korrekte oorsig te gee van die sake van die publieke hospitaal soos blyk uit die boeke van daardie hospitaal;
- (c) die finansiële bepalings van die wet en regulasies betreffende publieke hospitale nagekom is;
- (d) al sy vereistes en aanbevelings (as ouditeur) nagekom en uitgevoer is.

Kollektante
van geld.

71. (1) 'n Bestuur kan sodanige persone as wat hy geskik ag, aanstel met die doel om vrywillige bydraes en skenkings vir al die doeleindes binne die bevoegdhede van die bestuur, in te samel.

(2) Die bestuur sal behoorlike aantekeninge van kollektante hou en kolleksies en alle gelde aldus gekollekteer sal aangewend word tot die doeleindes waarvoor hulle gekollekteer is.

(3) Die bepalings van die Liefdadige Instellings (Kontrole) Ordonnansie No. 5 van 1926 is nie van toepassing op enige publieke hospitaal nie.

In afwagting
van belegging
moet geld
op bank
gestort word.

72. Al die gelde wat aan 'n bestuur toebehoor, sal, in afwagting van belegging of uitgifte ooreenkomstig hierdie Ordonnansie, op sodanige bank gedeponeer word as die bestuur van tyd tot tyd bepaal en word daaruit betaal deur middel van tjeks geteken deur 'n lid of lede wat deur die bestuur gemagtig is om namens hom tjeks te teken, en mede-onderteken deur 'n beamppte van die bestuur wat daartoe behoorlik gemagtig is.

ouditeurs benoem, onderworpe aan die nakoming van die volgende bepalings en onderworpe aan die bepalings van paragraaf (b) van subartikkel (6) hiervan:—

- (a) enige lid van die bestuur kan, voor 'n datum wat die bestuur sal vasstel, een of meer behoorlik gekwalifiseerde persone benoem om op te tree as ouditeur of ouditeurs van die rekening van die raad.
- (b) elke nominasie sal verwys word na 'n komitee bestaande uit minstens drie lede van die bestuur wat sodanige aanbevelings by die bestuur sal maak as hulle mag goeddink, en die bestuur sal, nie minder as veertien dae na die aldus vasgestelde datum nie, daartoe oorgaan om deur stemming een of meer persone uit die genomineerde persone te kies, of, as daar geen nominasies is nie, een of meer behoorlik gekwalifiseerde ouditeurs.

Die verkiesing van bedoelde ouditeur of ouditeurs is vir 'n tydperk van drie jaar, en die bestuur sal op die tyd van sy, of hulle, verkiesing, die remunerasie vasstel wat aan hom of hulle betaal sal word en bedoelde bedrag sal nie verander word gedurende sy of hulle ampstyd nie. Die ouditeur of ouditeurs wat aldus benoem is sal nie uit hulle amp verwyder word voor die verstryking van sy of hulle ampstyd, soos voormeld, sonder toestemming van die Administrateur nie.

(6) (a) Die ouditeur of ouditeurs benoem deur 'n hospitaal-bestuur voor die aanvang van hierdie Ordonnansie bly in funksie tot die datum van die jaarlikse algemene vergadering genoem in subartikkel (1) van artikel *dertien* van hierdie Ordonnansie.

(b) Waar enige bestuur by genome besluit, soos bepaal in subartikkel (5) hiervan, ooreengekom het om 'n ouditeur of ouditeurs te benoem, sal iemand, uitgenome 'n aftredende ouditeur, wat nie 'n ouditeur is wat deur die Administrateur benoem is nie, nie as ouditeur benoem kan word in terme hiervan nie, tensy kennisgewing van die voorneme om bedoelde persoon as ouditeur te benoem gegee is deur 'n lid van die bestuur, nie minder as veertien dae voor die verstryking van die tydperk van ampstyd van die aftredende ouditeur nie, en die bestuur sal 'n kopie van enige sodanige kennisgewing aan die aftredende ouditeur stuur en

Ord. No. 18
van 1928.

—
Art. 70.

Ord. No. 18
van 1928.

—
Art. 70.

te toon en voor te lê aan die persoon of persone wat aldus benoem is, alle boeke en rekeninge van die publieke hospitaal met die kwitansies tot staving daarvan en alle boeke, stukke en geskifte, in hulle vermoë, wat daarop betrekking het.

(2) Waar geen persoon of persone, uitgenome dié benoem kragtens die bepalings van subartikel (1) hiervan, benoem is as ouditeurs van die rekeninge van die bestuur kragtens die bepalings van subartikel (5) hiervan, nie, sal die bestuur binne drie maande nadat die ouditeur benoem kragtens hierdie artikel, die rekeninge van die bestuur sertifiseer, vir enige finansiële jaar, sodanige som aan die Administrateur betaal as hy in elke geval mag vasstel as die ouditkoste van bedoelde rekeninge, met dien verstande dat die bedrag wat aldus vasgestel word in geen geval meer sal bedra as 'n bedrag bereken in terme van die derde skedule by hierdie Ordonnansie of die minimum bedrag daarin vasgestel as van toepassing op die geval van sodanige oudit nie.

(3) Waar kragtens hierdie artikel die bestuur enige koste moet betaal aan die Administrasie is dit die plig van die ouditeur om minstens eenmaal in elke finansiële jaar te sertifiseer of al dan nie

- (a) die rekeninge van die bestuur in orde is;
- (b) die rekeninge en balansstaat behoorlik opgemaak is om 'n ware en korrekte oorsig van die sake van die publieke hospitaal te gee, soos blyk uit die boeke van daardie hospitaal;
- (c) die finansiële bepalings van die wet en regulasies betreffende publieke hospitale nagekom is;
- (d) al sy vereistes en aanbevelings (as ouditeur) nagekom en uitgevoer is.

(4) Vir die doeleinde van enige kontrole kragtens subartikels (1) tot (3) van hierdie artikel, is die bepalings van artikels *negen-en-vyftig* en *sestig* van die Plaaslike Bestuur Ordonnansie, 1925, *mutatis mutandis* van toepassing.

(5) Buite en behalwe die ouditeur of ouditeurs benoem deur die Administrateur, kan die bestuur, nadat behoorlik 'n besluit geneem is deur 'n meerderheid van twee derdes van die lede van bedoelde bestuur waarby ooreengekom word om 'n ouditeur te benoem, 'n ouditeur of

op sodanige voorwaardes as hy voorskryf op die pond vir pond basis, met dien verstande egter dat geen sodanige bydrae sal verleen word op enige gelde wat die bestuur by wyse van subsidie ontvang het of ten opsigte waarvan alreeds subsidie betaal is kragtens hierdie Ordonnansie nie.

Ord. No. 18
van 1928.

68. Ongeag enige andersluidende bepaling in hierdie Ordonnansie word die Administrasie nie onthef van enige aanspreeklikheid ten opsigte van enige belofte gegee aan 'n hospitaalkomitee deur die Administrateur voor die aanvang van hierdie Ordonnansie om kapitaal-fondse te verskaf vir die bou en uitrusting van enige nuwe hospitaal of om kapitaalfondse of 'n subsidie te verskaf vir die uitbreiding van 'n bestaande hospitaal nie.

Prowinsiale Administrasie moet nie onthef word van sekere kapitaal-uitgawes nie.

69. (1) Enige fooie in rekening gebring kragtens die bepalings van hierdie Ordonnansie sal 'n skuld wees aan die bestuur en kan deur bedoelde bestuur ingevorder word deur regs-vordering in enige hof van bevoegde regsmag.

Involvordering van fooie.

(2) Die koste vir die hulp verleen deur, of vir rekening van 'n bestuur aan 'n gehude vrou of 'n minderjarige, vorm, sonder uitsluiting van die aanspreeklikheid volgens die gewoontereg van die persoon wat aldus hulp ontvang het, 'n skuld aan die bestuur deur die eggenoot van die gehude vrou, of die vader, moeder of voog van die minderjarige, al na die geval mag wees en kan ingevorder word deur regs-vordering in enige hof van bevoegde regsmag.

(3) Die koste wat ingevorder kan word is ewentueel die som ooreengekom tussen die bestuur en die persoon wat aldus aanspreeklik is, en is by afwesigheid van enige sodanige ooreenkoms, sodanige som as die hof waarin enige regs-vordering vir die involucering daarvan ingestel is, redelik ag, met inagneming van die middele van die verweerder en die omstandighede van die geval.

70. (1) Onderworpe aan die bepalings van paragraaf (a) van subartikkel (6) hiervan, sal die Administrateur een of meer persone benoem wat amptenare in die Staatsdiens is, om van tyd tot tyd die rekeninge en verslae van die bestuur na te sien en die bestuur sal aan die superintendent of andere beampte deur die raad gemagtig, opdra om

Kontrole.

Ord. No. 18
van 1928.

(3) As, na oorweging van die rapport van die bestuur in terme van die vorige subartikel, die Administrateur bedoelde begroting buitensporig ag, sal hy die bestuur daarmee in kennis stel, en as die bestuur hierop ooreenkomstig sy beslissing geen gewysigde begroting maak nie, kan hy die bestuur in kennis stel met die vorm waarin hy bereid is om bedoelde begroting goed te keur en kan hy die subsidie wat kragtens hierdie Ordonnansie aan die bestuur betaalbaar is, verminder.

(4) Elke hospitaalkomitee sal nie later as die vyftiende dag van Oktober 1928 vir goedkeuring by die Administrateur 'n begroting soos voormeld vir die jaar 1929, indien.

Goedge-
keurde
uitgawes.

65. (1) Die goedgekeurde uitgawes van 'n bestuur vir die doeleindes van artikel *ag-en-vyftig* hiervan is die begroting op onderhoudsrekening soos goedgekeur deur die Administrateur kragtens die vorige artikel, saam met sodanige ekstra uitgawes onder daardie hoof as van tyd tot tyd later deur die Administrateur goedgekeur word, en geen uitgawes buite en behalwe die goedgekeurde uitgawes mag deur 'n bestuur gemaak word nie sonder toestemming van die Administrateur, soos bepaal in die eersvolgende subartikel.

(2) 'n Bestuur kan in enige jaar vir die doeleindes van hierdie Ordonnansie, koste maak bowe die koste goedgekeur deur die Administrateur in terme van subartikel (1) hiervan, tot 'n bedrag van ten hoogste die bedrag wat die Administrateur vir bedoelde jaar mag goedkeur, met dien verstande dat geen rekening sal gehou word met sodanige uitgawes by die vasstelling van subsidie in terme van artikel *ag-en-vyftig* van hierdie Ordonnansie nie.

Sentrale
Mediese
Magasyn.

66. Die bestuur van die Johannesburgse hospitaal sal, solank as die Administrateur dit vereis, teen terugbetaling van die bruto inkoopsprys enige medisyne, verbandstowwe of mediese benodighede verskaf waarvoor enige ander bestuur 'n rekwisiesie ingestuur het.

Subsidies
vir nuwe
geboue.

67. Wanneer 'n voorlopige hospitaalkomitee of 'n bestuur fondse ingesamel het vir die oprigting en uitrusting van geboue, sal die Administrateur geregtig wees om by te dra tot die fonds van die bestuur wat kragtens hierdie Ordonnansie ingestel is of ingestel sal word,

- (e) terugbetaling van enige lening waarvoor die bestuur aanspreeklik is en,
 (f) sodanige ander doeleindes van 'n kapitale aard as die Administrateur goedkeur.

Ord. No. 18
 van 1928.

63. (1) Die Administrateur kan, onderworpe aan die bepalings van hierdie Ordonnansie en uit sodanige fondse as die Prowinsiale Raad van tyd tot tyd vir die doel verskaf, lenings toeken aan 'n bestuur vir alle of enige van die volgende doeleindes:—

Prowinsiale
 lenings.

- (a) die oprigting, bou, aankoop, uitbreiding of verbetering van enige gebou;
 (b) die aankoop van land of regte op of belang by grond;
 (c) die uitvoering van enige werk van 'n permanente aard met betrekking tot 'n saak wat aan 'n bestuur opgedra is;
 (d) die terugbetaling van enige lening (uitgenome 'n lening van die Administrasie) vir enige van die doeleindes genoem in paragrawe (a), (b) en (c) van hierdie subartikkel.

(2) Elke sodanige lening word toegeken op sodanige voorwaardes en vir sodanige tydperke as voorgeskryf word en kom, met die rente wat daarop verskuldig is, ten laste van die bate en inkomste van die bestuur en word terugbetaal in gelyke halfjaarlikse paaiemente wat so bereken is dat die gehele lening, met rente daarop, terugbetaal word binne sodanige tydperk wat nie meer as veertig jaar sal wees nie.

64. (1) Die bestuur sal in die maand September van elke jaar vir goedkeuring van die Administrateur, in sodanige vorm as hy voorskryf, 'n begroting vir die volgende jaar indien van—

Begroting.

- (a) inkomste en uitgawes op onderhoudsrekening; en
 (b) ontvangste en betalings op kapitaalrekening.

(2) As die Administrateur van opinie is dat daar redelike grond is om te beskou dat bedoelde begroting buitensporig is, kan hy die vir rapport na die bestuur verwys.

Ord. No. 18
van 1928.

maak van bedoelde legaat en word toegeëien en uitgegee op enige wyse waarop die legaat wettig mag toegeëien en uitgegee word en nie anders nie.

(4) Ongeag enige andersluidende bepaling in hierdie artikel, kan die Administrateur enige subsidie betaalbaar kragtens hierdie artikel terughou of weier om enige sodanige voornoemde lening toe te ken, met behoorlike inagneming van die klassifikasie van die betrokke publieke hospitale, as hy van oordeel is dat dit nie wenslik is dat aan die doel van die legaat uitvoering gegee word nie.

Te betale
subsidiës.

60. (1) Die subsidiës voorgeskryf deur hierdie Ordonnansie is betaalbaar op so'n wyse as die Administrateur bepaal.

(2) Die Administrateur kan in enige jaar sodanige voorskotte aan 'n bestuur maak op rekening van die subsidie betaalbaar aan bedoelde bestuur in sodanige jaar as hy dienstig ag, kragtens die bepalings van artikel *ag-en-vyftig* van hierdie Ordonnansie, met dien verstande dat alle bedrae wat aldus voorgeskiet is afgetrek word van die gelde wat daarna aan bedoelde besture betaalbaar is.

(3) Waar 'n hospitaal operig is in terme van artikel *sewe* van hierdie Ordonnansie en daarvoor 'n bestuur ingestel is, kan die Administrateur, ongeag enige teenstrydige bepaling in hierdie Ordonnansie, die bedrag vasstel van die subsidie wat aan bedoelde bestuur betaalbaar is gedurende die eerste, en, as hy dit dienstig ag, die tweede jaar van die bestaan van bedoelde hospitaal, op sodanige wyse as hy sal vasstel.

Oortrekkings.

61. 'n Bestuur kan van enige bank voorskotte kry by wyse van oortrekking van sodanige bedrae en op sodanige voorwaardes as die Administrateur goedkeur.

Lenings.

62. 'n Bestuur kan van tyd tot tyd lenings sluit tot sodanige bedrae en op sodanige voorwaardes as die Administrateur goedkeur vir een van, of al die volgende doeleindes:—

- (a) die oprigting en uitrusting van geboue,
- (b) die oprigting van vergrotings by geboue,
- (c) die maak van veranderinge by geboue,
- (d) die aankoop van land vir hospitaaldoeleindes,

alleen betaal word ten opsigte van pasjente vir wie 'n magistraat 'n sertifikaat uitreik dat hulle nie in staat is om tot die koste van hospitaalbehandeling by te dra nie.

Ord. No. 18
van 1928.

58. (1) Aan elke bestuur is 'n subsidie betaalbaar van 30s. op elke pond kontant ontvang by wyse van subskripsies, skenkings of legate vir die onderhoud van die publieke hospitaal, met dien verstande egter, dat nie meer as drie vyftes van die verskil tussen die goedgekeurde uitgawe van 'n bestuur in terme van artikel *vyf-en-sestig* hiervan, en die inkomste deur die bestuur verdien kragtens artikels *twee-en-vyftig* tot *sewen-en-vyftig* hiervan in een jaar betaalbaar is by wyse van subsidie kragtens hierdie artikel nie.

Subsidie op skenkings, ens.

(2) Wanneer deur 'n bestuur eiendom of geld ontvang word as 'n gif of legaat vir skenking aan 'n publieke hospitaal word die subsidie betaalbaar kragtens hierdie artikel nie betaal op die kapitaalsom nie, maar is betaalbaar op die netto inkomste wat die bestuur in die jaar ontvang het ten opsigte van bedoelde eiendom of op die rente opgebring deur die belegging van bedoelde geld.

59. (1) Ten opsigte van legate vir uitgawes aan een of meer bepaalde doeleindes uitgenome vir die onderhoud van die publieke hospitaal is, onderworpe aan die bepalinge van subartikels (2) en (4) hiervan 'n subsidie van een pond betaalbaar vir elke pond van die waarde van bedoelde legate, maar is hoogstens eenduisend pond in die geval van 'n sentrale publieke hospitaal; sewenhonderd en vyftig pond in die geval van 'n eerste graads publieke hospitaal; vyfhonderd pond in die geval van 'n tweedegraads publieke hospitaal en tweehonderd en vyftig pond in die geval van 'n eerste- of twedeklas oorgangshospitaal, ten opsigte van die boedel van 'n enkel erfster.

Subsidie op legate.

(2) Wat betref legate vir enige sodanige bepaalde doel of doeleindes soos genoem word in subartikel (1) van artikel *drie-en-sestig* hiervan, kan die Administrateur na goedvinde, in plaas van 'n subsidie in terme van subartikel (1) hiervan te betaal, 'n lening toeken kragtens die bepalinge van genoemde artikel, tot 'n bedrag van hoogstens een pond vir elke pond van die waarde van bedoelde legaat.

(3) Al die gelde betaal as subsidie of toegeken by wyse van lening ten opsigte van enige sodanige legaat, word geag deel uit te

Ord. No. 18
van 1928.

(2) Genoemde spesiale subsidie sal wees in die geval van die bestuur van die

- (a) Johannesburg Hospitaal £50,000;
- (b) Boksburg Hospitaal £7,500;
- (c) Krugersdorp Hospitaal £5,000;
- (d) Germiston Hospitaal £3,000;

met dien verstande dat die Administrateur op enige tyd na behoorlike ondersoek en na verwysing na die raad bedoelde subsidie kan verlaag in die geval van enige van die, of al die genoemde besture as die omstandighede dit, syns insiens, wettig.

Verdere
spesiale
subsidiës.

56. (1) 'n Spesiale subsidie is jaarliks betaalbaar aan die besture van die hospitale van Barberton, Klerksdorp en Pietersburg, met dien verstande dat die Administrateur op enige tyd na behoorlike ondersoek en na verwysing na die raad bedoelde subsidie kan verminder in die geval van enige van die, of al die genoemde besture as die omstandighede, syns insiens, enige sodanige vermindering wettig.

(2) Die spesiale subsidie genoem in subartikel (1) hiervan sal wees in die geval van die bestuur van die :

- (a) Hospitaal van Barberton £3,750;
- (b) Hospitaal van Klerksdorp £1,750;
- (c) Hospitaal van Pietersburg £1,000.

(3) Die Administrateur mag, na behoorlik ondersoek en na verwysing na die bestuur, van tyd tot tyd uit sulke fondse as wat die Prowinsiale Raad mag voorsien spesiale subsidiës uitbetaal aan die bestuur van enige publieke hospitaal anders as van 'n publieke hospitaal waarvoor spesifiek voorsiening gemaak is in hierdie en in die voorafgaande artikel en hy mag op dieselfde wyse die bedrag verhoog van enige spesiale subsidie, betaalbaar onder die genoemde artikels indien volgens sy oordeel die omstandighede enige sodanige vermeerdering regverdig.

Subsidie op
vry
pasjente.

57. (1) 'n Subsidie is betaalbaar aan elke bestuur gebaseer op die aantal vry pasjente behandel gedurende die vorige kalenderjaar teen vyf sielings per pasjente per dag in die geval van blanke pasjente en twee sielings en ses pennies per pasjente per dag in die geval van ander pasjente.

(2) In die geval van publieke hospitale, uitgenome sentrale en eerstegraads hospitale, sal subsidie vir die doeleindes van hierdie artikel

betaal as hieronder bepaal word en as nodig mag wees om die goedgekeurde uitgawes van die bestuur te dek.

Ord. No. 18
van 1928.

54. (1) 'n Subsidie sal betaalbaar wees ten opsigte van fooie ontvang van pasjente en sal in die geval van 'n publieke hospitaal soos hieronder geklassifiseer, nie meer bedra as—

Subsidie.

- (a) 'n Sentrale hospitaal, vyf-en-twintig sielings vir elke pond wat aldus ontvang word;
- (b) 'n Eerstegraads hospitaal, 20s. vir elke pond wat aldus ontvang word;
- (c) 'n Twedegraads hospitaal,
 - (i) as die akkomodasie vir pasjente in bedoelde hospitaal nie minder as vyftig bedde is, 15s. vir elke pond wat aldus ontvang word;
 - (ii) as die akkomodasie vir pasjente minder as vyftig bedde is, 10s. vir elke pond wat aldus ontvang word;
- (d) 'n Eerste klas oorgangshospitaal, 7s. 6d. vir elke pond wat aldus ontvang word;
- (e) 'n Twedeklas oorgangshospitaal, 7s. 6d. vir elke pond wat aldus ontvang word.

(2) Die subsidie betaalbaar kragtens hierdie artikel word bereken na die fooie wat van pasjente ontvang is gedurende die vorige kalenderjaar.

(3) Die Administrateur kan, of die subsidie betaalbaar kragtens hierdie artikel terughou, of die tarief daarvan verlaag, in die geval van 'n bestuur wat volgens sy oordeel nie redelike voorsiening gemaak het vir die hulp van die behoeftige siekes nie of waar in die publieke hospitaal onder die beheer van bedoelde bestuur die aantal vry pasjente aan wie hulp verleen word, vir hom te gering lyk.

(4) Geen subsidie sal kragtens die bepalinge van hierdie artikel betaal word nie ten opsigte van fooie betaal vir enige pasjente wat behandel word in sale vir besmetlike of aansteeklike siektes, onderhou deur 'n bestuur vir of namens een of meer plaaslike besture wat bedoelde sale ingestel het kragtens die bepalinge van die Publieke Gesondheid Wet 1919 of enige ander wet.

55. (1) 'n Spesiale subsidie is jaarliks betaalbaar aan die besture van die hospitale van Johannesburg, Boksburg, Krugersdorp en Germiston.

Spesiale
subsidië.

Ord. No. 18
van 1928.

(2) Die maak, intrek of wysig van enige bedoelde regulasie sal nie van krag wees nie tensy en totdat dit deur die Administrateur goedgekeur en in die *Offisiële Koerant* gepubliseer is nie.

(3) Die Administrateur kan deur kennisgewing in die *Offisiële Koerant* op enige tyd enige regulasie herroep wat van krag is by die aanvang van hierdie Ordonnansie.

(4) Enige regulasie kan betrekking hê, hetsy op 'n enkele hospitaal of op twee of meer hospitale of oor die algemeen op al die hospitale onder die kontrole van die bestuur.

(5) Al die regulasies van krag tén opsigte van enige publieke hospitaal by die aanvang van hierdie Ordonnansie bly, vir sover as hulle verenigbaar is met hierdie Ordonnansie en die regulasies daarvan, van krag vir bedoelde publieke hospitaal asof hulle gemaak was kragtens hierdie Ordonnansie, en kan ingetrek, verander en gehandhaaf word op dieselfde wyse asof hulle gemaak was deur die bestuur waaronder bedoelde hospitaal ressorteer.

HOOFSTUK IV.

Finansiël.

Verantwoordings
boeke
en verslae.

51. (1) 'n Bestuur sal sodanige boeke en rekeninge hou en sodanige opgawes indien as die Administrateur na oorleg met die raad binne drie maande na die aanvang van die Ordonnansie en daarna van tyd tot tyd mag voorskryf.

(2) Afsonderlike rekeninge sal aangehou word van alle trust- skenkings- of delgingsfondse onder die beheer van die bestuur.

(3) Al die boeke en rekenings sal op enige redelike tyd ter insae lê van enige lid van die bestuur, en van enige persoon wat deur die Administrateur behoorlik daartoe gemagtig is.

(4) Die finansiële jaar van die bestuur sal eindig op die een-en-dertigste dag van Desember in elke jaar.

Foöie en
ander
ontvangste
word deur
die bestuur
behou.

52. Van, en na die aanvang van hierdie Ordonnansie word al die foöie en ander ontvangste deur die bestuur behou.

Prowinsiale
subsiedies.

53. Die Administrateur sal aan elke bestuur uit gelde toegeëien deur die Prowinsiale Raad, by wyse van subsiedie sodanige somme

gevangenisstraf met of sonder harde arbeid, sonder die keuse van 'n boete vir 'n tydperk van ten hoogste drie maande.

**Ord. No. 18
van 1928.**

49. Elke bestuur moet 'n boek aanhou, 'n "Register van Bydraers" genoem, waarin die name en adresse van al die bydraers en die bedrag of bedrae waarvoor elke bydraer ingeteken het, ingeskryf word.

Bestuur moet 'n boek aanhou van die name en adresse van bydraers

50. (1) 'n Bestuur kan van tyd tot tyd vir enige hospitaal onder sy beheer regulasies nie in stryd met hierdie Ordonnansie nie, maak, intrek of wysig, met betrekking tot die volgende sake:—

Ontwerp van regulasies deur bestuur

- (a) reëling van die toelating of ontslag van pasjente en ander persone wat behandel word en die tarief van koste van toepassing op pasjente,
- (b) handhawing van orde, tug, welvoeglikheid en sindelikheid onder die verpleegdes van die hospitaal,
- (c) die voorskrywe van die pligte van die honorêre besoekende dokters en van die beamptes, verpleegsters, oppassers, en bediendes, van die hospitaal, en die voorwaardes waarop geregistreerde geneeskundiges nie op die staf nie, onder worpe aan die bepalinge van artikel *sewen-en-veertig* hiervan, pasjente in die Instelling kan behandel,
- (d) reëling van die benoeming, pligte en voorregte van werknemers,
- (e) reëling van die verleen van hulp aan pasjente of ander persone wat geen verpleegsters van die hospitaal is nie,
- (f) algemene voorsiening vir alle sake betreffende die beheer van, sorg vir, en kontrole en toesig oor bedoelde hospitaal en die beantwoording aan die doel daarvan,
- (g) verhinder dat bedoelde hospitaal of die terreine daarvan betree word deur persone wat nie daartoe geregtig is nie,
- (h) verbod om enige bepaalde artikels in die hospitaal te bring,
- (i) die maak van voorsiening vir 'n straf van hoogstens vyf pond, of een maand gevangenisstraf vir 'n inbreuk of enige regulasie gemaak kragtens subartikels (g) en (h) hiervan.

Ord. No. 18
van 1928.

(3) Geen bepaling in hierdie artikel belet 'n bestuur om aan enige geregistreerde geneeskundige toegang tot enige hospitaal of tot enig bepaalde gedeelte daarvan te weier nie, met dien verstande, dat bedoelde geneeskundige hom kan beroep op die Administrateur, wie se beslissing in die saak finaal is. Verder met dien verstande dat waar enige lid van 'n bestuur voorgestel het dat toegang aan enige geregistreerde geneeskundige geweier word onder omstandighede waar die toegang van sulke geneeskundige deur die Administrateur beskou mag word as 'n saak van algemene gedragslyn, en die bestuur het so'n mosie verwerp; die lid hom mag beroep op die Administrateur, wie se beslissing in so'n geval dan ook finaal sal wees.

Applikante vir hulp moet juiste inligtings verskaf.

48. (1) Uitgenome in gevalle van dringende noodsaaklikheid, weier die bestuur bystand aan enige applikant vir hulp binnenshuis by 'n publieke hospitaal, totdat bedoelde applikant, of enige persoon wat vir bedoelde applikant aanspreeklik is, die inligtings verskaf het, nodig om 'n vorm van toelating soos voorgeskryf in die Twede Bylae hiervan, in te vul, en bedoelde vorm behoorlik geteken en 'n sertifikaat getoon het van die applikant se dokter, of as die applikant geen dokter het nie, van enige persoon deur die bestuur goedgekeur, vermeldende dat hy met die omstandighede van bedoelde applikant bekend is.

(2) As om enige rede aan al die bepalings van hierdie artikel nie onmiddellik kan voldoen word nie, kan die bestuur tydelike hulp verskaf aan enige applikant in afwagting van nader ondersoek.

(3) Hierdie artikel is nie van toepassing op enige applikant wat onderneem om vir bedoelde hulp te betaal teen 'n skaal nie laer as die tarief van fooie vir pasjente in algemene siekesale wat by die publieke hospitaal van krag is nie.

(4) As bedoelde applikant, of enige persoon ten behoeve van bedoelde applikant opsetlik en moedswillig enige valse, onjuiste, of misleidende inligtings verskaf, met die doel om van die bestuur kosteloos of teen 'n laer tarief as bedoelde applikant anders sou verplig wees om te betaal, hulp te verkry sal hy skuldig wees aan 'n oortreding en kan veroordeel word tot 'n boete van ten hoogste tien pond of tot

in die geval van 'n publieke hospitaal wat aldus geklassifiseer is as 'n tweedegraads hospitaal: twee honderd en vyftig pond; en

in die geval van 'n publieke hospitaal wat aldus geklassifiseer is as 'n eerste- of twedeklas oorgangshospitaal: een honderd pond;

met dien verstande dat planne en spesifikasies van elke voorgestelde nuwe gebou, of verandering in die bou, of uitbreiding, deur die bestuur na die Administrateur gestuur word vir sy informasie.

45. 'n Bestuur mag, met voorafgaande skriftelike toestemming van die Administrateur, 'n hospitaal onder sy beheer sluit.

Bestuur mag 'n hospitaal sluit.

46. (1) Dit is die plig van elke bestuur om al die hospitale onder sy beheer op alle tye tot bevrediging van die Administrateur te onderhou.

Onderhoud van hospitale moet tot bevrediging van die Administrateur wees.

(2) Dit is die plig van elke bestuur om in enige hospitaal onder sy beheer, vir so ver daarin voldoende plek beskikbaar is, enige persoon op te neem wat lydende is aan enige van die siektes vir die behandeling waarvan die hospitaal gestig is. Pasjente word toegelaat na gelang van die dringendheid van die behoefte aan behandeling, maar in enige gebied waarin 'n doelmatige private verplegingstehuis bestaan met beskikbare akkomodasie, geniet die behoeftige siekes, as ander dinge gelyk is, steeds die voorkeur van enige bedoelde hospitaal.

47. (1) In enige publieke hospitaal deur die Administrateur as 'n sentrale hospitaal geklassifiseer, is pasjente wat nie minder as die vol tarief van koste hetsy in algemene of private siekesale betaal, aanspreeklik vir mediese fooie aan die dokters wat hulle behandel en is onderworpe aan die bepalinge van hierdie Ordonnansie, geregtig om bedoelde dokter te kies, hetsy op die staf of nie.

Pasjente wat vol tarief betaal is aanspreeklik vir mediese fooie.

(2) In enige publieke hospitaal wat nie aldu deur die Administrateur as 'n sentrale hospitaal geklassifiseer is nie, moet pasjente wat sewe sielings en ses pennies per dag en meer betaal, die mediese fooie betaal aan die dokters wat hulle behandel en is, met inagnome van die bepalinge van hierdie Ordonnansie, geregtig om bedoelde dokter te kies, hetsy op die staf of nie.

Ord. No. 18
van 1928.

Ord. No. 18 van 1928. Bestuur mag grond verkoop of ruil.

40. 'n Bestuur mag, met toestemming van die Administrateur, enige losse of vaste eiendom by hom in berusting, uitgenome grond wat vir enige spesiale doel in trust gehou word, verkoop of op andere wyse vervreem of van die hand set, en enige geld, by wyse van gelykheid van ruiling, betaal of ontvang.

Bestuur mag grond verhuur.

41. (1) 'n Bestuur mag, met goedkeuring van die Administrateur, huurkontrakte verleen van enige gronde wat by hom in berusting is.

(2) Die bevoegdhede tot verhuur hierby aan 'n bestuur toegeken, strek sig uit tot enige skenking wat dit onder sy berusting het, en tot grond wat dit in bewaring het, maar die bestuur is nie geregtig om 'n huurkontrak van enige sodanige skenkings of trusteiendom te verleen vir sulke termynne of op sulke voorwaardes as volgens die oordeel van die Administrateur onverenigbaar is met die vereiste en behoorlike gebruik daarvan vir die doel waarvoor die grond aan die bestuur in bewaring gegee is nie.

Bestuur mag gronde, in trust gehou, verkoop, ens.

42. Die bevoegdhede om grond wat deur hierdie Ordonnansie aan die bestuur toegeken is, met toestemming van die Administrateur te verkoop, ruil, verpand of belas, het betrekking op grond in trust gehou vir enige spesiale doel ongeag die bepalinge van die trust, maar die opbrings van enige sodanige verkoop en die grond of geld verkry deur enige sodanige ruiling, is onderworpe aan dieselfde of dergelyke bewarings, vir so ver as dié bestaan, as die grond waaroor aldus beskik is.

Verkreë eiendom sal by die bestuur berus.

43. Al die eiendom verkry deur 'n bestuur sal by die bestuur berus.

Oprigting van geboue deur bestuur.

44. (1) 'n Bestuur mag geen nuwe gebou oprig of bestaande geboue vergroot of verander sonder voorafgaande toestemming van die Administrateur nie as die koste meer bedra as—
in die geval van 'n publieke hospitaal wat deur die Administrateur as 'n sentrale hospitaal geklassifiseer is: een duisend pond;

in die geval van 'n publieke hospitaal wat aldus geklassifiseer is as 'n eerstegraads hospitaal: vier honderd pond;

(3) By die instelling van 'n bestuur in terme van artikel (1) van subartikel (2) van artikel *ag* hiervan, word al die bate en laste van die hospitaalkomitee, waarvan dit die opvolger is in terme van artikel *negentien* hiervan, respektieflik die bate en laste van die bestuur.

Ord. No. 18
van 1923.

(4) Waar enige grond of enige boedel of reg op grond kragtens hierdie Ordonnansie onder berusting van 'n bestuur kom sonder oordrag of oormaking, en 'n hospitaalkomitee of enige trustee, benoem in verband met 'n hospitaalkomitee, die geregistreerde eienaar van daardie grond, boedel of reg is, sal die Registrateur van Aktes, op versoek van die bestuur, en nadat hy deur 'n beëdigde verklaring of andersins, van die eiendomsreg van die bestuur oortuig is, die bestuur as die eienaar van genoemde grond, boedel of reg in plaas van die genoemde hospitaalkomitee of trustee registreer.

38. Alle eiendom wat berus by 'n bestuur as die opvolger van 'n hospitaalkomitee ooreenkomstig hierdie Ordonnansie bly onderworpe aan enige trusts in verband met daardie eiendom op die tyd waarop dit aldus in berusting is en word op alle tye daarna toegeëien en deur die bestuur beheer vir die doeleindes van daardie trusts, en in ooreenstemming met die bepalinge daarvan, uitgenome in sover as daardie doeleindes en bepalinge volgens die oordeel van die Administrateur in stryd of onbestaanbaar is met die bepalinge van hierdie Ordonnansie.

Eiendom in berusting by bestuur as opvolger van hospitaalkomitee bly onderworpe aan bestaande trusts.

39. (1) 'n Bestuur mag enige eiendom by wyse van erfating, legaat of skenking in trust aanvaar vir die doel van enige bestaande of toekomstige hospitaal onder sy kontrole, of in trust vir enige doel waartoe die bestuur wettig sy eie eiendom kan aanwend.

Bestuur mag eiendom in trust aanvaar.

(2) Alle eiendom wat 'n bestuur in trust aanvaar het kragtens die magtiging van hierdie artikel, en al die inkomste daarvan getrek, word toegeëien en beheer deur die bestuur vir die doeleindes van die trust en ooreenkomstig die bepalinge daarvan vir sover as daardie bepalinge volgens die oordeel van die Administrateur ooreen te bring is met die bepalinge van hierdie Ordonnansie.

**Ord. No. 18
van 1928.**

duisend negehoederd en negen-en-twintig, dieselfde of enige dergelike funksie uit te oefen in 'n publieke hospitaal na die aanvang van hierdie Ordonnansie nie.

Legalisering
van
dokumente.

33. Elke dokument wat deur die bestuur gelegaliseer moet word, is voldoende gelegaliseer wanneer dit geteken is deur twee lede daarvan of deur sodanige beampte van die bestuur wat daartoe behoorlik gemagtig is deur enige bestuur of regulasie van die bestuur.

Kontrakte.

34. Al die kontrakte waarvan die waarde van die inhoud die som van vyftig pond te bowe gaan moet in geskryfte wees en word geteken deur 'n lid van die bestuur en deur die sekretaris.

Bestuur
mag
skikking
tref ten
opsigte
van
kontrak-
breuk.

35. 'n Bestuur mag 'n skikking tref met enige persoon vir sodanige som geld of ander vergoeding as hy dienstig ag ten opsigte van enige kontrakbreuk of enige skuld of geld aan die bestuur betaalbaar, hetsy voor of nadat 'n regsverordering ingestel is vir die invordering daarvan.

Sekere
kontrakte
goedgekeur
te word deur
Admini-
strateur.

36. Geen kontrak met die bestuurders van 'n siekefonds of weldadigheidsgenootskap of regeringsdepartement vir die verleen van hulp binnenshuis teen 'n laer tarief as die daaglikse koste van onderhoud sal deur 'n bestuur aangegaan word sonder die toestemming van die Administrateur nie.

Eiendom van
besture wat
ontbind is
berus sonder
oordrag by
besture.

37. (1) By die instelling van 'n bestuur kragtens hierdie Ordonnansie, sal al die roerende en onroerende eiendom van enige aard wat voorheen by enige hospitaalkomitee berus het, by die bestuur berus sonder oordrag of oormaking van die boedel en reg van die hospitaalkomitee daarop en die Goewerneur-Generaal sal wettig bevoeg wees om in terme van hierdie artikel enige grond geregistreer op naam van die Regering en gebruik deur 'n hospitaalkomitee vir die doeleindes van 'n hospitaal aan die bestuur oor te dra.

(2) Onverminderd enige bepaling in hierdie artikel vervat, sal die onroerende eiendom in gebruik van die Pretoria Hospitaal by die aanvang van hierdie Ordonnansie, nie by die bestuur berus nie, maar word so gou moontlik nadat die nuwe Pretoria Hospitaal geopen is, deur die bestuur aan die Administrasie oorgedra.

Ord. No. 18
van 1928.

(3) Vanaf, en na die aanvang van hierdie Ordonnansie sal 'n bestuur op vordering, ten behoeve van die fonds gestig kragtens die Pensioene-Ordonnansie aan die Administrasie betaal:—

- (a) enige bydraes verskuldig deur verpleegsters en beamptes in diens van die bestuur;
 - (b) enige somme wat kragtens die bepaling van bedoelde Ordonnansie betaalbaar is deur die Administrasie, met dien verstande, dat die Administrasie aanspreeklik bly vir en, sal voortgaan om te betaal, enige somme ten opsigte van die agterstallige dienstyd van die verpleegsters en beamptes genoem in subartikel (1) hiervan, verskuldig deur die Administrasie by die aanvang van hierdie Ordonnansie.
- (4) Enige bedrag betaal aan enige werknemer in terme van subparagraaf (ii) van die eerste voorberaadsbepaling by paragraaf (a) van subartikel (4) van artikel *negen-entwintig* hiervan, wat meer bedra as die salaris, of loon wat sou betaal gewees het ooreenkomstig die voorgeskrewe skaal, sal vir die doeleindes van die Pensioene-Ordonnansie nie geag word begrepe te wees in sy pensioendraende emolumente nie maar sal vir alle doeleindes beskou word as 'n persoonlike toelae waaraan geen pensioen verbonde is nie.

32. (1) Geen matrone, suster, stafverpleegster, hoofverpleegster of verantwoordelike verpleegster sal in funksie bly na die aanvang van hierdie Ordonnansie in verband met enige publieke hospitaal nie tensy geregistreer as 'n opgeleide verpleegster deur die Mediese Raad van 'n Provinsie van die Unie of deur enige wettige opvolger daarvan.

Sekere
beamptes
moet
geregistreer
word.

(2) Geen verloskundige sal na die aanvang van hierdie Ordonnansie in enige funksie bly in verband met enige publieke hospitaal nie, tensy geregistreer as 'n gesertifiseerde verloskundige deur die Mediese Raad van 'n Provinsie van die Unie of deur enige wettige opvolger daarvan.

(3) Geen bepaling in hierdie artikel vervat verhoed enige geregistreerde persoon wat enige funksie uitoefen as matrone, suster, hoofverpleegster, stafverpleegster, verantwoordelike verpleegster of verloskundige in verband met enige hospitaal onder 'n hospitaalkomitee voor die 1ste dag van Januarie een

Ord. No. 18
van 1928.

(c) Die skale van salarisse, lone en toelaes van krag by die aanvang van hierdie Ordonnansie ten opsigte van prowinsiale hospitale word geag die skale te wees asof voorgeskryf kragtens hierdie artikel totdat hulle verander word deur die Administrateur kragtens paragraaf (a) hiervan.

(d) Onverminderd enige bepaling hierin mag 'n werknemer se salaris of loon nie verlaag word onder die bedrag betaalbaar ooreenkomstig die skaal van toepassing op bedoelde werknemer en sal hy nie op 'n laer skaal geplaas word nie, uitgesonderd met goedkeuring van die Administrateur.

Spesiale
voorsienings
vir
pensioneerbare
beamptes.

30. Geen persoon wat by die aanvang van hierdie Ordonnansie bydra tot die pensioenfonds kragtens die bepalings van die eersvolgende artikel, sal uit sy betrekking ontslaan word of vermindering van salaris of besoldiging kry sonder sy toestemming nie tensy die toestemming van die Administrateur verkry is, met dien verstande, dat die bestuur enige sodanige persoon in sy betrekking kan skors of die besoldiging daaraan verbonde kan opskort, weëns totale onbekwaamheid, nalatigheid of wangedrag, in afwagting van die toestemming van die Administrateur tot sy ontslag, en in geval bedoelde toestemming verleen word, word bedoelde persoon geag uit sy betrekking ontslaan te wees vanaf die datum van bedoelde skorsing of sodanige later datum as die bestuur bepaal.

Pensioene.

31. (1) Die bepalings van die Pensioene-Ordonnansies bly van toepassing op elke hospitaal wat voor die aanvang van hierdie Ordonnansie 'n prowinsiale hospitaal was.

(2) Die Pensioene-Ordonnansies word en is hiermee toegepas respektieflik op die verpleegsters van elke ander publieke hospitaal en op die beamptes daarvan, wat sodanige betrekings bekleed as van tyd tot tyd deur die Administrateur voorgeskryf word, met dien verstande, dat orals waar die uitdrukking "vasgestelde datum" gebruik word in die Pensioene-Ordonnansie, dit, in die geval van die werknemers in hierdie subartikel genoem, beteken die eerste dag van April een duisend negehoonderd en negen-en-twintig, en verder met dien verstande, dat die bestuur bepaal watter tydperk van ewentuele vroeëre onafgebroke diens voor die vasgestelde datum, sodanige werknemer geregtig is om vir pensioendoeleindes te bereken.

bestuur sodanige salarisse, lone of ander besoldiginge betaal as die bestuur goeddink, onderworpe aan die bepalings van die eersvolgende subartikel.

(4) (a) Die Administrateur kan van tyd tot tyd, vir die doeleindes om die uitgawes van 'n bestuur goed te keur in terme van subartikel (1) van artikel *vyf-en-sestig* van hierdie Ordonnansie—

- (i) bepaal na oorleg met die raad wat die goedgekeurde staf van enige publieke hospitaal sal wees; en
- (ii) skale van salarisse, lone en toelaes voorskrywe van toepassing op die verskillende klasse werknemers van publieke hospitale wat in aanmerking kom vir lidmaatskap van 'n fonds in terme van die Pensioene-Ordonnansie en op hulle indiensneming deur besture, en die werknemers op wie sodanige skale van toepassing is sal salarisse, lone en toelaes betaal word ooreenkomstig bedoelde skale,

met dien verstande, dat, onderworpe aan die bepalings van subartikel (2) van artikel *vyf-en-sestig* van hierdie Ordonnansie, 'n bestuur—

- (i) na dit dienstig ag, sodanige werknemers buite die goedgekeurde staf mag benoem as deur die Administrateur bepaal word;
- (ii) aan 'n werknemer 'n hoër salaris of loon mag betaal as wat betaalbaar is ooreenkomstig die skaal van toepassing op bedoelde werknemers;
- (iii) enige werknemer spesiaal mag bevorder binne die skaal van toepassing op bedoelde werknemer;

verder met dien verstande, dat enige koste gemaak deur 'n bestuur in die uitoefening van sy bevoegdhede in terme van subparagrafe (i), (ii) of (iii) van die eerste voorbehoudsbepaling hiervan, tensy spesiaal goedgekeur deur die Administrateur, nie beskou sal word as goedgekeurde uitgawes vir die doeleindes van artikel *ag-en-vyftig* van hierdie Ordonnansie nie.

(b) Die salarisse, lone en toelaes betaal aan werknemers ten opsigte van wie geen skale voorgeskryf is nie, is dié goedgekeur deur die bestuur, tensy die Administrateur uitdruklik die betaling van ander salarisse, lone of toelaes goedkeur.

Ord. No. 18
van 1928.

—
Art. 29.

**Ord. No. 18
van 1928.**

kontrole van die bestuur, die algemene behandeling van die saak waarvoor die komitee ingestel is.

(2) 'n Komitee kan ingestel word vir elke hospitaal wanneer daar meer as een hospitaal onder 'n bestuur is en die honorêre besoekende dokters by elke sodanige hospitaal het die reg om 'n verteenwoordiger te benoem om sitting te neem op die komitee wat deur die bestuur ingestel is.

Handelinge en verrigtings van komitees moet aan die bestuur gerapporteer word.

27. Al die handelinge en verrigtinge van 'n komitee, benoem kragtens artikel *ses-entwintig* hiervan, word aan die bestuur gerapporteer en is, uitgenome vir so ver as die bestuur deur regulasie of besluit anders bepaal, nie van toepassing of van krag nie tensy goedkeur op 'n vergadering van die bestuur.

Verrigtings van bestuur en komitees moet volgens regulasies geskied.

28. (1) Die verrigtings van 'n bestuur en die verrigtings en bevoegdheede van elke komitee benoem kragtens artikel *ses-entwintig* hiervan, moet geskied volgens sodanige regulasies, nie in stryd met hierdie Ordonnansie nie, as wat van tyd tot tyd deur die bestuur gemaak word, met goedkeuring van die Administrateur.

(2) Van alle sodanige verrigtings moet behoorlike notule gehou word.

Benoeming van beamptes.

29. (1) 'n Bestuur kan van tyd tot tyd, onderworpe aan die bepalinge van hierdie Ordonnansie, 'n superintendent, sekretaris en sodanige ander beamptes, matrones, verpleegsters, oppassers en bediendes (hieronder werknemers genoem), benoem as hy nodig ag om behulpsaam te wees by die bestuur van enige publieke hospitaal onder sy kontrole of andersins by die toepassing van hierdie Ordonnansie, met dien verstande dat niemand wat 'n lid van 'n bestuur is of dit gedurende die voorafgaande ses maande was kragtens hierdie artikel benoem mag word nie.

(2) Iedereen in diens van 'n hospitaalkomitee by die aanvang van hierdie Ordonnansie word geag deur die bestuur benoem te wees kragtens, en vir die doeleindes van hierdie Ordonnansie.

(3) Alle persone benoem in terme van hierdie artikel, en alle persone in diens van 'n hospitaalkomitee wat deur die bestuur oorge- neem word, word uit die inkomste van die

by enige lid van die bestuur, of ophou 'n lid van die bestuur te wees, val sy amp as voorsitter daarvan oop, en die bestuur kies so gou moontlik daarna een van sy lede as voorsitter daarvan.

(4) Elke persoon as voorsitter van 'n bestuur gekies bly in funksie tot die verkiesing van sy opvolger, tensy sy amp vroeër oopval.

23. (1) Elke vergadering van die bestuur word deur die voorsitter, indien teenwoordig, gelei.

Voorsitter
lei die
vergaderings.

(2) As die voorsitter van enige vergadering afwesig is, of as daar op die tyd geen voorsitter is nie, kies die aanwesige lede, tensy daar 'n vise-voorsitter is, een van hulle om as voorsitter van daardie vergadering op te tree, en die lid wat gekies is besit op die vergadering dieselfde bevoegdhede asof hy die voorsitter van die bestuur was.

24. (1) Elke saak voor die bestuur word beslis deur 'n meerderheid van stemme van die teenwoordige lede.

Wyse van
beslissing
oor sake
voor die
bestuur.

(2) Die voorsitter het 'n beraadslaende stem en, in geval van staking van stemme, ook 'n beslissende stem.

(3) Geen sake word op enige vergadering behandel nie tensy minstens 'n kworum van lede daarop teenwoordig is gedurende die gehele tyd waarin die sake behandel word.

(4) 'n Kworum bestaan uit minstens een derde van die lede van die bestuur, met inbegrip van die voorsitter, met dien versande dat dit in geen geval uit minder as drie lede sal bestaan nie.

25. (1) Al die vergaderings van die bestuur is vir die publiek toeganklik, tensy dit tydens enige vergadering geag word dat enige onderwerp gepaster en beter privaat bespreek kan word, in watter geval die bestuur bevoeg is om in komitee te gaan en die publiek van die vergadering uit te sluit; en enige besluite deur die bestuur in komitee geneem is van net so veel krag as wanneer die bestuur dit nie in komitee aangeneem het nie.

Vergaderings
van die
bestuur
vir die
publiek
toeganklik.

26. (1) Vir die behandeling van enige saak wat val onder die bevoegdheid van 'n bestuur, kan die bestuur as en vir solank as hy dit dienstig ag, uit sy midde 'n komitee instel en in stand hou, en elke sodanige komitee het, onder

Bestuur kan
vaste
komitees
benoem.

Ord. No. 18
van 1928.

Ord. No. 18
van 1928.

(1) van artikel *ag* hiervan, en oor enige hospitaal of gedeelte van 'n hospitaal waarvan die kontrole en beheer daarvoor oorgedra is deur die Administrateur nadat dit aldus ingestel is, en oor enige hospitaal wat deur die bestuur ingestel is ooreenkomstig die bepalings van hierdie Ordonnansie.

(2) 'n Bestuur kan van tyd tot tyd met toestemming van die Administrateur 'n hospitaal oprig en bedoelde hospitaal staan na sodanige oprigting onder die kontrole en beheer van die bestuur, onderworpe aan die bepalings van hierdie Ordonnansie.

Vergaderings
van
bestuur.

21. (1) Die eerste vergadering van 'n bestuur ingestel kragtens hierdie Ordonnansie word gehou op sodanige tyd en plek as die Administrateur bepaal.

(2) Die gewone vergaderings van die bestuur word minstens eenmaal per maand gehou op sodanige tye en plekke as die bestuur van tyd tot tyd vasstel. Voor die hou van enige sodanige vergadering moet elke lid skriftelik in kennis gestel word met die sake wat daarop sal behandel word. Die toevallige versuim om bedoelde kennisgewing aan enige lid te stuur maak geen inbreuk op die geldigheid van enige vergadering nie.

(3) Die voorsitter kan op enige tyd, en moet op die skriftelike versoek van minstens een derde van die lede van die bestuur, 'n spesiale vergadering van die bestuur belê; met dien verstande dat die kennisgewing van enige spesiale vergadering die doel van die vergadering moet vermeld.

Benoeming
van
Voorsitter.

22. (1) Op die eerste vergadering van 'n bestuur na die aanvang van hierdie Ordonnansie, of so gou moontlik daarna, kies die Bestuur een van sy lede tot voorsitter daarvan, en as die bestuur dit wens, ook 'n vise-voorsitter.

(2) In die loop van die maand Maart en na die jaarlikse algemene vergadering van die bestuur, of so gou moontlik daarna, kies die bestuur in die jaar een duisend negehoonderd en dertig en elke volgende jaar een van sy lede tot voorsitter daarvan en, as die bestuur dit wens ook 'n vise-voorzitter.

(3) Wanneer die voorsitter van 'n bestuur skriftelik as sodanig sy bedanking instuur by die Sekretaris, of by gebreke van 'n Sekretaris,

applikasie van die bestuur van enige hospitaal anders as 'n hospitaal geklassifiseer deur die Administrateur as 'n sentrale hospitaal of as 'n eerstegraads hospitaal die Administrateur mag gelas dat die bepalings van paragraaf (h) van hierdie artikel nie van toepassing sal wees in die geval van sodanige hospitaal nie.

**Ord. No. 18
van 1928.**

17. (1) Wanneer 'n lid van 'n bestuur as sodanig aftree deur die toepassing van die vorige artikel, benoem die Administrateur, die honorêre besoekende dokter of die publieke liggaam, daartoe deur die Administrateur gemagtig (na gelang van omstandighede ooreenkomstig die oorspronklike wyse van benoeming van bedoelde lid), een of ander bevoegde persoon in sy plek.

Aanvulling
van toe-
vallige
vakatures.

(2) Wanneer 'n gekose lid aldus aftree sal die bestuur een of ander gekwalifiseerde persoon uit sy bydraers benoem om die vakature te vul.

(3) As bedoelde benoeming nie gemaak is binne twee maande na die ontstaan van die vakature nie, kan die Administrateur die een of ander bevoegde persoon benoem om die vakature aan te vul.

(4) Die lid benoem in terme van hierdie artikel is slegs in funksie gedurende die onverstreke ampstydperk van sy voorganger.

18. Die instelling van 'n bestuur en die geldigheid of wettigheid van handelinge verrig deur 'n bestuur word nie getref deur enige vergissing of onjuistheid by die verkiesing of benoeming van enige bestuurslid, of deur die feit dat die vol aantal lede nie gekies of benoem is, of deur die feit dat enige persoon wat as lid van die bestuur optree gediskwalifiseer is of sy setel ontruim het nie.

Handelinge
van besture
word nie
getref deur
die wyse
van
benoeming of
verkieping
nie.

19. Elke bestuur ingestel kragtens subartikel (1) van artikel *ag* van hierdie Ordonnansie word vir alle doeleindes geag die opvolger te wees van die hospitaalkomitee van die hospitaal of groep hospitale vir die kontrole en beheer waarvan bedoelde bestuur ingestel is.

Bestuur se
opvolgers op
hospitaal-
komitees.

HOOFSTUK III.

Bevoegdheids van Bestuur: Bestuur en Beheer.

20. (1) 'n Bestuur het ooreenkomstig hierdie Ordonnansie die kontrole en beheer oor die hospitaal, of groep hospitale, vir die beheer waarvan dié ingestel is kragtens subartikel

Kontrole
oor
hospitale
berus by
die bestuur.

**Ord. No. 18
van 1928.**

Wanneer die amp van 'n lid vakant word.

16. Die amp van enige lid van 'n bestuur val oop as hy:—

- (a) sterf; of
- (b) skriftelik sy bedanking instuur by die sekretaris of die voorsitter van die bestuur; of
- (c) insolvent word, of enige ooreenkoms maak met sy krediteure vir minder as twintig sielings in die pond, of sy boedel oormak ten behoeve van sy krediteure; of
- (d) swaksinnig word; of
- (e) op enige tyd veroordeel is weëns 'n oortreding waarvoor hy met gevangenisstraf met harde arbeid gestraf is; of
- (f) sonder verlof van drie agtereenvolgende gewone vergaderings van die bestuur afwesig is; of
- (g) enige winsgewende betrekking of pos beklee onder, of weg te gee deur, die Bestuur; of
- (h) betrokke is by, of belang het (uitgenome as lid van 'n maatskappy) by enige betaling vir goedere gelewer of vir dienste bewys aan die bestuur, of by enige kontrak deur die Bestuur gesluit, as die bedrag betrokke by enige sodanige betaling of kontrak meer as vyf pond bedra in die geval van 'n enkele betaling of kontrak, of tien pond tesame in enige kalenderjaar, in die geval van twee of meer betalings of kontrakte.

Met dien verstande egter, dat 'n belang by enige huurkontrak wat verleen is, of besluit is om verleen te word deur die bestuur, of op enige lening deur die raad gesluit, hetsy op sekuriteit of andersins, geen rede sal uitmaak vir verbeuring van 'n amp kragtens hierdie artikel nie.

En verder met dien verstande dat, as dit die Administrateur by applikasie deur die bestuur blyk, dat enige voorgenome aankoop of betaling vir dienste wat bewys sal word, of dat enige kontrak wat verleen sal word, wenslik en in die openbare belang sou wees, hy die bepaling van hierdie artikel ten opsigte van bedoelde aankoop, betaling of kontrak kan versag, en daarop sal die toekenning van bedoelde kontrak of die aankoop of betaling geen diskwalifikasie kragtens hierdie artikel uitmaak nie; en verder met dien verstande dat by

- (c) Iemand van wie die boedel in likwidasie is of oorgemaak is ten behoewe van sy krediteurs.
- (d) 'n Ongerehabiliteerde insolvente betaler.
- (e) Iemand wat op enige tyd veroordeel is weëns 'n oortreding waarvoor hy gestraf is met gevangenisstraf met harde arbeid, tensy hom gracie verleen is, of tensy sy tydperk van gevangenisstraf minstens drie jaar voor die datum van sy benoeming of verkiesing verstreke is.
- (f) Iemand wat enige winsgewende betrekking of amp beklee onder die bestuur of 'n betrekking waaroor deur die bestuur beslis.
- (g) Iemand wat betrokke is, of belang het by (uitgenome as 'n lid van 'n maatskappy) enige kontrak deur die bestuur gesluit, as die betaling wat ten opsigte van bedoelde kontrak gemaak is, of gemaak sal word, meer as vyf pond bedra in die geval van 'n enkel kontrak, of tesame tien pond in enige kalenderjaar in die geval van twee of meer kontrakte;

**Ord. No. 18
van 1928.**

Art. 15.

met dien verstande egter dat 'n reg op enige huurkontrak wat verleen is, of besluit is om verleen te word, aan of deur die bestuur, of op enige lening deur die bestuur gesluit, hetsy op sekuriteit of andersins, geen diskwalifikasie kragtens hierdie artikel uitmaak nie.

Verder met dien verstande, dat, as dit die Administrateur, by applikasie deur die Bestuur, blyk dat enige kontrak wat die bestuur verleen het of sal verleen, in die publieke belang gewens is, hy die bepaling van hierdie artikel met betrekking tot bedoelde kontrak kan versag, en daarop sal die verleen van bedoelde kontrak geen diskwalifikasie kragtens hierdie artikel uitmaak nie; en verder met dien verstande dat by applikasie van die bestuur van enige hospitaal anders as 'n hospitaal geklassifiseer deur die Administrateur as 'n sentrale hospitaal of as 'n eerste graads hospitaal die Administrateur mag gelas dat die bepaling van paragraaf (g) van hierdie subartikel nie van toepassing sal wees in die geval van sodanige hospitaal nie.

(2) Onderworpe aan die bepaling van hierdie artikel, kan enige blanke persoon, man of vrou, gekies of benoem word as lid van 'n bestuur.

Ord. No. 18
van 1928.

(3) Van die datum, tyd en plek van elke sodanige vergadering word aan bydraers kennis gegee per pos of deur advertensie in een of ander nuusblad wat plaaslik sirkuleer, of op beide maniere, na gelang die bestuur bepaal.

(4) Die verkiesing deur die bydraers op bedoelde vergadering van lede van 'n bestuur kragtens subartikel (2) (e) van artikel *nege* van hierdie Ordonnansie geskied ooreenkomstig regulasies wat deur die Administrateur gemaak en afgekondig word in die *Offisiële Koerant*.

(5) Elke hospitaalkomitee van 'n ondersteunde hospitaal benoem in die maand Desember een duisend negehonderd en agentwintig uit sodanige bydraers tot bedoelde hospitaal wat bydraers is binne die betekenis van hierdie Ordonnansie, een of meer lede soos vereis word deur die konstitusie van die bestuur, om as verkiesende lid of lede op die bestuur te fungeer tot die eerste jaarlikse algemene vergadering van bydraers kragtens hierdie artikel. As bedoelde komitee in gebreke bly om enige benoeming kragtens hierdie artikel te maak, word bedoelde lid of lede deur die Administrateur benoem.

(6) In die geval van 'n prowinsiale hospitaal benoem die Administrateur in die maand Desember een duisend negehonderd en agentwintig as lede van die bestuur wat ingestel moet word in terme van subartikel (1) van artikel *ag* hiervan, een of meer lede in plek van sodanige lede as wat vereis word deur die konstitusie van die bestuur wat gekies moet word deur bydraers en die aantal lede wat aldus benoem word bly in funksie tot die eerste jaarlikse algemene vergadering van bydraers kragtens hierdie artikel.

Lede kom in aanmerking vir herbenaeming of herverkiesing.

14. Elke lid, tensy sy ampstyd vroeër verstryk in terme van artikel 16 van hierdie Ordonnansie, bly in funksie tot die verkiesing of benoeming van sy opvolger ooreenkomstig hierdie Ordonnansie, maar kom vir herbenaeming of herverkiesing in aanmerking.

Diskwalifikasie van lede.

15. (1) Die volgende persone kom nie in aanmerking om as lede van 'n bestuur gekies of benoem te word of indien gekies of benoem, as sodanig in funksie te bly nie:—

(a) 'n Minderjarige.

(b) Iemand van swakke geesvermoëns, wat deur 'n bevoegde hof as sodanig verklaar is.

beginsels wat ten grondslag lê aan die bepalings van artikel *nege* om bedoelde bestuur te vorm vir die doeleinde van hierdie Ordonnansie en elke aldus genomineerde bestuur is bevoeg en word hiermee vereis om die bevoegdhede en gesag uit te oefen wat kragtens hierdie Ordonnansie verleen is aan die bestuur wat aldus ontbind is, met dien verstande dat elke genomineerde bestuur in funksie bly tot dit by proklamasie van die Administrateur in die *Offisiële Koerant* ontbind is en voor bedoelde ontbinding word 'n bestuur gekies of genomineer op sodanige datum as die Administrateur bekend maak en op 'n wyse soos in hierdie Ordonnansie bepaal is; verder met dien verstande dat die datum also deur die Administrateur bekend gemaak te word sal wees nie later as ses maande na die datum van die proklamasie waarby sodanige bestuur benoem word in terme van hierdie subartikel.

Ord. No. 18
van 1928.

12. (1) Die jaarlikse algemene vergadering van die bestuur word nie later as die vyftiende dag van Maart in elke jaar belê met die doel om

Jaarlikse
algemene
vergadering
van
bestuur.

(a) te ontvang en, indien goedgekeur, aan te neem die jaarverslag, geauditêre rekenings en balansstaat vir die voorafgaande jaar; en

(b) sodanige ander werksaamhede te behandel as wat behandel mag word op 'n jaarlikse algemene vergadering van die bestuur.

(2) Die eerste jaarlikse algemene vergadering van die bestuur word gehou in die jaar negentienhonderd en dertig.

(3) Daar moet sewe dae vooraf kennis gegee word van die plek en dag en uur van bedoelde vergadering.

13. (1) Die jaarlikse, algemene vergadering van bydraers word deur die bestuur belê om plaas te vind na die jaarlikse algemene vergadering van die bestuur, maar nie later as die vyftiende dag van Maart in die jaar een duisend negehonderd en dertig en elke volgende jaar nie, met die doel om die jaarverslag van die bestuur te ontvang en om verkiesbare lede van die bestuur te kies.

Jaarlikse
algemene
vergadering
van bydraers.

(2) Elke sodanige vergadering word gelei deur die voorsitter van die bestuur, of, in sy afwesigheid, deur 'n lid van die bestuur wat die bestuur daartoe aangewys het.

Ord. No. 18
van 1928.

lid vir 'n tydperk van slegs twee jaar en een lid vir 'n tydperk van slegs een jaar;

(e) daar ses lede aldus benoem is bly hulle in funksie gedurende 'n tydperk van drie jaar, uitgenome dat vanaf die aanvang van hierdie Ordonnansie twee lede benoem word vir 'n tydperk van slegs twee jaar en twee vir 'n tydperk van slegs een jaar.

(2) Die lede benoem kragtens die bepalings van paragraaf (d) van subartikkel (2) van artikel nege bly in funksie gedurende 'n tydperk van drie jaar, uitgenome dat vanaf die aanvang van hierdie Ordonnansie een van die lede benoem deur die Stadsraad van Johannesburg en die lid benoem deur die Johannesburgse Kamer van Koophandel, gedurende 'n tydperk van slegs twee jaar, en die lede benoem deur die Raad van die Uniwersiteit van Witwatersrand en deur die Transvaalse Landbou Unie gedurende slegs een jaar in funksie bly.

(3) Wat betref die lede gekies deur bydraers bly dié wat by die eerste verkiesing die grootste aantal stemme behaal, die langste in funksie.

(4) Waar meer as een lid deur enige liggaam benoem word, bepaal bedoelde liggaam watter lede wat aldus benoem is die langste in funksie bly.

(5) Die lede wat in enige jaar moet aftree kragtens die bepalings van hierdie artikel, bly nie in funksie, tensy herbenoem, na die jaarlikse algemene vergadering van die bestuur in daardie jaar, of, wat betref lede gekies deur bydraers, na die jaarlikse algemene vergadering van bydraers nie.

Bevoegdheid van die Administrateur om 'n voorlopige bestuur te benoem.

11. (1) As al die lede van 'n bestuur as sodanig aftree in terme van hierdie Ordonnansie, kan die Administrateur 'n voorlopige bestuur benoem om die werksaamhede van 'n bestuur kragtens hierdie Ordonnansie te verrig tot die benoeming en verkiesing van 'n bestuur soos hierbove bepaal.

(2) As enige bestuur op enige tyd versuim om 'n vergadering te hou gedurende die tyd van negentig dae, kan die Administrateur so 'n bestuur ontbind en by proklamasie in die *Offisiële Koerant* sodanige getal geskikte en behoorlike persone nomineer en benoem as hy uitkies, met behoorlike inagnome van die

bedoelde bestuur—word, onderworpe aan die bepalings van subartikel (6) van artikel *dertien* hiervan, gekies deur die geregistreeerde bydraers uit hulle midde, op die gewone jaarlikse algemene vergadering van bedoelde bydraers, wat gehou word soos hieronder bepaal, mits hulle gedurende die voorafgaande jaar vir elke lid wat aldus gekies is, 'n bedrag gelyk aan 'n halwe persent van die uitgawes van die bestuur bygedra het tot die fonds van die bestuur. As bedoelde bydraers nie in staat is nie, of versuim, of in gebreke bly, of weier om lede kragtens hierdie artikel te kies, is dit wettig vir die orige lede van die bestuur om sodanige persone as lede van die bestuur te kies as wat tesame met enige lid benoem of gekies soos hierbo bepaal is, die lede van die bestuur voltallig maak, met dien verstande, dat bedoelde lede wat deur die orige lede gekies word, as sodanig aftree op die eersvolgende jaarlikse algemene vergadering van bydraers.

Ord. No. 18
van 1928.

10. (1) Wanneer kragtens die bepalings van artikel *nege* hiervan— Aftreding
van Lede.

- (a) die getal persone benoem of gekies deur enige benoemende of kiesende liggaam, hoogstens een bedra, bly bedoelde lid in funksie gedurende een jaar, uitgenome die lid benoem kragtens paragraaf (c) van subartikel (2) van genoemde artikel wat in funksie bly gedurende 'n tydperk van drie jaar;
- (b) daar twee lede aldus benoem of gekies is bly hulle in funksie gedurende 'n tydperk van twee jaar, uitgenome, dat vanaf die aanvang van hierdie Ordonnansie een lid benoem of gekies word vir slegs een jaar;
- (c) daar drie lede aldus benoem of gekies is bly hulle in funksie gedurende 'n tydperk van drie jaar, uitgenome, dat vanaf die aanvang van hierdie Ordonnansie een lid benoem of gekies word vir 'n tydperk van slegs twee jaar en een vir 'n tydperk van slegs een jaar;
- (d) daar vier lede aldus benoem of gekies is bly hulle in funksie gedurende 'n tydperk van vier jaar, uitgesonderd dat vanaf die aanvang van hierdie Ordonnansie een lid benoem of gekies word vir 'n tydperk van slegs drie jaar, een

Ord. No. 18
van 1928.

Art. 9.

bestuur ses of twaalf is, behalwe dat die bestuur van die Johannesburgse Hospitaal uit agtien lede bestaan.

(2) (a) Een derde van die lede van 'n bestuur word deur die Administrateur benoem uit persone wat sodanige kwalifikasies besit as volgens die opinie van die Administrateur nodig of dienstig is in verband met finansies of besigheid of die een of ander vorm van hospitaal-administrasie en werk of wat ervaring het as opgeleide verpleger of verpleegster.

(b) Een sesde van die bestuur word benoem deur die honorêre besoekende dokters, met dien verstande dat, waar daar nie sodanige dokters is nie, bedoelde lede van die bestuur benoem word deur die Administrateur, maar hulle bly nie in funksie gedurende langer as drie jaar of na die benoeming van een of meer van bedoelde dokters nie.

(c) Behoudens wat in die volgende paragraaf bepaal word, word een sesde van die lede van die bestuur benoem deur sodanige publieke liggame as deur die Administrateur goedgekeur word, uit persone gekwalifiseerd en voorgeskryf soos in paragraaf (a) hiervan.

(d) In die geval van die Bestuur van die Johannesburgse Hospitaal, waarop die bepaling van paragraaf (c) hiervan nie van toepassing is nie, word die volgende as lede van bedoelde bestuur benoem, buite en behalwe die lede benoem kragtens paragraawe (a) en (b) hiervan—

- (i) twee lede benoem deur die Stadsraad van Johannesburg, met dien verstande dat bedoelde lede geen raadslede hoef te wees nie;
- (ii) een lid benoem deur die Transvaalse Kamer van Mynwese;
- (iii) een lid benoem deur die Johannesburgse Kamer van Koophandel;
- (iv) een lid benoem deur die Raad van die Universiteit van Witwatersrand;
- (v) een lid benoem deur die Transvaalse Landbou Unie;

met dien verstande dat, as enige sodanige liggame weier of in gebreke bly om kragtens hierdie artikel 'n benoeming te maak, die Administrateur bedoelde benoeming maak.

(e) Een derde van die lede van 'n bestuur— en in die geval van die bestuur van die Johannesburgse Hospitaal een sesde van die lede van

Ord. No. 18
van 1928.

- sake of dinge wat nodig mag wees in verband met enige sodanige oordrag;
- (c) in die geval van 'n hospitaal of 'n gedeelte van 'n hospitaal waarvoor geen bestuur ingestel is kragtens hierdie artikel nie, na oorleg met die beherende liggaam of komitee daarvan, sodanige hospitaal of 'n gedeelte van 'n hospitaal onder die kontrole en beheer stel van 'n bestuur wat aldus ingestel is.
- (d) in die geval van enige hospitaal geleë buite die grense van 'n munisipaliteit vir die beheer en bestuur waarvan by hom 'n applikasie gemaak is vir die instelling van 'n bestuur kragtens hierdie klousule, en nadat bedoelde applikasie na die raad verwys is, 'n bestuur vir sodanige hospitaal instel op sodanige manier as hy raadsaam ag en kan in sodanige proklamasie die samestelling, die getal lede en die kwalifikasies vir lidmaatskap voorskrywe, en die bepalings van artikels *nege* tot en met *sewentien* van hierdie Ordonnansie sal nie van toepassing wees op enige bestuur ingestel in terme van hierdie paragraaf nie.

(3) Elke bestuur ingestel soos voormeld is onder die naam van die Hospitaalbestuur vanelk en onderskeidelik 'n ingekorporeerde liggaam met ewigdurende opvolging en is onder die naam regtens in staat om geregtelik te vervolg of geregtelik vervolgt te word, om eiendom en vervreembare land te koop, en oor die algemeen sodanige dae en dinge te doen as ingekorporeerde liggeme regtens mag doen en verrig, onderworpe aan die bepalings van hierdie Ordonnansie en enige ander wet.

(4) Elke sodanige bestuur kan geregtelik vervolgt en geregtelik vervolgt word in die naam van die persoon wat op daardie tyd voorsitter van die bestuur is.

(5) Die lede van elke hospitaalkomitee wat aldus ingestel is as 'n bestuur, sal as sodanig aftree by die aanvang van hierdie Ordonnansie.

9. (1) Die Administrateur kan van tyd tot tyd die getal lede van enige bestuur vermeerder of verminder en elke sodanige vermeerdering of vermindering word by proklamasie in die *Offisiële Koerant* bekend gemaak, met dien verstande dat die getal lede vir enige

Benoeming
van
Lede.

Ord. No. 18
van 1928.

HOOFSTUK II.

Samestelling en Inkorporasie.

Voorlopige
hospitaal-
komitees.

6. (1) Die Administrateur kan van tyd tot tyd 'n voorlopige hospitaalkomitee instel vir enige gebied waar volgens sy oortuiging geen toereikende hospitaal-fasiliteite bestaan nie.

(2) Dit is die plig van so'n komitee wanneer dit ingestel is om die Administrateur sodanige inligtings te gee as hy van tyd tot tyd mag nodig hê om die hospitaal-vereistes in so'n gebied uit te vind en in hoever die bewoners daarvan bereid is om finansiële of ander ondersteuning te verleen tot die koste om aan bedoelde vereistes te voldoen.

(3) As die Administrateur daartoe magtiging verleen het kan die voorlopige hospitaalkomitee benoem kragtens subartikel (1) hiervan, fondse insamel tot die stigting van 'n hospitaal vir bedoelde gebied en kan waarborge verkry vir die verskaffing van bedoelde fondse.

Bevoegdheid
van die
Admini-
strateur om
magtiging
te verleen
vir die
stigting van
'n hospitaal.

7. As die Administrateur oortuig is dat 'n hospitaal vereis word vir enige gebied wat nie voldoende gebaat kan word deur 'n bestaande publieke hospitaal nie en dat die bewoners van so'n gebied in staat en bereid is om sodanige finansiële voorsiening te maak as hy voldoende ag tot die koste van stigting en onderhoud van sodanige hospitaal, kan hy magtiging verleen vir die stigting van 'n hospitaal vir bedoelde gebied en stel hy daarvoor 'n bestuur same kragtens die bepalings van hierdie Ordonnansie.

Instelling
van
besture.

8. (1) Die hospitaalkomitee genoem in die eerste bylae van hierdie Ordonnansie word en is hiermee ingestel as besture vir die beheer in elke geval van die hospitaal of groep hospitale wat by die aanvang van hierdie Ordonnansie deur bedoelde komitees beheer word.

(2) Die Administrateur kan van tyd tot tyd by proklamasie in die offisiële koerant

(a) 'n bestuur samestel vir enige hospitaal en kan so'n bestuur 'n naam gee;

(b) enige hospitaal of hospitale oordra van die beheer van 'n bestuur wat die beheer oor 'n groep hospitale het, na die kontrole en beheer van 'n ander bestuur of daarvoor 'n afsonderlike bestuur instel en aan bedoelde bestuur 'n naam gee en enige aanwysings gee betreffende enige

in, of kennis van, die een of ander spesiale vorm van hospitaal-administrasie of van finansiële beheer met die doel om die Administrateur van advies te dien oor sake deur hom na die raad verwys in verband met die toepassing van hierdie Ordonnansie.

Ord. No. 18
van 1928.

—
Art. 4.

(2) Minstens een, en hoogstens twee, lede van die raad moet geregistreerde geneeskundiges wees en hoogstens twee lede sal lede van die staatsdiens wees.

(3) 'n Vergadering van die raad word van tyd tot tyd op sodanige datum, tyd en plaas belê as die Administrateur bepaal.

(4) Aan die lede van die raad word sodanige fooi betaal vir elke dag van aanwesigheid op sodanige vergadering as die Administrateur goedkeur.

(5) Die lede van die raad bly in funksie gedurende 'n tydperk van drie jaar, maar kom vir herbenoeming in aanmerking.

(6) As 'n toevallige vakature ontstaan in die raad dan kan die Administrateur iemand anders as lid van die raad benoem gedurende die onverstreke ampstyd van sy voorganger.

(7) Die Administrateur kan enige persoon in diens van die Administrasie as Sekretaris van die Raad benoem.

5. (1) So gou moontlik na die aanvang van hierdie Ordonnansie, of in die geval van 'n nuwe publieke hospitaal, so gou moontlik na die stigting daarvan, sal die Administrateur ieder publieke hospitaal vir die doeleindes van hierdie Ordonnansie klassifiseer as 'n:

Klassifikasie
van
hospitale.

- (a) Sentrale Hospitaal;
- (b) Eerstegraads Hospitaal;
- (c) Twedegraads Hospitaal;
- (d) Eersteklas Oorgangshospitaal; of
- (e) Twedeklas Oorgangshospitaal;

en sal bedoelde klassifikasie bekendmaak deur kennisgewing in die *Offisiële Koerant*.

(2) Die Administrateur kan van tyd tot tyd na oorleg met die bestuur, en na verwysing na die raad, die klassifikasie van enige publieke hospitaal verander en elke sodanige verandering word op dieselfde wyse soos voormeld gepubliseer.

Ord. No. 18
van 1928.

van 'n inrigting wat spesiaal bestem is vir die verskaffing van geneeskundige en heelkundige behandeling maar beheer word as gedeelte van 'n inrigting wat vir sodanige doel bestem is en sluit verder in enige ander inrigting verbonde aan, of tot hulp van 'n hospitaal, ongeag of dit binne of buite die grense daarvan geleë is.

“ Hospitaalkomitee,” enige bestuur of komitee van beheer van enige Prowinsiale hospitaal of ondersteunde hospitaal.

“ Hulp binnenshuis,” hulp verleen aan enige persoon binne die gebied van 'n publieke hospitaal.

“ Plaaslike bestuur,” enige stadsraad of dorpsraad ingestel kragtens die Plaaslik Bestuur Ordonnansie, 1926, of enige wysiging daarvan.

“ Munisipaliteit,” die gebied of distrik gestel onder die beheer en regsmag van 'n plaaslike bestuur.

“ Pensioene-Ordonnansies,” die Transvaalse Hospitaalverpleegsters Pensioeneordonnansie 1919 en enige wysiging daarvan, en die Transvaalse Hospitaal- en Skoolraadbeampies Pensioene-Ordonnansie, 1927, en enige wysiging daarvan.

“ Prowinsiale hospitaal,” 'n hospitaal in stand gehou deur die Administrasie uit die Prowinsiale inkomste voor die aanvang van hierdie Ordonnansie.

“ Publieke hospitaal,” 'n hospitaal of gedeelte van 'n hospitaal of groep hospitale wat geplaas is onder die kontrole en beheer van 'n bestuur.

“ Hulp ” sluit in onderhoud en elke vorm van geneeskundige of heelkundige hulp of verpleging verskaf deur 'n bestuur in die uitoefening van sy bevoegdheid aan enige persoon in verband met enige publieke hospitaal.

Uitsonderinge.

3. (1) Die bepalinge van hierdie Ordonnansie is nie van toepassing op enige hospitaal direk gekontroleer of onderhou deur die Unieregering of deur 'n Plaaslike Bestuur nie.

Adviserende Raad.

4. (1) So gou moontlik na die promulgasie van hierdie Ordonnansie, benoem die Administrateur 'n Adviserende Raad bestaande uit 'n voorsitter en nie minder as twee, en nie meer as vier andere lede nie, wat alger ervaring het

- “Ondersteunde hospitaal,” ’n hospitaal wat subsidies ontvang het van die Administrasie voor die aanvang van hierdie Ordonnansie.
- “Bestuur,” ’n hospitaalbestuur ingestel kragtens artikel *ag* van hierdie Ordonnansie.
- “Aanvang van hierdie Ordonnansie,” die datum waarop hierdie Ordonnansie in werking getree het.
- “Bydraer,” ten opsigte van ’n vergadering van bydraers tot enige publieke hospitaal, enige persoon wat op enige tyd in een skenking ’n som van minstens tien pond bygedra het tot die fonds van die bestuur van sodanige publieke hospitaal of van enige hospitaalkomitee wat op enige tyd so’n hospitaal beheer het, of wat gedurende die kalenderjaar aan so’n vergadering voorafgaande, ’n subskripsie van minstens een pond in die geval van publieke hospitale geklassifiseer deur die Administrateur as sentrale of eerste graads hospitale; en in die geval van enige andere publieke hospitale tien sielings betaal het aan die fondse van die bestuur van sodanige publieke hospitaal, hetsy bedoelde subskripsie deur homself bygedra of uit andere bronne gekollekteer is.
- “Raad,” die adviserende raad benoem kragtens artikel *vier* hiervan.
- “*Offisiële Koerant*,” die offisiële koerante van die Provinsie Transvaal.
- “Honorêre Besoekende Dokter” beteken ’n geregistreerde genees- of tandheerkundige, wat, onderworpe aan die goedkeuring van ’n bestuur, enige genees- of tandheerkundige betrekking by ’n publieke hospitaal beklee en geen salaris, fooie of ander betaling van bedoelde bestuur ontvang vir die professionele dienste deur hom verleen in verband met sodanige betrekking nie.
- “Hospitaal,” enige instelling, perseel of plek waar aan persone geneeskundige of heelkundige hulp en genesende behandeling verleen word en sluit in of ’n herstellingsoord, of ’n kraaminrigting, of ’n inrigting vir die verpleging van persone wat sodanige behandeling nodig het buite die grense

Ord. No. 18
van 1928.

—
Art. 2

**Ord. No. 17
van 1928.**

By die metode van konstruksie beskrywe as deurdringing moet die oppervlakte bestaan uit gebroke klippe waaroor, nadat hulle versprei is oor die fondament van die pad verhitte aardpik of asfalt moet gegiet of aangebring word ooreenkomstig spesifikasies wat goedgekeur sal word.

By die metode van konstruksie beskrywe as "verhitte mengsel" sal die oppervlakte bestaan uit gebroke klip wat, voor dit oor die fondament van die pad versprei word, vermeng is met verhitte aardpik of asfalt ooreenkomstig spesifikasies wat goedgekeur sal word. Nadat die aldus toebeide klip versprei is oor die fondament van die pad, sal verhitte aardpik of asfalt daaroor gegiet of aangebring word ooreenkomstig spesifikasies wat goedgekeur sal word.

**Ord. No. 18
van 1928.**

'N ORDONNANSIE

Om voorsiening te maak vir die stigting, onderhoud en bestuur van Publieke Hospitale.

(Goedgekeur 2 Augustus 1928.)

(Datum van inwerkingtreding, 1 Januarie 1929.)*

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

DIT WORD BEPAAL deur die Prowinsiale Raad van Transvaal as volg:—

HOOFSTUK I.

Inleiding.

Aanvang
van
Ordonnansie.

1. Hierdie Ordonnansie tree in werking op die eerste dag van Januarie, negentienhonderd negen-en-twintig, behalwe dat al die verkiesings, benoemings, proklamasies, kennisgewings of regulasies, vereis of gemagtig deur hierdie Ordonnansie, gehou, gemaak of uitgevaardig mag word op enige tyd na die afkondiging hiervan vir sover as dit nodig of dienstig mag wees met die doel om hierdie Ordonnansie in werking te stel.

Omskrywings.

2. As dit nie in stryd met die samehang daarvan is nie beteken in hierdie Ordonnansie:—

“Administrasie,” die Transvaalse Prowinsiale Administrasie.

“Administrateur,” die amptenaar benoem kragtens subartikel (1) van artikel *ag-en-sestig* van die Suid-Afrika Wet, 1909, of enige wysiging daarvan, wat handel op advies en met konsent van die Uitvoerende Komitee van die Prowinsie.

* Artikel 1.

Twede Bylae.

SKEDULE VAN GERAAMDE KOSTE.

1.	2.	3.	4.	5.	6.	7.	
	Wyse van Konstruksie.	Lengte. (Myle.)	Breedte. (Voete.)	Gebied. (Vk. Jrts.)	Geraamde Koste per Vk. Jrt.	Koste van Konstruksie.	Jaarlikse Onderhoud met inbegrip van Buiswerings, Afvoerslote, Duikers, ens., teen 2d. per Vk. Jrt. per Jaar.
Driemyl-paal, Wes-Rand na Prince's Avenue, Benoni (Wes-End).....	Verhitte mengsel.	21	27	332,640	s. d. 8 9	£ 145,530	£ 2,770
Randfontein Stadsgebied (Noord-Oostelike End) na Driemyl-paal (Wes-Rand), en van Wes-End van Prince's Avenue, Benoni, na Geduld Stadsgebied uitlopende in 'n punt naby die Agentwintig-myl-paal.....	Deurdringing.	35	21	431,200	0 10	147,327	3,590
TOTAAL.....	—	56	—	763,840	—	292,857	6,360

Ord. No. 17 Herroeping. **20.** Artikels *drie-en-veertig*, *vier-en-veertig* van 1928. en *ses-en-veertig* van die Plaaslike Besture Weë-Ordonnansie No. 44 van 1904 word en is hiermee herroep.

Korte tiétel. **21.** Hierdie Ordonnansie mag vir alle doeleindes aangehaal word as die Hoofrif Pad Ordonnansie, 1928, en sal in werking tree op 'n datum wat die Administrateur sal vasstel deur Proklamasie in die *Provinsiale Koerant*.

Eerste Bylae.

OMSKRYWING VAN DIE HOOFRIFPAD.

Beginnende by Sesdestraat van die Randfontein-dorpsgebied oor die plase Randfontein No. 3, Uitvalfontein No. 2, Rietvallei No. 113 en Luipaardsvlei No. 8 tot Monumentstraat, Krugersdorp—L.G. diagram A.2399/09; daarna deur die dorp Krugersdorp langs Monumentstraat, Commissionerstraat en Coronation Road; daarna soos per L.G. diagram No. A.2399/09 oor die plase Paardeplaats No. 72, Luipaardsvlei No. 8, Mooigelegen No. 92, Witpoortjie No. 44; daarna oor Roodepoort No. 43, deur die dorp Roodepoort langs die Grootpad en Dumatstraat; daarna na die oostelike grens van Roodepoort No. 43 soos omskrywe deur nie-goedgekeurde diagram L.G. No. A.2324/17; daarna volgens diagram L.G. No. A.4235/10 oor die plase Vogelstruisfontein No. 62, Paardekraal No. 42 en Langlaagte No. 13 na pen en M.R.R. No. 28 soos per diagram L.G. No. A.4236/10; daarna soos per diagram L.G. No. A.4237/10 oor die plase Langlaagte No. 13 en Turffontein No. 21 na M.R.R. No. 1 op Commissionerstraat, Johannesburg; daarna deur die stad Johannesburg en voorstede langs Commissionerstraat, Bettystraat, Marshallstraat en Maddisonstraat na pen M.R.R. No. 3; daarna soos per diagram No. 5364/10 oor die plaas Doornfontein No. 24 na pen M.R.R. No. 34; daarna deur Elandsfontein No. 11 soos per diagram L.G. No. A.8365/10 na pen en M.R.R. E.; No. 62½ daarna deur Driefontein No. 12 Driefontein No. 1 na Cason Road, Boksburg Noord, soos per diagram No. L.G. A.5366/10; daarna langs Cason Road deur die dorpsgebied Boksburg, uit die Cason Road en gaande oor Klipfontein No. 6 soos per diagram L.G. No. A.2865/10 nie goedgekeur nie; daarna oor Kleinfontein No. 2 na Market Avenue, Benoni, en langs Market Avenue, Benoni, oor die plase Kleinfontein No. 2, Benoni No. 3 en Modderfontein No. 6 soos per diagram L.G. No. A.1214/13; daarna oor die plaas Geduld No. 4 na die stadgebied Geduld soos per diagram L.G. No. A.760/13.

16. (1) Die Administrasie sal verantwoordelik wees vir die aanbring en onderhoud van alle stormwater afvoer binne die grense van die pad tenopsigte van sodanige gedeelte van die pad wat gaan deur gebiede uitgenome dorpsgebiede; mits dat die plek vir en konstruksie van enige duiker wat water afvoer van die pad ander as 'n duiker of waterleiding wat bestaan op die datum van die inwerkingtreding van hierdie Ordonnansie onderwerp sal wees aan die instemming van die plaaslike outoriteit in wie se jurisdiksiegebied sulke duiker of waterleiding aangelê word.

Stormwater
Afvoer.

Ord. No. 17
van 1928.

(2) 'n Plaaslike bestuur sal verantwoordelik wees vir die aanbring en onderhoud van alle stormwater afvoerslote binne die grense van die pad ten opsigte van sodanige gedeelte of gedeeltes van die pad wat gaan deur dorpsgebiede binne die regsgebied van bedoelde plaaslike bestuur.

(3) Enige koste gemaak in terme van subartikels (1) en (2) van hierdie artikel in verband met die aanbring en onderhoud van stormwater-afvoerslote, sal geag word uitgawes te wees in verband met respektieflik die ombou en onderhoud van die gedeelte of gedeeltes van die betrokke pad.

17. 'n Plaaslike bestuur sal verantwoordelik wees vir die afvoer van alle stormwater wat uit die pad stroom op enige punt binne sy regsgebied, en vir enige koste gemaak in verband met sodanige afvoer.

Afvoer van
Stormwater.

18. Die bydraes verskuldig deur 'n plaaslike bestuur in terme van artikel *ag* van hierdie Ordonnansie sal 'n skuld wees wat betaal moet word aan die Administrateur, en hy kan die plaaslike bestuur daarvoor in regte aanspreek in enige hof van bevoegde regsmag wanneer die betaalbaar is. Bedoelde bydraes sal op vordering betaalbaar wees en sal in enige geval betaal word nie later as een maand nadat sodanige vordering gestel is nie.

Bydraes deur
plaaslike
besture sal 'n
skuld wees
wat aan die
Administrateur
betaal
moet word.

19. Artikel *twee-en-sestig* van die Plaaslike Bestuur Ordonnansie 1926, word en is hiermee gewysig deur daarin te skrap die woorde:—

Wysiging
van artikel
62 van die
Plaaslike
Bestuur Or-
donnansie
1926.

“ Mits dat niks hierin vervat enige van die Munisipaliteite waardeur die hoofrieffeg loop aanspreeklik sal stel vir sy aanleg of onderhoud nie.”

Ord. No. 17
van 1928.

bedra as 'n bedrag bereken ooreenkomstig die tariewe aangegee in genoemde bylae vir die wyse van aanleg van toepassing op sodanige gedeelte of gedeeltes nie.

Onderhouds-
toelaes aan
plaaslike
besture.

14. (1) Die Administrateur sal toelaes verleen aan plaaslike besture bereken teen twee dubbeltjies per vierkante jaart per jaar ten opsigte van die gedeelte of gedeeltes van die pad wat gaan deur dorpsgebiede binne hulle respektiewe regsgebiede en sodanige toelaes sal bestee word aan die onderhoud van sodanige gedeelte of gedeeltes van die pad en vir geen ander doel nie, met dien verstande dat 'n plaaslike bestuur nie vereis sal word om die gehele of enige gedeelte van sodanige toelaes te bestee binne die finansiële jaar waarin hulle verleen word nie, en verder met dien verstande dat, wanneer 'n plaaslike bestuur nie die gehele of enige gedeelte van sodanige toelaes uitgee binne bogenoemde finansiële jaar nie, die Administrateur van die plaaslike bestuur kan eis om sodanige werk aan die onderhoud van enige sodanige gedeelte of gedeeltes van die pad, soos hierboue vermeld, te onderneem wat hy nodig mag ag, totaan die grense van die bedrag van die toelae of toelaes wat bedoelde plaaslike bestuur beskikbaar mag hê. Sodanige toelaes sal vir die doeleindes van artiekels *ag* en *nege* van hierdie Ordonnansie geag word uitgawes te wees vir die onderhoud van die pad gedurende die finansiële jaar waarin hulle deur die Administrateur verleen word.

(2) Vir die doeleindes om die toelaes betaalbaar kragtens hierdie artikel vas te stel, sal die breedte van die gedeelte of gedeeltes van die betrokke pad geag word die breedte te wees aangegee in die tweede bylae van hierdie Ordonnansie as toepaslik op sodanige gedeelte of gedeeltes in elke geval.

Oorgangs-
bepaling.

15. In afwagting van die ombou van enige gedeelte van die pad wat gaan deur 'n gebied wat geen dorpsgebied is nie, sal die Administrasie vir so ver die finansies dit toelaat, verantwoordelik wees vir die onderhoud van sulke gedeelte en die koste van sulk onderhoud sal belas word op die Prowinsiale Inkomstefonds nieteenstaande enigiets daarmee in stryd in hierdie Ordonnansie.

11. 'n Plaaslike bestuur wat wens om enige gedeelte of gedeeltes van die pad wat gaan deur 'n stadsgebied binne sy regsgebied, om te bou, moet applikasie maak by die Administrateur vir magtiging om met sodanige werk van ombou aan te gaan, en moet sodanige inligtings verskaf as hy mag nodig hê betreffende die aard van die voorgenome werk en die manier waarop dit uitgevoer sal word. Bedoelde plaaslike bestuur sal nie met sodanige werk aangaan voor dit die magtiging van die Administrateur daartoe ontvang het nie.

Administrateur se magtiging vir ombou in stadsgebiede word vereis.

Ord. No. 17 van 1928.

12. In enige geval waar volgens die opinie van die Administrateur die ombou van enige gedeelte van die pad binne enige stadsgebied nodig is, sal die plaaslike bestuur in wie se regsgebied sodanige gedeelte geleë is, as die Administrateur dit verlang, sodanige gedeelte ombou op die wyse voorgeskryf in die tweede bylae by hierdie Ordonnansie.

Bevoegdheid van die Administrateur ten opsigte van ombou in sekere omstandighede.

13. Wanneer 'n plaaslike bestuur enige koste gemaak het vir die ombou van 'n gedeelte of gedeeltes van die pad wat gaan deur 'n dorpsgebied binne sy regsgebied, sal die Administrateur sodanige koste aan bedoelde plaaslike bestuur terugbetaal uit die fondse genoem in subartikel (2) van artikel *ses* hiervan, na oorlegging deur bedoelde plaaslike bestuur van die nodige kwitansies en bewyse ten opsigte van sodanige koste en van 'n sertifikaat geteken deur 'n amptenaar wat die Administrateur behoorlik vir die doel benoem het, waaruit blyk dat die werk bevredigend verrig is, met dien verstande dat:—

Terugbetaalings aan plaaslike besture.

- (1) Telkens wanneer die betrokke gedeelte of gedeeltes her-aangelê is volgens 'n wyse van aanleg wat deur die Administrateur goedgekeur is in terme van subartikel (5) van artikel *ses* hiervan, die bedrag van sodanige terugbetaling nie meer sal bedra as die bedrag wat van te vore ooreengekom is tussen die Administrateur en die betrokke plaaslike bestuur as die koste van ombou van sodanige gedeelte of gedeeltes ooreenkomstig die wyse aangegee in die tweede bylae van hierdie Ordonnansie as van toepassing op sodanige gedeelte of gedeeltes.

- (2) Geen terugbetaling gemaak kragtens hierdie artikel in enige geval meer sal

Ord. No. 17
van 1928.

van die pad wat binne sy regsgebied val, en sodanige koste word bereken op die basis van die gemiddelde koste van ombou van die pad langs sy gehele lengte.

(3) Waar enige plaaslike bestuur (hieronder die nuwe plaaslike bestuur genoem) hierna ingestel word vir enige gebied wat afgesny is van 'n munisipaliteit (waarvan dit 'n oorspronklike deel uitgemaak het) onder 'n plaaslike bestuur wat bestaan het op die datum waarop hierdie Ordonnansie (hieronder die oorspronklike plaaslike bestuur genoem) in werking getree het, sal die bydraes betaalbaar deur die nuwe plaaslike bestuur en deur die oorspronklike bestuur tot aan die end van die finansiële jaar wat volg op dié waarin die nuwe plaaslike bestuur as sodanig ingestel is, vasgestel word deur die Administrateur, wat by so 'n vasstelling soveel moontlik die beginsel sal toepas wat tot grondslag lê aan subartikel (2) hiervan, met dien verstande, dat die bydraes betaalbaar vir enige finansiële jaar deur die nuwe plaaslike bestuur en die oorspronklike plaaslike bestuur tesaam geneem, nie meer sal bedra as die bydrae wat betaalbaar sou gewees het deur die oorspronklike plaaslike bestuur vir bedoelde finansiële jaar in terme van subartikel (2) hiervan as die nuwe plaaslike bestuur nie aldus ingestel was nie.

Verder koste op rekening van die Prowinsiale inkomstefonds.

9. Die verskil tussen die totale koste gemaak gedurende enige finansiële jaar ten opsigte van—

(a) rente en aflossingskoste op die lening of lenings wat gesluit sal word in terme van subartikel (2) van artikel ses hiervan; en

(b) die onderhoud van die pad;

en die bydraes betaalbaar deur die plaaslike besture in terme van die vorige artikel, sal in rekening gebring word teen die Prowinsiale Inkomstefonds.

Verantwoordelikheid vir die uitvoering van die werk.

10. (1) Die werk van ombou en onderhoud van sodanige gedeelte of gedeeltes van die pad wat deur stadsgebiede gaan, sal in elke geval uitgevoer word deur die plaaslike bestuur in wie se regsgebied bedoelde stadsgebied geleë is.

(2) Die werk van ombou en onderhoud van die pad, uitgenome van sodanige gedeelte of gedeeltes daarvan wat genoem word in subartikel (1) hiervan, sal, onderworpe aan die bepalinge van artikel *sewentien* hiervan, uitgevoer word deur die Administrasie.

7. Die gelde wat verskaf moet word tot dekking van—

- (i) rente en aflossingskoste op die lenings wat gesluit sal word in terme van subartikel (2) van artikel *ses* hiervan;
- (ii) uitgawes aan die onderhoud van die pad;

sal in rekening gebring word teen die Prowinsiale Inkomstefonds en die inkomste van die plaaslike besture deur wie se regsgebiede die pad gaan, op die manier soos hieronder voorgeskryf is.

Benodigde gelde moet in rekening gebring word teen die Prowinsiale Inkomstefonds en inkomste van plaaslike besture.

Ord. No. 17 van 1928.

8. (1) Behoudens soos bepaal is in artikel *vyftien* hiervan, sal die plaaslike besture deur wie se regsgebiede die pad gaan, onderworpe aan die bepalinge van subartikel (2) hiervan, gemeenskaplik vyftig persent bydra van—

- (i) die rente en aflossingskoste op die lening of lenings wat gesluit sal word in terme van subartikel (2) van artikel *ses* hiervan;
- (ii) die koste gemaak vir die onderhoud van die pad.

(2) Die bydraes betaalbaar deur die verskillende plaaslike besture vir enige finansiële jaar ten opsigte van—

- (i) die rente en aflossingskoste op bogenoemde lening of lenings;
- (ii) die koste gemaak vir die onderhoud van die pad, uitgenome koste gemaak in terme van artikel *vyftien* hiervan;

sal, onderworpe aan die bepalinge van subartikel (3) hiervan, sodanig bereken word om eweredig te wees met die inkomste ontvang deur bedoelde plaaslike besture gedurende die twaalf maande geëindig die dertiende dag van Junie voor die laaste dag van sodanige finansiële jaar ten opsigte van—

- (a) belasting gehef in terme van die Plaaslike Bestuur Belastinge Ordonnansie, 1912, en enige wysiging daarvan, op belasbare eiendom binne 'n myngebied soos omskrywe deur hierdie Ordonnansie;
- (b) lisensiefooi gehef kragtens enige wet ten opsigte van moterrytuie en alle ander rytuie;

met dien verstande dat geen plaaslike bestuur vereis sal word om ten opsigte van sodanige bogenoemde koste by te dra meer as die rente en aflossingskoste op 'n bedrag verteenwoordigende die koste van ombou van die gedeelte

Bydraes deur plaaslike besture.

Ord. No. 17
van 1928.

Administrasie
se verantwoordlikheid
ten opsigte
van die pad
buite 'n
dorpsgebied.

5. Ongeag die teengestelde in enige wet sal die Administrasie, onderworpe aan die bepalings van hierdie Ordonnansie en vir sover as die geldmiddele dit toelaat, verantwoordelik wees vir die werk van die ombou en onderhoud van die pad, uitgenome sodanige gedeelte of gedeeltes van die pad wat deur 'n dorpsgebied gaan, maar sal nie verantwoordelik wees vir die afvoer van die stormwater wat uit die pad stroom op enige punt binne die gebied onder die regsmag van 'n plaaslike bestuur nie.

Ombou van
die pad, wyse
en koste daar-
van.

6. (1) Die werk van die ombou van die pad sal onderneem word so gou as die beskikbare fondse dit toelaat en, behoudens soos hieronder bepaal word, op so 'n wyse soos vasgestel word in die tweede bylae van hierdie Ordonnansie.

(2) Die koste van bedoelde werk sal bestry word uit fondse wat verskaf word uit 'n lening of lenings wat die Administrateur sal sluit, met dien verstande dat die tydperk van terugbetaling van enige sodanige lening of lenings nie meer as twaalf jaar sal bedra nie.

(3) Die koste van bedoelde werk en van die onderhoud van die pad na die ombou sal, uitgesonderd vir sover as dit moontlik mag wees om te besuinig, so na moontlik wees aan dié vasgestel in bedoelde bylae.

(4) Die Administrateur kan, alleen vir eksperimentele doeleindes, bepaal, dat enige gedeelte of gedeeltes van die pad buite die grense van 'n dorpsgebied soos deur hom vasgestel word, omgebou word op sodanige wyse as hy mag bepaal anders as die vermeld in die tweede skedule as toepaslik op sulke gedeelte of gedeeltes.

(5) Onderworpe aan die goedkeuring van die Administrateur kan enige plaaslike bestuur by die ombou van enige gedeelte of gedeeltes van die pad wat deur 'n dorpsgebied gaan binne sy regsgebied, enige ander wyse van aanleg gebruik wat beter is as dié vasgestel in bedoelde bylae, soos van toepassing op bedoelde gedeelte of gedeeltes.

(6) Ongeag enige tegestrydige bepaling in enige wet kan die Administrasie op alle tye wat dit goeddink, enige gedeelte of gedeeltes van die pad, vir die ombou en onderhoud waarvan dit verantwoordelik is in terme van artikel vyf hiervan, tydelik sluit vir enige bepaalde klas van verkeer of tydelik vir alle verkeer, of tydelik enige sodanige gedeelte of gedeeltes verlê, met die doel om herstellings uit te voer of vir enige ander doeleinde.

Ord. No. 17
van 1928.

“ Administrateur ” beteken die amptenaar benoem kragtens subartikel (1) van artikel *ag-en-sestig* van die Suid-Afrika Wet, 1908, en enige wysiging daarvan wat handel op die advies en met toestemming van die Uitvoerende Komitee van die Provinsie.

“ Finansiële Jaar ” beteken die twaalf maande tot en met die een-en-dertigste dag van Maart in elke kalenderjaar.

“ Plaaslike Bestuur ” beteken 'n stadsraad of Dorpsraad of 'n Gesondheidskomitee wat ingestel is of hierna ingestel word kragtens die Plaaslike Bestuur Ordonnansie, 1926, wat 'n geïnkorporeerde liggaam is.

“ Myng gebied ” beteken en sluit in land en die vruggebruik daarvan binne publieke delwerye en velde geproklameer kragtens enige wet wat betrekking het op die ontginning van edele en onedele metale ander as grond in 'n wettig gevestigde dorp.

“ Die pad ” beteken die Hoofrifpad genoem in artikel *twee* van hierdie Ordonnansie.

“ Dorpsgebied, ” enige gebied wat verklaar is as 'n dorpsgebied kragtens artikel *vier* van hierdie Ordonnansie.

2. Die pad omskrywe in die eerste skedule by hierdie Ordonnansie word en is hiermee ingestel as 'n publieke pad in terme van die Plaaslike Besture Wege Ordonnansie, 1904.

Die Hoofrifpad, ingestel as 'n publieke pad.

3. Sodanige gedeelte van die pad wat deur die gebied van enige Plaaslike Bestuur gaan sal by sodanige bestuur berus op dieselfde manier en onderworpe aan dieselfde bepalinge en voorwaardes wat voorgeskryf word in artikel *twee-en-sestig* van die Plaaslike Bestuur Ordonnansie, 1926, met dien verstande, dat die bevoegdheids aan bedoelde plaaslike bestuur deur genoemde Ordonnansie verleen om paaie te maak, aan te lê en te onderhou ten opsigte van die pad onderworpe sal wees aan die bepalinge van hierdie Ordonnansie.

Berusting van die Pad.

4. Die Administrateur kan van tyd tot tyd na oorleg met die betrokke plaaslike outoriteit Dorpsgebiede. vir proklamasie in die *Provinsiale Offisiële Koerant* enige gebied as 'n dorpsgebied verklaar vir die doel van hierdie Ordonnansie.

Ord. No. 16
van 1928.

'N ORDONNANSIE

Tot verdere wysiging van die Onderwyswet 1907 in sekere opsigte.

(Goedgekeur 18 Julie 1928.)

(Datum van inwerkingtree, 25 Julie 1928.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

DIT WORD BEPAAL deur die Prowinsiale Raad van Transvaal as volg:—

Wysiging van artikel 77 van Wet No. 25 van 1907.

1. Artikel sewen-en-sewentig van die Onderwyswet No. 25 van 1907 word en is hiermee gewysig deur die byvoeging van die volgende woorde:—

“ met dien verstande dat in het geval van een onderwyser die verplaatst word in termen van subartikel (3) van artikel acht en zeventig (zoals gewijzigd door artikel tien van Ordonantie No. 7 van 1912) bedoelde onderwyser, tenzij de Administrateur anders bepaalt, het salaris en de salarisschaal zal behouden betaalbaar ten opzichte van de post waarvan hij verplaatst is.”

Korte tiitel.

2. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doeleindes aangehaal word as die Onderwyswet Verdere Wysigingsordonnansie, 1928.

Ord. No. 17
van 1928.

'N ORDONNANSIE

Tot omskrywing van die Hoofrifpad en om Voorsiening te maak vir die ombou en onderhoud daarvan.

(Goedgekeur 2 Augustus 1928.)

(Datum van inwerkingtree, 1 September 1928.)*

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

DIT WORD BEPAAL deur die Prowinsiale Raad van Transvaal as volg:—

Definiesies.

1. Tensy enige ander betekenis duidelik bedoel word sal in hierdie Ordonnansie:—

“ Administrasie ” beteken Transvaalse Prowinsiale Administrasie.

* Proklamasie No. 66, Prowinsiale Koerant gedateer 22 Augustus 1928, bl. 215.

PRIVATE ORDONNASIE

**Om Johannesburg in staat te stel om 'n Stad ("City")
genoem te word en om die titel van die Raad van die
Munisipaliteit van Johannesburg te verander.**

(Goedgekeur 14 Julie 1928.)

(Datum van inwerkingtree, 5 September 1928.)*

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

NADEMAAL dit wenslik is, in die belang van die inwoners van Johannesburg, om die Stad ("Town") Johannesburg te verklaar 'n Stad ("City") te wees en die naam van die Raad van die Munisipaliteit van Johannesburg te verander van die "Stadsraad van Johannesburg" in die "Stadsraad (City Council) van Johannesburg";

SY DIT BEPAAL deur die Prowinsiale Raad van Transvaal, as volg:—

1. Die Stad van Johannesburg sal word en is hierby betitel en bekend as die Stad (City) van Johannesburg.

Titel van Stad ("City") van Johannesburg.

2. Die titel van die Raad van die Munisipaliteit van Johannesburg sal wees en is hierby verander van die "Stadsraad van Johannesburg" in die "Stadsraad (City Council) van Johannesburg," en die bepalinge van die Plaselike Bestuurs Ordonnansie, No. 11 van 1926, en enige wysiging daarvan, sal van toepassing wees op die Stadsraad ("City Council") van Johannesburg, sodat waar ook al die woorde "Stadsraad" of "Raad" gebruik word in die genoemde Ordonnansie, dit geag sal word te meen en in te sluit die Stadsraad ("City Council") van Johannesburg, en waar ook al in enige wet of bywet die Stadsraad van Johannesburg genoem word, sal dit geag word te meen en in te sluit die Stadsraad ("City Council") van Johannesburg.

Titel van Stadsraad ("City Council") en toepassing van Ordonnansie No. 11 van 1926, ens.

3. Hierdie Ordonnansie kan siteer word vir alle doeleindes as die Stad ("City") van Johannesburg Ordonnansie (Private) van 1928, en sal in werking tree op sodanige datum as die Administrateur by proklamasie in die *Prowinsiale Koerant* mag verklaar.

Korte Titel en datum van in Werking kom.

* Proklamasie No. 61, *Prowinsiale Koerant* gedateer 8 Augustus 1928, bl. 163.

**Ord. No. 14
van 1928.**

- (b) Enige somme wat in die fonds oorbly nadat die gelde wat moet voorsien word kragtens subseksie (a) van hierdie artikel verstrek is mag aangewend word vir die aanleg van Prowinsiale weë; mits dat in elk finansiële jaar 'n bedrag van ag persent op die totaal uitgawe beloop aan die aanleg van sulke weë as op die end van die laasvooraangaande finansiële jaar op die fonds sal belas word.
- (c) Die totaal van die bedrae van ag persent op die uitgawe beloop aan die aanleg van Prowinsiale weë op die fonds belas kragtens die bepalinge van die twee vooraangaande subseksies sal oor die algemeen aangewend word tot die onderhoud van die weë aldus aangelê en sal vir geen ander doel aangewend word nie."

Wysiging van artikel 18 van Motorvoertuie Ordonnansie 1915.

3. Artikel *agtien* van die Motorvoertuie Ordonnansie 1915, soas gewysig deur artikel *sewe* van Ordonnansie No. 19 van 1927 en deur artikel *ag* van Ordonnansie No. 3 van 1928, sal wees en word hierby gewysig deur aan paragraaf (a) van subseksie (1) die volgende voorwaardes toe te voeg:—

“mits dat in die geval van enige nuwe plaaslike outoriteit ingestel te eniger tyd gedurende die tydperk vanaf die eerste dag van April 1927 tot die dertigste dag van September 1927 (albei dae inbegrepe) die bedrae betaal deur sulke persone tussen die datum van die proklamasie waarby sulke plaaslike outoriteit ingestel word en die dertigste dag van September 1927, vir die doeleindes van hierdie subseksie geag sal word die bedrag te wees betaal deur sulke persone gedurende die finansiële jaar geëindig op 31 Maart 1927; en mits verder dat in die geval van iedere nuwe plaaslike outoriteit ingestel na die dertigste dag van September 1927, sulke plaaslike outoriteit 'n terugbetaling van een-sesde van sulk bedrag sal ontvang.”

Korte tiitel.

4. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doeleindes aangehaal word as die Weëfondse Wysigings Ordonnansie 1928.

'N ORDONNANSIE

Tot Wysiging van die Weëfonds Ordonnansie, 1927, in sekere Opsigte.

Ord. No. 14
van 1928.

(Goedgekeur 11 Julie 1928.)

(Datum van inwerkingtree, 18 Julie 1928.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

SY DIT BEPAAL deur die Prowinsiale Raad van Transvaal as volg:—

1. Subseksie (2) van artikel *drie* van die Weëfonds Ordonnansie, 1927 (hierna die hoofordonnansie genoem), sal wees en word hierby herroep en vervang deur die volgende subseksie:—

Wysiging van
artikel 3
van hoof-
ordonnansie.

“(2) Indien die gedeelte van die fooie ontvang kragtens artikel *agtien* van die Motorvoertuig Ordonnansie, 1915, soas gewysig, deur al die plaaslike outoriteite gedurende enige finansiële jaar, wat deur die Administrateur moet behou word kragtens die genoemde artikel, die helfte van die bedrag van die fooie ontvang deur al die plaaslike outoriteite gedurende dié finansiële jaar aan lisensies kragtens die genoemde Ordonnansie uitgereik aan persone woonagtig buite die jurisdiksiegebied van 'n plaaslike outoriteit, oorskry met meer as dié bedrag wat, in terme van subseksie (1) van hierdie artikel in die fonds moet gestort word vir dié finansiële jaar, sal 'n som gelyk aan sulke oorskryding in die fonds gestort word uit die prowinsiale inkomstefonds.”

2. Artikel *vier* van die hoofordonnansie sal wees en word hierby herroep en vervang deur die volgende artikel:—

Wysiging van
artikel 4
van hoof-
ordonnansie.

“4. (a) Daar sal op die fonds in elk finansiële jaar belas word—

- (i) die gelde nodig voorsien te word vir rente en aflossingskoste op lenings spesifiek aangegaan vir die aanleg van Prowinsiale weë op 'n twintigjarige basis van aflossing;
- (ii) 'n bedrag van ag persent per jaar op die totaal uitgawe beloop aan aanleg van sulke weë as op die end van die laasvooraangaande finansiële jaar.

Ord. No. 13
van 1928.

Twede Bylae.

Artikkel *vyf* (3).

PLAASLIKE BESTURE WAAROP DIE BEPALINGS VAN PARAGRAAF (a) VAN ARTIEKEL *vyf* (3) VAN HIERDIE ORDONNANSIE NIE MAG TOEGEPAS WORD NIE.

Stadsraad van Benoni.
Stadsraad van Boksburg.
Stadsraad van Brakpan.
Stadsraad van Germiston.
Stadsraad van Johannesburg.
Stadsraad van Krugersdorp.
Stadsraad van Potchefstroom.
Stadsraad van Pretoria.
Stadsraad van Roodepoort-Maraisburg.
Stadsraad van Springs.

Derde Bylae.

Artikkel *elf*.

BESWARE.

Teen 'n inskrywing op die Taksasielys, opgemaak kragtens die bepalings van die Plaaslike Bestuur Belasting Ordonnansie, 1928.

Jaar 19.....

Aan die Taksasiehof van die Munisipaliteit (of Distrik).....

Die volgende inskrywing kom voor op die Taksasielys van die Munisipaliteit (of Distrik).....

[Vul hier in die naam van die opponent en afskrif van die pos waarteen beswaar gemaak word.....]

Ek maak hierby beswaar teen genoemde inskrywing en versoek dat—

[Die opponent vermeld hier watter inskrywing volgens sy oordeel bostaande inskrywing moet vervang.]

.....

Op die volgende gronde—

[Die opponent moet hier die rede vermeld waarom hy vermeen dat die inskrywing verander moet word.]

.....

Handtekening van Opponent.

.....dag van.....19...

TAKSASIEHOF.

Beswaar van—

.....

Art. No.....

Beslissing van die Hof—

.....

.....dag van.....19...

(6) Elke bewoner van enige sodanige geboue en verbeterings besit die reg om van die persoon van, en onder wie by bedoelde geboue en verbeterings in gebruik het, soveel terug te vorder as wat deur hom betaal, of van hom ingevorder is aan, en vir belastingen ten opsigte van bedoelde geboue en verbeterings en grond in terme van die bepalings van hierdie Ordonnansie.

(7) Enige persoon wat versuim om die verpligtings na te kom wat aan hom opgelê is in terme van subartiekels (1) en (3) hiervan, is skuldig aan 'n oortreding en is by veroordeling strafbaar met 'n boete van hoogstens £50 (vyftig pond sterling) of gevangenisstraf, met of sonder harde arbeid, gedurende 'n tydperk van hoogstens drie maande.

31. Ongeag die herroeping van die wette genoem in die Eerste Bylae hiervan word dit geag dat al die handeling verrig, proklamasies uitgevaardig, of maatreëls respektieflik kragtens hierdie wette geneem voor die aanvang van hierdie Ordonnansie, verrig, uitgevaardig of geneem is kragtens die bepalings van hierdie Ordonnansie.

Bekragtiging van handeling verrig, ens., kragtens wette wat herroep is.

32. Hierdie Ordonnansie word aangehaal as die Plaaslike Bestuur Belasting Ordonnansie en tree in werking op die eerste dag van Julie 1928.

Titel.

Eerste Bylae.

Artikkel een.

WETTE WAT HERROEP IS :

- (1) Artikel *twaalf* van die Dorpewet, 1907.
 - (2) Subartikel (2) van artikel *twee* van die Dorpe Wysigings Wet, 1908.
 - (3) Artikels *eenhonderd vier-en-veertig* en *eenhonderd vyf-en-veertig* van die Plaaslike Bestuur Ordonnansie, 1926.
 - (4) Die Plaatselike Bestuur Belastingen Ordonantie, 1912.
 - (5) Die Plaatselik Bestuur Belastingen Wijzigings Ordonantie, 1916.
 - (6) Die Plaatselik Bestuur Belastingen Wijzigings Ordonantie, 1917.
 - (7) Die Plaaslike Bestuur Belasting (Landbou) Wysigings Ordonnansie, 1921.
 - (8) Die Plaaslike Bestuur Belasting Wysigings Ordonnansie, 1925.
 - (9) Die Plaaslike Bestuur Belasting Wysigings Ordonnansie, 1927.
-

Ord. No. 13 Aanwending
van 1928. van belasting.

29. Die opbrings van die belasting of belasting's gehef, of belasting opgelê, kragtens hierdie Ordonnansie word aangewend vir, en ten behoeve van sodanige munisipale doeleindes as die plaaslike bestuur van tyd tot tyd dienstig ag.

Sekere geboue en verbeteringe moet by die plaaslike bestuur geregistreer word.

30. (1) Al die verplaasbare en onverplaasbare geboue en verbeterings, gebruik vir woon-doeleindes of vir doeleindes wat nie in verband staan met mynbedrywe nie en wat op geproklameerde grond (uitgenome geproklameerde grond in 'n wettig-gevestigde dorp) ten opsigte van die oprigting, onderhoud en okkupasie waarvan geen wettige magtiging bestaan kragtens die bepalings van die Goudwet nie, word deur die respektiewe eienaars daarvan, of hulle respektiewe agente vir die beheer daarvan, opgeskryf in 'n register wat vir daardie doel op die kantoor van die plaaslike bestuur aangehou word.

(2) Bedoelde register bevat besonderhede van sodanige voormelde geboue en verbeterings, 'n omskrywing en die afmetings van die grond wat in gebruik is en die volle name en adresse van die eienare of hulle agente.

(3) Enige verkoop, verhuring, omruiling of vervreemding van bedoelde geboue en verbeterings word op die wyse soos voorgeskryf in subartikkel (1) hiervan, deur die persone wat by bedoelde verhuring, omruiling of vervreemding betrokke is, binne veertien dae vanaf die datum daarvan geregistreer.

(4) Die persoon op wie se naam bedoelde geboue en verbeterings soos voormeld geregistreer is, is aanspreeklik vir die betaling van al die belasting's daarop verskuldig en onverminderd enige verkoop, verhuring, omruiling of vervreemding tensy die geregistreer is soos bepaal in subartikkel (3) hiervan kan op bedoelde geboue beslaggelê en kan hulle geregtelik verkoop word tot voldoening van die bedrag van bedoelde belasting.

(5) Die plaaslike bestuur kan weier om die verkoop, verhuring, omruiling of vervreemding van enige sodanige geboue en verbeterings soos bepaal in subartikkel (3) hiervan, te registreer, tensy en totdat die somme en koste genoem in artikel *negen-en-veertig* van die Plaaslike Bestuur Ordonnansie, wat aan die plaaslike bestuur daarop verskuldig mag wees, betaal is.

volledige afdoening van die bedrag aldus betaal of ingevorder as betaling van huur of ander bedrag.

**Ord. No. 13
van 1928.**

26. By enige verrigting vir die oplê of invorder van belastings, of as gevolg van die oplegging of invordering van enige belasting, sowel as by alle ander verrigtings kragtens die bepaling van hierdie Ordonnansie, is die tak-sasielyste, belastingboeke, en belastdokumente van die plaaslike bestuur en al die boekings daarin gemaak en uittreksels daarvan, of gesertifiseerde afskrifte daarvan, geteken deur die voorsitter of stadsklerk, en ook al die eksemplare van enige nuusblad wat enige kennisgewing bevat nodig om as bewys te dien, allêen deur oorlegging daarvan, *prima facie* bewys van die oplegging van bedoelde belasting en van die inhoud daarvan sonder enige bewys, dat aan die kennisgewings vereis deur, of ander vereistes van hierdie Ordonnansie, voldoen is; met dien verstande dat elke party by bedoelde verrigtings bevoeg is om bewys aan te voer om die teendeel te bewys.

Bewys.

27. Die persoon wat die eienaar van enige belasbare eiendom is op die datum waarop 'n belasting verskuldig en betaalbaar word ten opsigte van bedoelde eiendom kragtens artikel *negentien* van hierdie Ordonnansie, is verantwoordelik vir betaling van die bedrag van bedoelde belasting, en in die geval van gemeenskaplike eienaars van belasbare eiendom is hulle gemeenskaplik en afsonderlik verantwoordelik vir die belasting daarop verskuldig; met dien verstande dat, in geval die eienaar buite die Provinsie is, die agent of persoon wat die huur van bedoelde eiendom ontvang, verantwoordelik is.

Eienaar verantwoordelik vir belasting.

28. Enige bepaling in 'n kontrak wat bestaan op die twee-en-twintigste dag van Maart 1916 of daarna gesluit, waarby enige persoon wat in die eerste plaas aanspreeklik is vir betaling van enige belasting opgelê kragtens hierdie Ordonnansie op enige belasbare eiendom wat bedoel is om enige persoon wat belang het by, of hom opvolgende as huurder van bedoelde belasbare eiendom of enige deel daarvan, sonder voorbehoud of voorwaardelik verantwoordelik te stel vir betaling van bedoelde belasting of enige deel daarvan, in plaas van homself, is nietig en van onwaarde.

Huurder nie verantwoordelik vir belasting van verhuurder nie.

Ord. No. 13
van 1928.

betaling van enige sodanige voornoemde belasting van die wanbetaler (sonder nader kennisgewing of aanmaning) die bedrag van die belasting deur bedoelde persoon verskuldig, ongeag die bedrag daarvan, invorder deur regs-vordering in die hof van die magistraat van die magistraatsdistrik, hetsy die persoon daarvoor aanspreeklik, woonagtig is binne die regsgebied van bedoelde hof of nie. In geval dit nie moontlik is om die lasbrief te beteken binne die grense van die regsgebied van sodanige voormelde hof nie, dan geskied bedoelde betekening op die wyse soos die genoemde hof gelas.

Prosedure
teen persone
aan belasting
onderhewig.

24. As 'n belastingkuldige wat in gebreke bly sy belasting te betaal, nie woon binne die regsgebied van die hof van die magistraat van die distrik nie, besit die plaaslike bestuur die reg om desverkiezend die aanskrywing bedoel in artikel *twee-en-twintig* hiervan te beteken aan, of kragtens artikel *drie-en-twintig* hiervan 'n regsvordering in te stel teen, enige persoon wat enige huurgelde of profyte ontvang van die belasbare eiendom waarvoor bedoelde belasting onbetaal is, of wat die huurgelde of profyte sou ontvang as bedoelde belasbare eiendom verhuur of in okkupasie was.

Prosedure vir
invordering
van belasting
onbetaal vir
drie maande.

25. Wanneer enige belasting opgelê aan enige eienare van belasbare eiendom onbetaal bly vir 'n tydperk van drie maande na die datum waarop bedoelde belasting verskuldig en betaalbaar gemaak is, kan die plaaslike outoriteit op enige tyd binne twaalf maande na die oplegging van die belasting, die bedrag van bedoelde belasting, of enige deel daarvan, van enige huurder of bewoner van bedoelde belasbare eiendom opvorder, ten bedrae van enige huur verskuldig en betaalbaar deur die huurder op datum van die vordering, en kan by wanbetaling daarvan na een maand vanaf die datum van bedoelde opvordering, dit van bedoelde huurder of bewoner invorder op dieselfde wyse asof hy die eienaar was. En elke sodanige huurder of bewoner het die reg om van enige huur of ander bedrag wat deur hom aan bedoelde eienaar of sy opvolgers in eiendom verskuldig is, soveel af te hou as wat aldus deur hom betaal of van hom ingevorder is en die oorlegging van die kwitansies vir bedoelde belasting aldus betaal deur, of ingevorder van, bedoelde huurder of bewoner, is 'n goeie en

appèl hangende is, verskuldig en betaalbaar op bedoelde taksasie op die dag vasgestel in terme van artikel *negentien* hiervan, en indien as 'n gevolg van bedoelde appèl na die datum van die betaling van bedoelde belasting 'n verandering in die taksasie, hetsy deur verhoging of verlaging gemaak word, sal die plaaslike bestuur die verskil, na gelang van omstandighede invorder of terugbetaal saam met rente teen 6 persent per jaar op die bedrag aldus ingevorder of terugbetaal, vanaf die datum van die betaling van die belasting tot die datum van bedoelde invordering of terugbetaling.

**Ord. No. 13
van 1928.**

22. As na die tyd bepaal vir die betaling van enige sodanige voormelde belasting enige persoon versuim om enige deur hom verskuldigde belasting te betaal, is die plaaslike bestuur bevoeg om 'n gedrukte of geskrewe aanmaning te beteken aan bedoelde persoon tot betaling van die bedrag genoem in bedoelde aanmaning binne veertien dae na betekening daarvan. En in geval enige persoon aan wie bedoelde aanmaning oorhandig is of by wie se gewone woon- of besigheidsplek of kantoor dit agtergelaat is, nie daaraan voldoen nie, dan is die plaaslike bestuur bevoeg om by die magistraat aansoek te doen vir 'n dagvaring tot invordering van bedoelde belastings van die persone wat tot betaling daarvan verplig is; watter dagvaring deur genoemde magistraat uitgereik word op vertoon van 'n lys van die name en adresse van die persone wat nie aan bedoelde dagvaring voldoen het nie, en die bedrag deur hulle verskuldig met 'n sertifikaat van die stadsclerk of stadstesourier dat van hulle onderskeidelik deur voormelde kennisgewing geëis is om die genoemde belastings te betaal en dat bedoelde belastings deur hulle verskuldig is en nie hoër is as die maksimum belastings vasgestel deur, of kragtens, hierdie Ordonnansie nie, en elke sodanige dagvaring bevat elke magtiging en word in alle opsigte volstrek asof dit 'n lasbrief was uitgevaardig deur die hof van die magistraat en die geregsbode moet by betekening daarvan voldoen aan bedoelde voorskrifte en sodanige koste in rekening bring as op die tyd van toepassing is op lasbriewe van sodanige voornoemde hof.

Verpligting
van betaling
van belasting

23. Onverminderd die bepalinge van artikel *twee-en-twintig* hiervan, kan die plaaslike bestuur na goedvinde na die tyd vasgestel vir die

Invordering
van belasting.

Ord. No. 13
van 1928.

gemaak word ten opsigte van een of ander bepaalde gebied of belasbare eiendom, buite en behalwe die gewone uitgawe vir die gehele munisipaliteit, by besluit bepaal dat bedoelde abnormale of buitengewone uitgawe (en hetsy die bedrag daarvan al dan nie werklik uitgegee is) geheel of gedeeltelik gedek word deur 'n spesiale belasting op die belasbare eiendom of enige gedeelte daarvan binne bedoelde bepaalde gebied, met uitsondering van die orige deel van die munisipale gebied, en kan, onderworpe aan die goedkeuring van die Administrateur, die bedrag van bedoelde spesiale belasting daarop, en die persone en tye deur wie en waarop die verskuldig is, vasstel.

Kennisgewing
van belastinge.

19. Elke belasting deur die plaaslike bestuur opgelê word verskuldig en moet betaal word op 'n dag wat hy vasstel, van watter dag en van die bedrag van watter belasting die plaaslike bestuur minstens dertig dae vooraf deur kennisgewing in die *Prowinsiale Koerant* en in 'n nuusblad wat in die munisipaliteit sirkuleer, en op sulke andere wyse as hy by besluit bepaal, kennis gee.

Betaling van
belastinge.

20. (1) Wanneer die plaaslike bestuur, soos voormeld, kennis gegee het van die dag waarop bedoelde belasting verskuldig is en betaal moet word, is al die persone wat vir bedoelde belasting in aanmerking kom, verplig om die bedrag daarvan op die kantore van die plaaslike bestuur te betaal, by gebreke waarvan die wanbetalers geregtelik vervolg kan word vir die invordering van die bedrae wat onderskeidelik deur hulle verskuldig, is.

(2) 'n Plaaslike bestuur is bevoeg om 'n korting van hoogstens twee en 'n halwe persent ($2\frac{1}{2}$ %) toe te staan op enige belastinge betaal op of voor die datum waarop bedoelde belasting verskuldig is en betaal moet word kragtens artikel *negentien* hiervan.

(3) Die plaaslike bestuur is bevoeg om rente op agterstallige belastinge in rekening te bring en in te vorder teen 'n tarief van hoogstens 7 persent per jaar.

Belastinge
betaalbaar in
afwagting van
appèl

21. Wanneer 'n appèl hangende is teen die beslissing van 'n taksasiehof, word enige belastinge, gehef deur 'n plaaslike bestuur nadat die voorsitter van die taksasiehof die taksasie lys geteken en gesertifiseer het, maar voordat bedoelde appèl beslis is, op enige belasbare eiendom teen die taksasie waarvan bedoelde

Ord. No. 13
van 1928.

verband staan met mynbedryf nie, hetsy deur persone werksaam by bedoelde bedryf of andersins, sowel as op die terreinwaarde van die grond, en verder met dien verstande egter, dat geen belasting gehef word op die waarde van enige verbeterings op 'n industriële standplaas nie (hetsy op grond besit kragtens kleinlissensie of ander mynreg of nie) toegeken, vir die doel van uitvoering van die werke genoem in subartikel (1) (c) van artikel *negen-en-sewentig* van die Goudwet soos gewysig deur artikel *ses-en-twintig* van die Transvaal Minerale Huurkontrakte en Minerale Wet Wysigings Wet, 1918, behalwe wanneer, en indien 'n belasting gehef word op die waarde van verbeterings binne die munisipaliteit in terme van die eersvolgende subartikel.

(4) 'n Plaaslike bestuur kan deur besluit aangeneem op enige gewone vergadering gehou binne een maand voor die oplegging van 'n belasting deur bedoelde plaaslike bestuur en aangeneem deur die stemme van 'n meerderheid van die lede van bedoelde plaaslike bestuur, van tyd tot tyd bepaal dat 'n belasting van 'n bedrag in die pond gelyk aan, of minder as, die addisionele belasting gehef word op die waarde van al die verbeterings in die munisipaliteit, met dien verstande dat, in sodanige geval die addisionele belasting van geen groter bedrag in die pond is nie as saam met bedoelde belasting op die waarde van verbeterings nodig is om 'n som op te bring gelyk aan die som wat sou opgebring word deur 'n belasting van drie pennies in die pond op die terreinwaarde van grond en op die waarde van verbeterings bymekaar geneem.

(5) Die Administrateur kan op versoek van 'n plaaslike bestuur die oplegging deur bedoelde plaaslike bestuur toestaan van 'n addisionele belasting hoër as voorgeskryf is in subartikel (3) van hierdie artikel, met dien verstande dat, as die Administrateur bedoelde versoek weier, die Prowinsiale Raad binne een week na bedoelde weiering as die Raad dan in sessie is, of as die Prowinsiale Raad dan nie in sessie is nie, dan binne een week na die eersvolgende sitting van die Raad na bedoelde weiering, by besluit bedoelde plaaslike bestuur kan magtig om bedoelde hoër belasting op te lê.

18. Ongeag enige bepaling hierin kan die plaaslike bestuur, in geval enige abnormale of buitengewone koste deur die plaaslike bestuur

Spesiale
belastings.

Ord. No. 13
van 1928.

as die belasting gehef was op die waarde soos vasgestel deur genoemde taksasiehof.

Taksasielys mag nie betwis of buite werking gestel word nie.

16. Geen taksasie wat voorkom in enige taksasielys opgemaak kragtens hierdie Ordonnansie, en geen belasting wat daarop gebaseer is, mag ongeldig gemaak of verander word weëns enige fout of verskil in die omskrywing van enige belasbare eiendom, of in die naam van enige eienaar daarvan nie; en geen taksasielys opgemaak en bekragtig in terme van hierdie Ordonnansie, kan betwis of buite werking gestel word weëns enige informaliteit nie.

Wyse van belas.

17. (1) Onderworpe aan dié bepalings in hierdie artikel vervat, is 'n plaaslike bestuur geregtig en bevoeg om in, of vir, elke en ieder finansiële jaar 'n belasting of belastings op te lê van sodanige bedrag of bedrae in die pond, as hy bepaal, met dien verstande dat, onverminderd enige bepaling wat daarmee in stryd is in hierdie artikel, die miennimum belasting kragtens hierdie artikel opgelê ten opsigte van enige reg op grond, vyf sielings bedra.

(2) Geen belasting word gehef op verbeterings nie totdat 'n belasting (hieronder die oorspronklike tarief genoem) van een pennie in die pond opgelê is op die terreinwaarde van al die grond binne die munisipaliteit soos voorkom op die taksasielys en geen oorspronklike tarief of tariewe wat in sy geheel meer bedra as een pennie in die pond op sulke waarde in enige enkel finansiële jaar word opgelê nie.

(3) Onderworpe aan die bepalings van die eersvolgende subartikel, word enige belasting (hierna die addisionele belasting genoem) wat gehef word bo die oorspronklike tarief, gehef op die terreinwaarde van grond en, behoudens soos bepaal is in subartikel (5) van hierdie artikel, word geen sodanige addisionele belasting wat in sy geheel meer as ses pennies in die pond op sulke waarde bedra in enige enkel finansiële jaar opgelê nie; met dien verstande, dat in die geval van grond (uitgenome grond in 'n wettig-gevestigde dorp) besit kragtens 'n lisensie of enige ander mynreg om te delwe of te prospekteer vir edele metale en edelgesteentes of onedele metale, bedoelde addisionele belasting, tensy anders deur die plaaslike bestuur bepaal, gehef word op die waarde van enige verbeterings op bedoelde grond gebruik vir woondoelindes of vir doeleindes wat nie in

(f) waar slegs 'n deel van enige belasbare eiendom wat nie afsonderlik op enige taksasielys vermeld is nie, aan enige spesiale belasting kragtens artikel *agtien* van hierdie Ordonnansie onderhewig is, of kan wees, bedoelde taksateur die waarde van bedoelde eiendom wat op sodanige lys voorkom, te laat toe wys tussen die deel daarvan wat onderhewig is of onderhewig kan wees aan enige spesiale belasting soos voornoem, en die orige deel daarvan wat nie aan bedoelde spesiale belasting onderhewig is nie;

Ord. No. 13
van 1928.

—
Art. 15.

met dien verstande dat—

- (i) by die opmaak van sulke tussen tydse taksasies dieselfde vorme in ag geneem, en dieselfde prosedure *mutatis mutandis* soveel moontlik gevolg word, soos hierbo uiteengesit, ten opsigte van algemene taksasies, uitgesonderd dat, na goedvinde van die plaaslike bestuur, die voorgeskrewe kennisgewings skriftelik kan beteken word op die belanghebbende persone, in plaas van, soos voormeld, gepubliseer te word.
- (ii) elke sodanige taksasie, nuwe taksasie, verbetering, en verdeling onderworpe is aan enige beswaar wat daarteen gemaak word by die eersvolgende taksasiehof wat deur die plaaslike bestuur kragtens hierdie Ordonnansie benoem word, en aan dieselfde reg van appèl soos bepaal in artikel *veertien*;
- (iii) in die geval van enige eiendom wat tot die lys toegevoeg is kragtens die bepalings van paragraaf (b) hiervan, of waarvan die taksasie verhoog is kragtens paragraaf (e) hiervan, die eienaar, as by die eersvolgende sitting van die taksasiehof die waarde van genoemde eiendom vasgestel word op 'n som minder as dié waarop die vorige belasting gehef was, geregtig is op terugbetaling van enige belasting deur hom betaal bo dié wat sou betaal gewees het

**Ord. No. 13
van 1928.**

(2) Die plaaslike outoriteit sal bevoeg wees binne een maand appèl aan te teken teen die beslissing van die genoemde hof met betrekking tot enig belasbaar eiendom in die munisipaliteit in die hof van die magistraat van de distrik en sulc appèl sal onderwerp wees aan die bepalinge genoem in die voorafgaande subseksie ten opsigte van die appèls deur die eienaar of bewoner van eiendom.

Bevoegdheid om belasting op belasbare eiendom wat nie bestaan nie kwyd te skeld, om belasbare eiendom wat weggelaat is te laat takseer en om nuwe taksasies te laat maak.

15. Onverminderd enige andersluidende bepaling in hierdie Ordonnansie vervat, het die plaaslike bestuur die reg om van tyd tot tyd en op enige tyd—

- (a) enige belasting wat op enige belasbare eiendom opgelê is, kwyd te skeld in enige geval waarin bedoelde belasbare eiendom afgebreek is sedert die datum van opmaking van die taksasielys; en in sodanige ander gevalle as deur die Administrateur goedgekeur word;
- (b) enige belasbare eiendom wat van die taksasielys weggelaat is, of enige nuwe belasbare eiendom te laat takseer deur 'n taksateur benoem soos hierbo bepaal, en die lopende belasting daarvan te laat invorder;
- (c) deur sodanige taksateur 'n taksasie te laat maak van enige belasbare eiendom wat onderverdeel is na die datum waarop die taksasie van bedoelde eiendom finaal geword het, en die taksasie deur bedoelde taksateur te laat toewys volgens die onderverdelings van die genoemde eiendom, en enige belasting wat daarvoor skuldig is te laat aanslaan en invorder volgens bedoelde onderverdeling;
- (d) deur bedoelde taksateur 'n nuwe taksasie te laat maak van enige belasbare eiendom wat deur enige oorsaak wat aan bedoelde eiendom eie is ontstaan sedert die jongste taksasie daarvan, aanmerklik in waarde gestyg of gedaal het.
- (e) enige fout wat voorkom in die taksasielys wat van tyd tot tyd van krag is, deur bedoelde taksateur te laat verbeter in enige geval waarin 'n skryffout of enige fout betreffende die aard van die getakseerde belang, in bedoelde lys gemaak is, en enige belasting daarop verskuldig, te laat invorder ooreenkomstig die verbeterde lys;

(9) Genoemde hof hou aantekening van sy verrigtings en van die aanslag, beswaar en uitspraak ten opsigte van elke beswaar, en bedoelde hof laat enige verklaring wat daarvoor afgelê is, opskrywe en deur die getuie onderteken, en dit deur die handtekening van die voorsitter bekragtig dat bedoelde verklaring voor bedoelde hof afgelê is, en elke verklaring wat aldus opgeskryf en bekragtig is, word by enige vervolging weëns meened as geldige getuienis beskou en aangemerkt.

Ord. No. 13
van 1928.

13. Sodra die taksasiehof sy ondersoek van Taksasielys. die taksasielys voltooi het, en daarin sodanige veranderings en wysigings gemaak het as die hof nodig ag, onderteken en sertifiseer die voorsitter van die hof die lys. Hy laat verder minstens tweemaal binne die tyd van een week 'n advertensie plaas in die *Provinciale Koerant* en in een of meer nuusblade wat in die munisipaliteit sirkuleer, waarin aan alle belanghebbende persone meegedeel word dat die lys voltooi is, en dat dit vasgestel en verpligtend word vir al die betrokke partye wat nie voor 'n datum in bedoelde kennisgewing vasgestel, en nie minder as een maand vanaf die datum van die eerste publikasie van voornoemde advertensie nie, in hoër beroep moet kom teen die beslissing van die taksasiehof, op 'n wyse soos in die eersvolgende artikel bepaal word.

14. (1) Enige persoon wat sig verongelyk gevoel deur die waarde toegeken aan enig eiendom deur hom besit of bewoon sal geregtig wees binne een maand na sulk skatting appèl aan te teken teen die beslissing van die hof genoem in die laasvooraangaande artikel by die hof van die magistraat van die distrik en sulk laasgenoemde hof sal ondersoek instel na sulke skatting en sy beslissing sal finaal en afdoend wees; mits egter dat indien sig enige wetskwessie sal voordoën aangaande die beginsel waarop enige skatting gemaak is of dien gemaak te word, sulk magistraat geregtig sal wees in plaas van self sulke kwessie te beslis op versoek van die plaaslike outoriteit of die party wat beswaar maak sulke wetskwessie te reserveer vir beslissing deur die Hooggeregshof en sulke kwessie sal aangehaal word in die vorm van 'n spesiale saak en kan bepleit word voor en beslis word deur die Hooggeregshof en sulk hof kan sulke order uitvaardig aangaande koste as die hof sal dienstig ag.

Reg van
appèl.

Ord. No. 13
van 1928.

—
Art. 12.

uit, en die voorsitter daarvan, indien aanwesig, lei die vergadering, en indien afwesig, kies die lede van die hof wat aanwesig is, iemand uit hulle midde om gedurende so'n afwesigheid as voorsitter op te tree. Al die beslissings van bedoelde hof word geneem met 'n meerderheid van stemme van die lede wat persoonlik aanwesig is, en in geval van staking van stemme, het die president of die lid wat as sodanig optree, 'n beslissende stem.

(4) Niemand neem sitting by die behandeling van enige saak waarby hy regstreeks belang het of betrokke is aangesien hy in die eerste plaas aanspreeklik is vir die betaling van die betrokke belasting, of 'n gedeelte daarvan, nie.

(5) As daar om een of ander rede vakatures bestaan op die genoemde hof of as dit in sy verrigtings verhinder word om te handel sodat geen kworum kan gevorm word nie, kan die plaaslike bestuur terstond, en sonder enige kennisgewing, ander persone tydelik of andersins benoem tot aanvulling van sulke vakatures of van die plekke van die lede wat verhinder is om te sit.

(6) Die stadsklerk gee deur publikasie in die *Provinsiale Koerant* en in een of meer nuusblade wat in die munisipaliteit sirkuleer, minstens sewe dae vantevore kennis van die datum wat vir die eerste sitting van bedoelde hof vasgestel is.

(7) By elke sitting van bedoelde hof kan die plaaslike bestuur en enige persoon wat enige beswaar teen enige taksasie ingedien het, en enige persoon teen die taksasie van wie se eiendom beswaar gemaak word of wat voorgestel word om verhoog te word en wie se eiendom op die lys sal geplaas word, hetsy persoonlik verskyn, of verteenwoordig word deur 'n advokaat, prokureur of toegelate en gelisensieerde wetsagent.

(8) By elke sitting van bedoelde hof besit die hof die reg om enige getuie onder eed op te roep en te ondervra en die oorlegging te vorder van al sodanige papiere of dokumente wat die hof nodig ag, en elke taksateur deur wie enige taksasie wat in behandeling is, gemaak is, moet sodanige hofsitting bywoon en al die vrae wat hom ten opsigte daarvan gestel word deur, of deur tussenkoms van, die hof, onder eed beantwoord.

**Ord. No. 13
van 1928.**

persone op om binne 'n bepaalde tyd, nie minder as een-en-twintig dae vanaf die eerste publikasie van bedoelde kennisgewing nie, in die vorm soos vermeld in die Derde Bylae, die stadsklerk skriftelik in kennis te stel met enige besware wat hulle het teen die taksasie van enige belasbare eiendom wat, soos voormeld, getakseer is, of teen weglating daarvan van eiendom wat weer word belasbare eiendom te wees en in besit van die persoon wat beswaar maak of ander persone, of ten opsigte van enige ander fout, weglating of verkeerde omskrywing. Niemand het die reg om besware in te bring by die hieronder genoemde taksasihof nie, tensy hy vooraf bedoelde kennisgewing van beswaar, soos voornoem, ingedien het.

12. (1) Na afloop van die tyd wat in bedoelde kennisgewing bepaal is, benoem die plaaslike bestuur 'n taksasihof, wat bestaan uit minstens drie persone wat al dan nie lede van die plaaslike bestuur kan wees. Bedoelde persone benoem voor die eerste sitting van die hof uit hulle midde 'n president. Die stadsklerk, of enige ander persoon deur die plaaslike bestuur benoem, tree op as klerk van die voornoemde hof.

Taksasihof
pligte en
verrigtinge.

(2) Bedoelde hof gaan daarna op vergaderings wat behoorlik deur die president of klerk belê is, oor tot oorweging van die taksasielys en voornoemde besware wat gemaak is, en is geregtig om bedoelde veranderings of wysiginge in die taksasielys aan te bring, hetsy deur verlaging, verhoging, aanvulling of weglating, al na dit wenslik geag word; met dien verstande, dat geen verandering of wysiging deur verhoging of aanvulling gemaak word nie, tensy en totdat die persoon wat blyk regstreeks daarby betrokke te wees, minstens sewe dae vantevore van die klerk berig ontvang het van die datum van sitting van die hof waarop enige voorstel tot sulke verhoging of aanvulling behandel word, en bedoelde belanghebbende persoon kan of, voor bedoelde datum enige besware teen bedoelde verhoging of aanvulling skriftelik aan die president of die klerk stuur, of hulle vir oorweging op bedoelde sitting aanbied, en die taksasihof moet alle sodanige besware behoorlik hoor en in oorweging neem.

(3) Op elke sitting van bedoelde hof maak drie lede wat persoonlik aanwesig is 'n kworum

**Ord. No. 13
van 1928.**

belasbare eiendom enige waarde af te trek wat bedoelde eiendom verkry deur die aanwesigheid van edelgesteentes of edele metale daarop of daarin.

**Belas van
landbou-
grond.**

9. Ongeag enige andersluidende bepalings in hierdie Ordonnansie word grond, wat minstens een morg groot is en wat bona fide en uitsluitend gebruik word as landbougrond, belas op die helfte van sy landbouwaarde.

Taksateur besit die reg van toegang en inspeksie.

10. (1) Elke taksateur voorsien van 'n skriftelike magtiging, geteken deur die burge-meester of stadsklerk, is, vir die doel om enige voornoemde taksasie te maak, bevoeg om op alle redelike tye oordag enige grond of geboue binne die munisipaliteit te betree en is tewens bevoeg om al die registers of ander aantekeninge of enige aktes of dokumente wat behoort aan, of in bewaring of besit is van, enige Gowermentsamptenaar of enige persoon, wat besonderhede bevat van enige belasbare eiendom, hetsy bedoelde persoon belang het by sulke belasbare eiendom of nie, na te sien en daarvan uittreksels te maak. Enigeen wat opsetlik die taksateur belemmer in die uitoefening van die bevoegdthede wat kragtens hierdie artikel aan hom verleen is, is strafbaar soos in die eersvolgende subartikel bepaal word.

(2) Elke sodanige taksateur is geregtig om van die eienaar of bewoner van belasbare eiendom sodanige skriftelike besonderhede omtrent bedoelde belasbare eiendom te eis as nodig mag wees om bedoelde taksateur in staat te stel 'n juiste taksasie daarvan te maak; en enige eienaar of bewoner wat versuim om binne veertien dae nadat dit van hom gevorder is om bedoelde skriftelike besonderhede te verskaf wanneer die geëis word, is strafbaar met 'n boete van hoogstens twintig pond vir elke oortreding, en iemand wat enige taksateur 'n verkeerde opgawe van waarde of van enige ander besonderhede, soos voornoem, verskaf, is by veroordeling strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig pond vir elke oortreding.

**Insage van
voorlopige
lys.
Besware.**

11. Wanneer die taksasielys voltooi is word dit aan die plaaslike bestuur voorgelê en lê op hulle kantoor ter insage van die publiek, en enige persoon kan die lys op alle redelike tye insien en daarvan afskrifte of uittreksels maak. Die plaaslike bestuur roep deur kennisgewing gepubliseer in die *Prowinsiale Koerant*, en in een of meer nuusblade wat in die munisipaliteit sirkuleer, al die belanghebbende

7. Die taksateur of taksateurs sal die genoemde taksasie (hierin die taksasielys genoem) skriftelik opmaak op sodanige wyse dat in elk geval na sy of hulle beste wete en oordeel aangetoon word—

Voorlopige
taksasielys

Ord. No. 13
van 1928.

- (a) die naam en adres van die eienaar;
- (b) omskrywing en ligging van die geskatte eiendom;
- (c) aard van die reg van die eienaar;
- (d) (1) (i) die terreinwaarde van die grond nie begrepe in (2) (ii) nie;
- (ii) die waarde van enige verbeterings;
- (2) (i) die waarde van verbeterings op grond wat besit word kragtens 'n lisensie of enige ander mynreg om te delwe of te prospekter vir edele metale en edelgesteentes of onedele metale, waar sulke grond gebruik word vir woondoeleindes of vir doeleindes wat nie in verband staan met mynbedryf nie, hetsy deur persone werkzaam by mynbedryf of andersins;
- (ii) die waarde van bedoelde grond.
- (e) enige aftrekkings wat gemaak word van die belasbare waarde kragtens hierdie Ordonnansie of enige ander wet.

8. (1) Die bedrag, of som, waarop die taksateur of taksateurs vir die doel van die taksasielys enige belasbare eiendom takseer, is die kapitaalsom wat dit volgens sy of hulle oordeel verwag kan word op te bring as dit op die tyd van taksasie vir verkoop aangebied word op sodanige redelike terme en voorwaardes as wat 'n bona fide verkoper sou verlang, met behoorlike inagneming nie alleen van bedoelde bepaalde belasbare eiendom nie, maar van ander eiendomme van dergelike klas, aard, waarde, ligging en andere vergelykende faktore; met dien verstande, dat geen huur van grond wat nie begrepe is onder die definisie van "reg op grond" kragtens artikel vier van hierdie Ordonnansie nie op enige wyse in aanmerking geneem word by taksasie van enige belasbare eiendom in die grond wat die onderwerp van enige sodanige huurkontrak uitmaak nie.

Basis van
taksasie.

(2) Dit is die plig van elke taksateur by die verrigting van die werksaamhede aan hom opgedra deur hierdie artikel, om van enige

Ord. No. 13
van 1928.

outoriteit dan geen belasting oplê op enige vroeëre taksasie nie, maar op bedoelde taksasie wanneer dié voltooi is; verder met dien verstande dat bedoelde taksasie nie ongeldig is nie omdat dit nie binne bedoelde tydperk van vyf jaar voltooi is nie.

(4) Voor die Administrateur die bevoegdheid uitoefen wat aan hom verleen is kragtens die vorige subartikel, voorsien die plaaslike bestuur wat wens dat die bepalings van paragraaf

(a) daarvan op hulle toegepas word hom van—

(a) 'n gesertifiseerde kopie van die besluit van die plaaslike bestuur om 'n versoek in te dien vir die toepassing van genoemde bepalings;

(b) 'n sertifikaat geteken deur die stadsklerk, dat genoemde besluit aangeneem is deur minstens twee-derdes van die lede van die plaaslike bestuur en minstens eenmaal per week gedurende drie agtereenvolgende weke in die *Prowinsiale Koerant* en in een of meer nuusblade wat in die munisipaliteit sirkuleer, gepubliseer is;

(c) kopieë van enige besware teen die voorstel van die plaaslike bestuur of, as geen besware ingedien is nie, 'n verklaring waaruit dit blyk.

Verklaring
van taksateur.

6. Alvorens 'n begin te maak met die taksasie wat hom opgedra is, moet elke taksateur voor een of ander Vrederegter 'n plegtige verklaring aflê in die volgende bewoordinge:—

“ Ek.....verklaar plegtig en opreg dat ek volgens my beste vermoë en kennis, en sonder guns en vooroordeel, opreg en onpartydig sal waardeer en takseer al sodanige belasbare eiendom wat my opgedra word om te takseer vir belastingdoeleindes, en dat ek dit nougeset sal takseer op die volle en billike waarde daarvan. En ek lê hier lie plegtige verklaring af met die voorneme om dié nougeset na te kom.

Verklaar op.....op hierdie.....

dag van.....

Voor my.....”

en elke sodanige verklaring word oorhandig aan, en bewaar deur die plaaslike bestuur.

Ord. No. 13
van 1928.

bedoelde reg op grond gee op die datum van taksasie, ongeag die koste van verbeterings; met dien verstande, dat die meerdere waarde in geen geval meer sal wees nie as die bedrag wat redelikerwys sou nodig wees om die terreinwaarde van die grond op sy verhoogde waarde te bring op die datum van taksasie, watter verhoogde waarde die waarde is van bedoelde reg op grond saam met enige verbeterings daarin, daarop of daaronder, as hulle tesame in sy geheel getakseer word kragtens die bepalings van artikel *ag* van hierdie Ordonnansie.

“ Dorpsraad ” beteken 'n dorpsraad ingestel volgens en kragtens die bepalings van Hoofstuk VIII van die Plaaslike Bestuur-Ordonnansie.

5. (1) Die plaaslike bestuur laat van tyd tot tyd, maar minstens eenmaal in elke drie jaar, 'n taksasie maak van al die belasbare eiendom binne die munisipaliteit met dien verstande egter, dat as bedoelde taksasie eers voltooi is na verloop van voornoemde drie jaar, die plaaslike bestuur dan geen belasting oplê op enige vroeëre taksasie nie, maar op bedoelde taksasie wanneer dié voltooi is; verder met dien verstande, dat taksasie nie van onwaarde is omdat dit nie binne bedoelde termyn van drie jaar voltooi is nie.

Algemene
taksasie.

(2) Die plaaslike bestuur benoem by besluit een of meer bevoegde persone om bedoelde taksasie te maak.

(3) Die Administrateur kan van tyd tot tyd deur proklamasie in die *Prowinsiale Koerant*, en onderworpe aan die bepalings van die eersvolgende subartikel, die volgende bepalings toepas op enige plaaslike bestuur, uitgenome op enige van die plaaslike besture genoem in die Tweede Bylae van hierdie Ordonnansie, gedurende enige tydperk van minstens vyf jaar en gedurende genoemde tydperk is die bepalings van subartikel (1) hiervan nie op bedoelde plaaslike bestuur van toepassing nie:—

(a) Die plaaslike bestuur laat van tyd tot tyd, maar nie minder as eenmaal in elke vyf jaar nie, 'n taksasie maak van al die belasbare eiendom binne die munisipaliteit met dien verstande egter, dat, as bedoelde taksasie eers voltooi is na die end van die voornoemde vyf jaar, die plaaslike

Ord. No. 13
van 1928.

—
Art. 4.

- wins te maak, of as 'n resiesbaan, nie geregtig sal wees op hierdie vrystelling nie;
- (f) Enige reg op grond geleë binne die regsgebied van 'n gesondheidskomitee wat—
- (i) besit word deur die Goewerneur-Generaal in bewaring vir enige toekomstige munisipale raad; of
 - (ii) kragtens enige wet wat gereserveer is vir die gebruik en genot van 'n gesondheidskomitee.
- II. Al die verplaasbare of onverplaasbare geboue en ander verbeterings in, op, of onder grond, enige reg waarop hierin begrepe is;
- III. Enige erfpaghouers-lisensiebelang ongeag enige andersluidende bepaling in die uitsonderings genoem in deel I van hierdie definisie;
- IV. Al die verbeterings gemaak op, in, of onder grond wat besit word kragtens 'n lisensie of enige ander mynreg om te delwe of te prospekter vir edele metale en edelgesteentes of onedele metale, waar sulke grond gebruik word vir woondoeleindes of doeleindes wat nie in verband staan met mynbedryf nie, hetsy deur persone werksaam by mynontginings of andersins.
- “ Terreinwaarde van grond ” beteken die kapitaalsom wat die grond, of reg op grond, kan verwag word op te bring as dit te koop aangebied word op sodanige redelike terme en voorwaardes as 'n bona fide verkoper sou verlang, aannemende dat ewentuele verbeterings daarop, of wat daartoe behoort, nie gemaak is nie. Die terreinwaarde van grond sluit in enige waarde tengevolge van enige voorreg-lisensie, of konsessie wat op daardie tyd aan die terrein verbonde is.
- “ Stadsklerk ” beteken die persoon wat op daardie tyd wettig optree in die hoedanigheid van stadsklerk of van sekretaris van die plaaslike bestuur.
- “ Stadsraad ” beteken 'n stadsraad ingestel volgens en kragtens die bepalings van Hoofstuk I van die Plaaslike Bestuur-Ordonnansie.
- “ Waarde van verbeterings ” met betrekking tot enige reg op grond beteken die meerdere waarde wat die verbeterings aan

(B) (In alle ander munisipaliteite.) Elke reg op grond buite en behalwe:—

Ord. No. 13
van 1928.

—
Art. 4.

- (a) Enige reg op grond, die eiendom, en in okkupasie, van die Kroon; met dien verstande, dat alle eiendom wat staan op naam van die Goewerneur-Generaal-in-Rade vir spoorwegdoeleindes vir sover dit gebruik word vir woondoeleindes deur persone in diens van die Administrasie van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens; geag word "belasbare eiendom" te wees;
- (b) Enige reg op grond uitsluitend gebruik vir erediens, of vir erediens en onderwys, of vir 'n liefdadige instelling heeltemal in stand gehou deur vrywillige bydraes, of vir 'n hospitaal in die genot van 'n subsidie of hulptoelae van die Transvaalse Prowinsiale Administrasie, vir sover as bedoelde reg besit word vir voormelde doeleindes;
- (c) Enige reg op grond wat uitsluitend gebruik word vir 'n onderwysinrigting, soos hierbo omskryf, vir sover bedoelde belang besit word vir genoemde doel;
- (d) Enige lisensie of reg om te delwe of te prospekter vir edelgesteentes of metale op enige stuk grond vir daardie doel bestem; en enige stuk grond uitsluitend besit of geokkupeer vir die uitoefening van sulke regte; met dien verstande, dat geen grond of geboue gebruik vir woondoeleindes wat nie met mynontginings in verband staan nie, hetsy deur persone werkzaam by mynontginings of andersins, geag word onder hierdie uitsondering te val nie;
- (e) Enige reg op grond wat aangelê is en gebruik word vir die doel van sport of ontspanning en gekontroleer word ooreenkomstig reglemente goedgekeur deur die plaaslike bestuur, vir sover bedoelde reg besit word vir voormelde doeleindes, met dien verstande dat 'n reg op grond gebruik as 'n ontspanningsgrond om

Ord. No. 13
van 1928.

Art. 4.

- van die Goewerneur-Generaal-in-Rade vir spoorwegdoeleindes, vir sover as dit gebruik word vir woondoeleindes deur persone in diens van die Administrasie van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Havens, geag word "belasbare eiendom" te wees;
- (b) Enige reg op grond uitsluitend gebruik vir erediens of vir erediens en onderwys of vir 'n liefdadige instelling wat heeltemaal in stand gehou word deur vrywillige bydraes, of vir 'n hospitaal wat 'n subsidie of hulptoelae van die Transvaalse Prowinsiale Administrasie ontvang, vir sover bedoelde reg vir bogenoemde doeleindes besit word;
- (c) Enige reg op grond uitsluitend gebruik vir 'n inrigting van onderwys soos hierbo omskryf vir sover bedoelde reg vir genoemde doel besit word;
- (d) Enige lisensie of reg om te delwe of te prospekteeer vir edelgesteentes of metale op enige gedeelte van grond wat vir daardie doel bestem is; of enige gedeelte van grond wat uitsluitend besit of geokkupeer word vir die uitoefening van sulke regte; met dien verstande, dat geen grond of geboue gebruik vir woondoeleindes of vir doeleindes wat nie in verband staan met mynbedryf nie, hetsy deur persone wat mynbedryf onderneem, of andersins, geag word onder die uitsondering te val nie;
- (e) Enige reg op grond aangelê en gebruik vir sports- of ontspanningsdoeleindes en gekontroleer ooreenkomstig reglemente goedgekeur deur die plaaslike bestuur, vir sover bedoelde reg besit word vir voormelde doeleindes, met dien verstande dat 'n reg op grond wat gebruik word as 'n ontspanningsterrein met die doel om wins te maak, of as 'n resiesbaan, nie geregtig is op die genot van hierdie vrystelling nie;

Ord. No. 13
van 1928.

—
Art. 4.

word, nie geproklameer is nie, okkupeer, waar geen wettige magtiging vir bedoelde okkupasie bestaan nie kragtens enige wet wat betrekking het op die ontginning van edele en onedele metale en waar sulke geboue en verbeteringe gebruik word vir woondoeleindes of vir doeleindes wat nie in verband staan met mynbedryf nie.

- (7) Enige persoon aan wie die reg verleen is om ten opsigte van geproklameerde grond die gehele bedrag of 'n gedeelte van die volgende te ontvang:—
- (i) die kleimlisensiegelde verskuldig op bedoelde grond;
 - (ii) die lisensiegelde betaalbaar op woon-, handels- en industriële-standplase toegestaan op sulke grond kragtens die Goudwet of enige vroeëre wet;
 - (iii) die huurgelde betaalbaar kragtens artikel *drie* van die Bewaarplaasgelde Aanwendings Wet 1917;
 - (iv) die huurgelde betaalbaar kragtens subartikel (3) van artikel *vier* van die Transvaal Mynverhuring en Minerale Wet Wysigings Wet 1918;
 - (v) die huurgelde, as en wanneer die betaalbaar is, vir enige bowegrondsregte verleen kragtens Hoofstuk IX van die Goudwet.

“ Belasbare eiendom ” beteken en sluit in—

- I. (A) (In elke munisipaliteit binne die magistraatsdistrikte Benoni, Boksburg, Germiston, Johannesburg, Krugersdorp, en Springs, die Munisipaliteit Klerksdorp, die Munisipaliteit Warmbad en in elke munisipaliteit waarop die Administrateur deur Proklamasie in die *Prowinsiale Koerant* hierdie definisie van toepassing verklaar):—
- (1) Oop geproklameerde grond;
 - (2) Elke reg op grond soos hierbo omskryf met die volgende uitsonderings:—
 - (a) Enige reg op grond besit deur die Kroon; met dien verstande dat al die eiendom wat staan op naam

Ord. No. 13
van 1928.

—
Art. 4.

- reg verkry kragtens die Handel-drywe op Myngrond Regelingswet 1910 om besigheid te drywe op 'n handelsterrein;
- (3) in gevalle waar die persoon op wie die wettige boedel vasgesit is, insolvent of oorlede is, die persoon wat met die beheer van bedoelde eiendom belas is as kurator, eksekuteur, beheerder of andersins;
- (4) in die geval van enige grond wat besit word kragtens 'n standplaas- of kleimlisensie of ander mynreg uitgereik kragtens enige wet wat betrekking het op die delwe vir edelgesteentes of metale, die geregistreerde besitter van bedoelde lisensie of reg;
- (5) in enige geval waarin eiendom besit word kragtens 'n huurkontrak van die Kroon, of in die geval van 'n handelsstandplaas wat besit word kragtens 'n huurkontrak wat wettig verleen is deur die raad saamgestel kragtens artikel *drie-en-tagtig* van die Goudwet, die huurder daarvan;
- (6) (a) enige persoon in okkupasie van geboue en verbeterings (wat nie in 'n wettig-gevestigde dorp is nie) hetsy verplaasbaar of onverplaasbaar, gebruik vir woondoeleindes of vir doeleindes wat nie in verband staan met mynbedryf nie, geleë op geproklameerde grond of op grond wat, hoewel dit kragtens mynreg besit word, nie geproklameer is nie, en ten opsigte van die oprigting, onderhoud of okkupasie van welke geboue en verbeterings geen wettige magtiging kragtens die bepalinge van enige wet met betrekking tot die ontginning van edele of onedele metale bestaan nie. "Okkupasie" beteken vir die doeleindes van hierdie definisie die werklike okkupasie van, of die uitoefening van besitreg ten opsigte van bedoelde geboue en verbeteringe.
- (b) Enige persoon wat, op grond van sy uitoefening van besitreg op geboue en verbeterings daarop, geproklameerde grond of grond wat, ofskoon dit kragtens mynreg besit

Ord. No. 13
van 1928.

—
Art. 4.

op geproklameerde grond, of op grond wat, ofskoon dit kragtens mynreg besit word, nie geproklameer is nie, ten opsigte van die oprigting, instandhouding of okkupasie van watter geboue en verbeterings geen wettige magtiging kragtens die bepalings van enige wet met betrekking tot die ontginning van edele en onedele metale bestaan nie. "Okkupasie" beteken vir die doeleindes van hierdie definisie die werklike okkupasie van, of die uitoefening van besitreg ten opsigte van sulke geboue en verbeterings.

- "Plaaslike Bestuur" beteken 'n stadsraad, of 'n dorpsraad, of 'n gesondheidskomitee.
- "Plaaslike Bestuur Ordonnansie" beteken die Plaaslike Bestuur-Ordonnansie 1926 of enige wysiging daarvan.
- "Burgemeester" beteken die burgemeester of onderburgemeester van enige stadsraad, of voorsitter of ondervoorsitter van enige dorpsraad, of die voorsitter van 'n gesondheidskomitee.
- "Munisipaliteit" beteken die gebied of distrik onder die kontrole en regsmag van 'n plaaslike bestuur.
- "Bewoner" beteken, en sluit in enige persoon in werklike okkupasie van belasbare eiendom afgesien van die reg ingevolge waarvan hy okkupeer.
- "Oop geproklameerde grond" beteken, en sluit in al die geproklameerde grond (dit wil sê, grond geproklameer as 'n publieke delwery kragtens die Goudwet No. 15 van 1898 of enige vroeëre wet, mits bedoelde grond nie wettig gedepronklameer is nie) wat nie besit word kragtens mynreg of bowegrondsreg nie en nie gereserveer of afgestaan is vir enige doel kragtens die Goudwet nie.
- "Eienaar" beteken en sluit in—
- (1) die persoon of persone in wie se naam die wettige eiendomsreg op enige belasbare eiendom soos hierin omskryf, geregistreer is;
 - (2) die besitter van enige huurkontrak van 'n handelsstandplaas of enige

Ord. No. 13
van 1928.

Art. 4.

- (2) die reg op, en oor grond kragtens 'n standplaaslisensie;
- (3) enige huurkontrak van, of reg op of konsessie van grond vir 'n tydperk van minstens tien jaar of vir die lewensduur van enige persoon daarin genoem, of wat van tyd tot tyd vernuwebaar is na keuse van die huurder vir onbepaalde tyd of vir tydperke wat saam met die eerste tydperk daarvan in die geheel nie minder as tien jaar is nie;
- (4) enige servitude op grond;
- (5) (i) enige gebruiker van geproklameerde grond, hetsy besit kragtens 'n kleimlisensie of ander mynreg of nie, vir woondoeleindes of vir doeleindes wat nie in verband met mynontginning staan nie;
- (ii) enige okkupasie, omdat daarop geboue en verbeterings staan, van geproklameerde grond of grond wat, ofskoon dit kragtens mynreg besit word, nie geproklameer is nie, waar geen wettige magtiging vir sulke okkupasie kragtens enige wet, wat betrekking het op die ontginning van edele en onedele metale, bestaan nie, en waar bedoelde geboue en verbeterings gebruik word vir woondoeleindes of vir doeleindes wat nie in verband staan met mynbedryf nie;
- (6) enige huurkontrak van grond van die Kroon of enige huurkontrak van 'n handelsstandplaas wat verleen is deur die raad saamgestel kragtens artikkel *drie-en-tagtig* van die Goudwet;
- (7) enige huurkontrak van 'n handelsstandplaas of enige reg verkry kragtens die Handeldryf op Myngrond Regulasie Wet 1910, of enige wysiging daarvan, om besigheid te drywe op 'n handelsterrein;
- (8) enige erfpaghouer-lisensiebelang;
- (9) enige okkupasie van geboue en verbeterings (maar nie op grond in 'n wettig-gevestigde stadsgebied nie), hetsy verplaasbaar of onverplaasbaar, gebruik vir woondoeleindes of vir doeleindes wat nie in verband staan met mynontginning nie, geleë

Ord. No. 13
van 1928.

—
Art. 4.

- (ii) die lisensiegelde betaalbaar ten opsigte van woon-, handels- en industriële persele toegestaan op sulke grond kragtens die Goudwet of enige vroeëre wet;
 - (iii) die huurgelde betaalbaar kragtens artikel *drie* van die Bewaarplaats Gelde Aanwendings Wet 1917;
 - (iv) die huurgelde betaalbaar kragtens subartikel (3) van artikel *vier* van die Transvaal Mynverhuring en Minerale Wet Wysigings Wet 1918;
 - (v) die huurgelde, as en wanneer die betaalbaar is ten opsigte van enige bowegondsregte verleen kragtens Hoofstuk IX van die Goudwet.
- “ Goudwet ” beteken die Edele en Onedele Metale Wet 1908 en enige wysiging daarvan.
- “ Gesondheidskomitee ” beteken n gesondheidskomitee saamgestel volgens, en kragtens die bepalings van Hoofstuk IX van die Plaaslike Bestuur-Ordonnansie.
- “ Verbeterings ” sluit in al die geboue, verplaasbaar of onverplaasbaar, en sluit verder in al die werk wat werklik verrig of materiaal wat gebruik is op enige grond deur die bestee van kapitaal of arbeid deur enige eienaar of bewoner wat enige reg op bedoelde grond het, maar alleen in sover as die gevolg van sulke werk of gebruikte materiaal strek om die waarde van die reg op grond en die voordeel daarvan te vermeerder, op tyd van taksasie onuitgeput is, maar sluit nie in enige werk verrig, of materiaal gebruik, aan, of ten behoeve van enige reg op grond deur die Kroon of deur enige wettige publieke liggaam nie, tensy bedoelde werk of materiaal vir daardie doel bekostig is deur die bydrae van die eienaar of bewoner en bedoelde werk of materiaal nie die eiendom geword het van die Kroon of bedoelde wettige publieke liggaam nie; met dien verstande dat die betaling van belasting nie beskou word as 'n bydrae binne die betekenis van hierdie definiesie nie.
- “ Reg op grond ” beteken en sluit in—
- (1) grond of die vruggebruik daarvan;

Ord. No. 13
van 1928.

Art. 4.

wat handel met advies en toestemming van die Uitvoerende Komitee van die Provinsie.

“ Landbougrond ” beteken bouland, gras- of weiland, marktuine, hoender-boerderye, kwekerye, boomaanplantings en vrugteboorde, maar sluit nie in nie—

- (a) grond gebruik as 'n park, saam met 'n huis daarop; of
- (b) grond gebruik as 'n tuin uitgenome voornoemde grond; of
- (c) grond bestem of gereserveer vir die doel van sport, liggaamsoefeninge, of ontspanning of wat as 'n resiesbaan gebruik word.

“ Onderwysinrigting ” beteken en sluit in—

- (a) enige uniwersiteit volgens die wet opgerig of enige samestellende kollege;
- (b) enige inrigting of diens wat behoorlik kragtens enige wet verklaar word onder hoër onderwys begrepe te wees;
- (c) enige skool, klas of inrigting opgerig, in stand gehou, of ondersteun kragtens die Onderwyswet 1907 of enige wysiging daarvan of geregistreer op die kantoor van die Departement van Onderwys in terme van sulke Wet;
- (d) enige ander skool of inrigting wat die Administrateur van tyd tot tyd deur kennisgewing in die *Provisiale Koerant* verklaar 'n onderwysinrigting te wees vir die doel van hierdie Ordonnansie;
- (e) koshuise of losieshuise in stand gehou in verband met enige van die inrigtings genoem in paragrawe (a), (b), (c) en (d) van hierdie definisie.

“ Finansiële jaar ” beteken die finansiële jaar voorgeskryf deur artikel *ses-en-vyftig* van die Plaaslike Bestuur-Ordonnansie.

“ Erfpaghouders-lisensiebelang ” beteken en sluit in enige reg van die eienaar van geproklameerde grond tot ontvangs van 'n gedeelte van—

- (i) die kleimlisensiegelde betaalbaar ten opsigte van bedoelde grond;

Ord. No. 13
van 1928.

bepalings van hierdie Ordonnansie, behoudens soos hieronder bepaal, nie op bedoelde munisipaliteit van toepassing is nie vir die tydperk wat in bedoelde proklamasie omskryf is, en verder met dien verstande, dat enige taksasielys reeds opgestel kragtens enige wet wat deur hierdie Ordonnansie herroep is en in enige munisipaliteit in gebruik is, van volle krag en uitwerking is gedurende die tydperk waarvoor dit oorspronklik opgestel is.

(2) Behoudens wat in die eersvolgende artikel bepaal is, is artikel *vyf* van Wet No. 4 van 1899 nie van toepassing op enige munisipaliteit wat, soos voormeld, ingestel is nie.

3. (1) Die Administrateur kan van tyd tot tyd deur proklamasie in die *Prowinsiale Koerant* verklaar dat, vir enige tydperk van nie minder as een kalenderjaar nie, die bepalings van hierdie Ordonnansie, of enige wysiging daarvan, nie van toepassing is op 'n munisipaliteit waarvoor 'n dorpsraad of 'n gesondheidskomitee ingestel is kragtens die Plaaslike Bestuur-Ordonnansie nie en dat vir bedoelde tydperk die erfbelasting vorderbaar kragtens die bepalings van artikel *vyf* van Wet No. 4 van 1899, of enige wysiging daarvan, in genoemde munisipaliteit ingevorder word.

Eiendoms-
belasting mag
deur Erfbe-
lasting ver-
vang word.

(2) Telkens wanneer die erfbelasting kragtens die voorgaande subartikel in 'n munisipaliteit vorderbaar is, word bedoelde belasting aan die plaaslike bestuur betaal, maak deel uit van die inkomste van die plaaslike bestuur en is invorderbaar asof dit opgelê was kragtens hierdie Ordonnansie en die bepalings van hierdie Ordonnansie, of enige wysiging daarvan, is vir die doel van bedoelde invordering van toepassing.

(3) Die Administrateur kan van tyd tot tyd enige erfbelasting kwytsteld in gevalle waarin die grond afgesonder of uitsluitend gebruik word vir onderwys, godsdienstige, liefdadige of publieke doeleindes.

4. In hierdie Ordonnansie het die volgende uitdrukkings die betekenis wat teenoor hulle geplaas is, tensy die samehang duidelik 'n ander betekenis vereis:—

Definiesies
van terme.

“ Administrateur ” beteken die amptenaar benoem kragtens subartikel (1) van artikel *ag-en-sestig* van die Suid-Afrika Wet 1909 of enige wysiging daarvan,

Ord. No. 12
van 1928.

Wysiging van
artikel 22
van Ordon-
nansie No. 15
van 1918.

6. Artikel *twee-en-twintig* van die Trans-
vaalse Onderwysers Pensioene Wysigings-
Ordonnansie No. 15 van 1918 word en is hier-
mee gewysig deur die skrapping op die eerste
reël daarvan van die woord "*een*."

Wysiging van
artikel 18
van Ordon-
nansie No. 17
van 1927.

7. Die laaste paragraaf van artikel
agtien van die Transvaalse Onderwysers
Pensioene Wysigings-Ordonnansie, 1927,
word en is hiermee gewysig deur die toevoe-
ging op reël twee daarvan na die woord
"voorsieningsfonds" van die woorde "of uit
die Gekonsolideerde Inkomstefonds van die
Unie."

Korte Tietel.

8. Hierdie Ordonnansie kan vir alle doel-
eindes aangehaal word as die Transvaalse
Onderwysers Pensioene Wysigings-Ordonnan-
sie, 1928, en vorm een geheel met die hoofwet.

Ord. No. 13
van 1928.

'N ORDONNANSIE

Tot Konsolidasie en Wysiging van die Wet op die Heffing
van Belasting deur Plaaslike Besture.

(Goedgekeur 13 Junie 1928.)

(Datum van inwerkingtree, 1 Julie 1928.)*

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

DIT WORD BEPAAL deur die Prowinsiale Raad van Trans-
vaal as volg:—

Herroeping
van wette.

1. Vanaf, en na die inwerkingtreeding van
hierdie Ordonnansie, is die wette genoem in die
Eerste Bylae hiervan herroep.

Toepassing
van Ordon-
nansie.

2. (1) Die bepalings van hierdie Ordon-
nansie is van toepassing op elke munisipaliteit
wat reeds gevestig is of hierna gevestig word
kragtens die Plaaslike Bestuur Ordonnansie,
met dien verstande dat, wanneer die Admini-
strateur kragtens die bepalings van die eers-
volgende artikel deur Proklamasie in die *Pro-
winsiale Koerant* verklaar het dat die erfbe-
lasting hefbaar kragtens artikel *vyf* van Wet
No. 4 van 1899 of enige wysiging daarvan, in
enige munisipaliteit ingevorder moet word, die

* Artikel 32.

3. Subartikel (3) van artikel *drie* van die hoofwet, word en is hiermee gewysig deur die volgende paragraaf daaraan te voeg:—

Wysiging van Ord. No. 12
artikel 3 van van 1928.
die hoofwet.

Een vrouwelike ambtenaar die voor de aanvang van Ordonantie No. 17 van 1927 wegens gevorderde ouderdom niet bevoegd was om tot het fonds bij te dragen en op 1 Julie 1927, beneden de ouderdom van 45 jaar was, kan verkiesen om tot het fonds bij te dragen op de volgende voorwaarden:

- (a) Zij moet kiezen binnen een maand na ontvangst van een kennisgeving van het Departement van haar bevoegdheid om bij te dragen;
- (b) zij moet bijdragen ten opzichte van het gehele tijdperk van haar diensttijd ten opzichte waarvan zij verkiest om bij te dragen tegen de tarieven voorgeschreven in paragraaf (b) van subartikel (1) van artikel *twee* van Ordonantie No. 17 van 1927;
- (c) de bepalingen van de hoofwet ten opzichte van de betaling van achterstallige bijdragen en interest op achterstallige bijdragen van de ambtenaar en van de Administratie zijn *mutatis mutandis* van toepassing.

4. Paragraaf (c) van subartikel (1) van artikel *ag* van die hoofwet word en is hiermee gewysig deur die skrapping op reëls twee en drie daarvan van die woorde “krachtens enige bepalingen van deze Ordonantie” en die te vervang deur die woorde “uit het fonds.”

Wysiging van
artikel 8 van
die hoofwet.

5. Subartikel (1) van artikel *tien* van die hoofwet word en is hiermee gewysig deur die skrapping op reëls vier en vyf daarvan van die woorde “gecertificeerd door een geneeskundig certifikaat” en die te vervang deur die woorde “gecertificeerd door een geneeskundige ambtenaar of mediese raad goedgekeurd door het Departement.” Subartikel (2) van artikel *tien* van die hoofwet word en is hiermee gewysig deur die skrapping op die derde reël daarvan van die woorde “op een geneeskundig certifikaat” en die te vervang deur die woorde “door een geneeskundig ambtenaar of goedgekeurde mediese raad.”

Wysiging van
artikel 10
van die
hoofwet.

Ord. No. 12
van 1928.

—
Art. 2.

bijdragen worden gemaakt vanaf de datum van zijn eerste benoeming, en de totale bijdragen vanaf de vereiste datum worden, ongeacht bepalingen in de hoofdwet wat daarmee in strijd is, ingevorderd van de eerstvolgende betaling van zijn pensioendragende emolumenten. Met dien verstande, dat, als de onderwijzer om de een of andere reden niet tot het vaste personeel van het Departement toegelaten wordt, het beschouwd wordt dat genoemde bijdragen per abuis gemaakt zijn en aan hem terugbetaald worden, of indien hij inmiddels overleden is, aan zijn boedel, met interest tegen drie percent per jaar en de bijdragen door de Administratie betaald ten opzichte van bedoelde onderwijzer worden aan de inkomsten terugbetaald met interest tegen drie percent per jaar. Verder met dien verstande dat, als sodanige onderwijzer schriftelijk aan het Departement verklaart dat hij wenst om niet tot het fonds bij te dragen, of wenst om zijn bijdragen tot het fonds te staken gedurende de proeftijd van zijn dienst, geen zodanige bijdragen gemaakt worden door, of ten opzichte van bedoelde onderwijzer en de bijdragen die door hem gemaakt zijn worden aan hem terugbetaald met interest tegen drie percent per jaar, en de bijdragen door de Administratie betaald ten opzichte van bedoelde onderwijzer worden aan de inkomsten terugbetaald met interest tegen drie percent per jaar en de onderwijzer wordt niet op een latere datum toegestaan om tot het fonds bij te dragen ten opzichte van zijn proeftijd.

- (b) Alle bepalingen in de hoofdwet met betrekking tot bijdragen door of ten opzichte van ambtenaren, worden beschouwd in te sluiten de bijdragen betaalbaar door, of ten opzichte van onderwijzers krachtens het vorige subartikel.
-

'N ORDONNANSIE

Ord. No. 12
van 1928.

Tot wysiging van die Transvaalse Onderwysers Pensioene-Ordonnansie, No. 5 van 1916, in sekere opsigte.

(Goedgekeur 9 Mei 1928.)

(Datum van inwerkingtree, 23 Mei 1928.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

DIT WORD BEPAAL deur die Prowinsiale Raad van Transvaal as volg:—

1. In hierdie Ordonnansie beteken “hoofwet” die Transvaalse Onderwysers Pensioene-Ordonnansie, No. 5 van 1916, soos van tyd tot tyd gewysig en enige uitdrukking waaraan ’n betekenis toegeken is in die hoofwet in en vir die doeleindes daarvan, het, wanneer hierdie ordonnansie gebruik word, dieselfde betekenis, tensy ’n bedoeling in stryd daarmee duidelik blyk, of tensy ’n ander betekenis duidelik aan daardie uitdrukking toegeken is in hierdie Ordonnansie.

Omskrywing.

2. Artikel *drie* van die hoofwet word en is hiermee gewysig deur die toevoeging van die volgende nuwe subartikel (6).

Wysiging van artikel 3 van die hoofwet.

(6) (a) Ongeacht iets in dit artikel wat daarmee in stryd is, draagt iedere onderwyser die na 1 Januarie 1929, in ’n vaste post onder het Departement benoemd word in termen van artikel *acht en zeventig* van de Onderwijswet van 1907, of die, nadat hij ’n opleidingskursus doorlopen heeft in ’n inrigting in stand gehouden door het Departement in termen van artikel *zes en twintig* van de Onderwijswet van 1907, na 1 Januarie 1929, benoemd word tot een post in termen van artikel *zeven en negentig* van de Onderwijswet 1907, bij tot het fonds tegen de tarieven voorgescreven in artikel *twee* van de Transvaalse Onderwijzers Pensioen- en Ordonantie 1927. Bedoelde

Ord. No. 11
van 1928.

persoon soas voorsê wat vars vrugte of groente en geen andere goedere rondvent nie.

“Munisipaliteit” beteken die gebied geplaas onder die kontrole en jurisdiksie van ’n stadsraad of van ’n dorpsraad of van ’n gesondheidskomitee kragtens die Plaaslik Bestuur Ordonnansie, 1926.

“Marskramer” beteken enig persoon wat, hetsy as prinsipaal, agent of bediende, die bedryf of besigheid uitoefen van aanbied of uitstal vir verkoop, kwansel of ruil elders as op ’n vaste plek van enige goedere en vir die doel van plek tot plek reis, hetsy te voet of met ’n voertuig deur homself voortbeweeg; maar sal nie insluit nie enig persoon soas voorsê wat vars vrugte of groente en geen andere goedere rondvent nie.

Plek
beperking.

2. Op en na die datum van die aanvang van hierdie Ordonnansie sal dit nie veroorloof wees vir enig persoon die besigheid van venter of marskramer uit te oefen nie op enige plek buite ’n munisipaliteit wat binne eenmyl verwyder is van die besigheids plek van enig persoon wat die houer is van ’n lisensie uitgereik kragtens die bepalings van die Lisensies Konsolidasie Wet, 1925, en enig amendement daarop, wat sulk persoon magtig die bedryf van ’n algemene handelaar uit te oefen. Enig persoon wat ’n bedryf of besigheid uitoefen in stryd met die bepalings van hierdie artikel sal skuldig wees aan ’n oortreding en sal by veroordeling blootstaan aan ’n boete van hoogstens £50 of by wanbetaling aan gevangenisstraf met of sonder harde arbeid vir ’n tydperk van hoogstens drie maande.

Korte Tietel

3. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doeleindes aangehaal word as die Venters en Marskramers Ordonnansie, 1928.

applikasie vir enig sertifikaat van vrystelling uitgereik te word deur die magistraat of resident vrederegter kragtens die bepalinge van artikel *ag*; en
(*b*) in die algemeen vir die beter toepassing van die strekkings en doeleindes van hierdie Ordonnansie.

Ord. No. 10
van 1928.

16. Die volgende Ordonnansies sal wees en word hierby herroep:—

Herroeping
van Wette.

Die Hoofbelasting Ordonnansie, 1921.
Die Hoofbelasting Wysigings Ordonnansie, 1922.
Die Hoofbelasting (Boete) Ordonnansie, 1923.
Die Hoofbelasting Wysigings Ordonnansie, 1925.
Die Hoofbelasting Wysigings Ordonnansie, 1926.

17. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doeleindes aangehaal word as die Persoonlike en Inkomstebelastings Ordonnansie, 1928.

Korte Tittel.

'N ORDONNANSIE

Ord. No. 11
van 1928.

Tot Bepanking, Superwisie, Lisensiering en Reëling van
Handeldryf deur Venters en Marskramers

(Goedgekeur 7 Mei 1928.)

(Datum van inwerkingtree, 16 Mei 1928.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

SY DIT BEPAAL deur die Prowinsiale Raad van Transvaal as volg:—

1. In hierdie Ordonnansie sal—

Definiesies.

“Venter” beteken enig persoon wat, hetsy as prinsipaal, agent of bediende die bedryf of besigheid uitoefen van aanbied of uitstal vir verkoop, kwansel of ruil elders as op 'n vaste plek van enige goedere, en vir die doel van plek tot plek rondreis met goedere op enig voertuig (ander as 'n voertuig deur homself voortbeweeg) of met 'n pakkier of karweier; maar sal nie insluit nie enig

**Ord. No. 10
van 1928.**

voorgeskrewe datum vir betaling van die belasting kragtens artikel vier van hierdie Ordonnansie in enig jaar vir 'n verlenging van tyd waarin hy sy belasting vir die lopende jaar moet betaal of om vergunning sulke belasting in termyne te betaal en indien die inkomste amptenaar oortuig is dat sulke persoon nie in staat is die belasting op die vervaldatum te betaal nie, sal hy òf 'n verlenging van tyd toestaan binne watter sulke betaling mag plaas het òf toestem betaling in termyne aan te neem in elk geval sonder straf; mits egter, dat in geval enig persoon versuim te voldoen aan enige voorwaardes waarop sulke verlenging of vergunning is toegestaan deur die inkomste amptenaar die vol bedrag van die belasting en straf terstond verskuldig en betaalbaar sal word as of geen sulke verlenging of vergunning verleen was nie; en mits verder dat van sulke bedrag die bedrag van enige termyn reeds vroeër betaal ooreenkomstig die voorwaardes waarop vergunning verleen was, sal afgetrek word.

Strawwe.

14. Enig persoon wat opsetlik 'n valse verklaring affê kragtens hierdie Ordonnansie sal skuldig wees aan 'n oortreding en by veroordeling blootstaan aan 'n boete van hoogstens twintig ponde of by wanbetaling aan gevangenisstraf met of sonder harde arbeid vir 'n tydperk van hoogstens drie maande.

Enig persoon wat—

(a) versuim of nalaat enige opgawe te verstrek indien en wanneer deur hierdie Ordonnansie vereis; of

(b) versuim die belasting teen die voorgeskrewe datum te betaal; of

(c) versuim te voldoen aan die bepaling van enige regulasie gemaak kragtens die bepaling van hierdie Ordonnansie;

sal skuldig wees aan 'n oortreding en by veroordeling blootstaan vir 'n eerste oortreding aan 'n boete van hoogstens vyf ponde, of by wanbetaling aan gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een maand, en by veroordeling vir 'n volgende oortreding aan 'n boete van hoogstens vyftien ponde, of, by wanbetaling, aan gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande.

Regulasies.

15. Die Administrateur kan regulasies maak:—

(a) vir voorskrywe van die vorm van

maande wat onmiddellik voorafgaan aan die datum waarop die belasting verskuldig is, en volgens wet nie verplig is 'n inkomstebelasting opgawe in te dien nie vir die jaar van aanslag wat op die datum eindig.

(4) Enig melaatse, of swaksinnige persoon wat geen inkomstebelastingbetaler is nie.

(5) Enig manlik volwasse persoon ter leeftyd van sestig jare of ouer op die datum waarop die belasting verskuldig word wat geen inkomstebelastingbetaler is nie.

(6) Enig naturel.

Mits dat die Kommissaris of deur hom gemagtigde persoon 'n vrystellingsertifikaat sal uitreik op 'n voorgeskrewe vorm in ieder geval van vrystelling verleen kragtens (2) en (3) van hierdie artikkel.

9. Enige belasting en/of straf opgelê kragtens die bepalinge van hierdie Ordonnansie sal 'n skuld wees betaalbaar aan die Prowinsiale Inkomstefonds van Transvaal en daarvoor mag, wanneer betaalbaar, vervolging ingestel en ingevorder word deur aksie in enig hof van bevoegde jurisdiksie deur die Kommissaris wat namens die Administrateur vervolging instel. Invordering van belasting.

10. Al die boetes ingevorder vir enige oortreding kragtens hierdie Ordonnansie sal in die Prowinsiale Inkomstefonds gestort word. Boetes.

11. Die Kommissaris kan van tyd tot tyd enige vorme of verklaringe voorskrywe nodig vir die doeleindes van hierdie Ordonnansie. Voorgeskrewe vorme.

12. In die geval van enig persoon van die Provinsie afwesig sal die agent van sulke persoon aanspreeklik wees vir betaling van die belasting. Vir die doeleindes van hierdie Ordonnansie kan die inkomste amptenaar van die distrik waarin sulke persoon gewoonlik woonagtig is enig persoon wat die beheer, kontrole oor of die bewaring het van gelde wat toebehoor aan enig aldus afwesig persoon verklaar die agent vir sulke persoon te wees. Agent aanspreeklik vir belasting van persone afwesig van Provinsie.

13. Nieteenstaande enigiets daarmee in stryd in hierdie Ordonnansie, kan enig persoon onderhewig aan enige belasting daaronder opgelê applikasie maak aan die inkomste amptenaar van die distrik waarin hy woon voor die Betaling van belasting in termyne.

Ord. No. 10 Versuim ver-
van 1928. klaring te
verstrekk.

6. Van enig persoon kan deur 'n inkomste amptenaar gevorder word 'n verklaring te maak op die voorgeskrewe vorm vir die doel enige verpligting kragtens hierdie Ordonnansie vas te stel, en in die geval dat enig persoon versuim 'n verklaring af te lê indien van hom gevorder, kan die inkomste amptenaar die bedrag van belasting betaalbaar deur sulke persoon aanslaan en die bedrag aldus aangeslaan sal finaal en beslissend wees wat betref die verpligting van sulke persoon kragtens hierdie Ordonnansie.

Plig van
werkgewers
opgawe te
verstrekk

7. Enig werker sal verplig wees op verlange die inkomste amptenaar, binne dertig dae vanaf sulke verlange, te voorsien van 'n opgawe op die voorgeskrewe vorm met vermelding van sulke besonderhede as wat nodig mag wees ten opsigte van enig persoon vir hom werksaam op die 30ste Junie in enig jaar. Indien enig werkgewer sou versuim die voorsegde opgawe te verstrek binne die voorgeskrewe tydperk of enige nodige besonderhede sou weglaat, sal hy, behalwe aan die strawwe voorgeskrewe in artikel *veertien* persoonlik aanspreeklik wees vir enige belasting nie ingevorder van enig persoon nie wie se verpligting sou aangetoon wees deur sulke opgawe.

Vrystellings.

8. Van enige belasting opgelê kragtens hierdie Ordonnansie sal vrygestel wees—

(1) Al die vroumense behalwe dié wat inkomstebelasting betalers is; mits dat 'n gehuude vrou wat 'n inkomstebelastingbetaler is alleen kragtens die bepalings van artikel *ses-en-veertig* (6) van Wet No. 40 van 1925, nie, onderhewig sal wees aan die persoonlike belasting nie opgelê deur hierdie Ordonnansie.

(2) Enige manlik volwasse persoon wat deur die magistraat van die distrik of resident vrederegter binne wie se jurisdiksie die eiser woonagtig is verklaar word arm te wees; mits dat die Administrateur van tyd tot tyd aan magistrate en vrederegters instruksies kan gee aangaande die beginsels gevolg te word by vasstelling of sulke volwasse persoon as 'n behoefte kan beskou word.

(3) Enig manlik volwasse persoon wat die magistraat van die distrik waarin die inrigting sig bevind bewys dat hy gereeld 'n onderwysinrigting besoek het as 'n volle-tyd student gedurende die drie

Indien die belasting meer as £25 bedra òg hoogstens £50 teen 15 persent per jaar.

Indien die belasting meer as £50 bedra teen 12 persent per jaar.

bereken op elk vol pond van die bedrag van die belasting oor die tydperk waarin sulk persoon nalatig is, mits dat die bedrag van enige straf opgelê die bedrag van die belasting nie sal oorskry nie. Niemand sal geregtig wees betaling van hierdie belasting uit te stel nie op grond dat hy sy Unie Inkomstebelasting aanslag nie ontvang het nie tensy hy die skriftelike vergunning daarvoor van die inkomste amptenaar ontvang het.

(4) Die voorgeskrewe datum sal die vierde dag van Oktober wees wat volg op die datum waarop die belasting verskuldig word; mits dat die Kommissaris deur publieke kennisgewing enige andere datum kan bepaal nie later as die tiende dag van Oktober in sulk jaar as die voorgeskrewe datum vir enig jaar nie.

5. (1) Ieder persoon wat aan 'n belasting onderhewig is kragtens hierdie Ordonnansie sal die inkomste amptenaar voorsien van 'n verklaring op die voorgeskrewe vorm met vermelding van sulke besonderhede as mag nodig wees om sy verpligting tot sulke belasting vas te stel. Verklarings.

(2) Vir die doel om die bedrag van belasting betaalbaar deur enig inkomste belastingbetaler na te gaan kan die inkomste amptenaar van sulk persoon verlang om vir sy inspeksie enige Unie Inkomstebelasting kwitansie of ander dokument te toon, nodig om die bedrag van belasting betaalbaar kragtens hierdie Ordonnansie vas te stel.

(3) Iedere verklaring of ander dokument ingedien vir die doel van hierdie Ordonnansie sal as vertroulik aangemerkt word en sal nie gebruik of op enige andere wyse watter ook bekend gemaak word nie behalwe vir die toepassing van die bepalings van hierdie Ordonnansie en geen insage daarvan vir enig ander doel sal toegestaan wees nie.

(4) Indien enig persoon sou versuim, nalaat of weier enige verklaring of ander dokumentêr bewys voorgeskrewe deur hierdie artikel te lewer, dan sal hy skuldig wees aan 'n oortreding en by veroordeling blootstaan aan die straf voorgeskrewe in artikel *veertien*.

Ord. No. 10
van 1928.

(b) Indien sulk persoon ongehuud is op die datum waarop die belasting verskuldig word ²⁷/₂ persent bereken op elke volle sieling van bedrag van normale en/of ekstra belasting betaal of betaalbaar kragtens die Inkomstebelasting Wette van die Unie ten opsigte van die jaar van aanslag geëindig op die 30ste Junie in die jaar wat voorafgaan aan die jaar waarin die belasting kragtens hierdie Ordonnansie verskuldig word.

Weduwees,
wewenaars en
geskeie
persone.

3. Vir die doel van hierdie Ordonnansie sal 'n weduwee, wewenaar of geskeie persoon geag word ongehuud te wees mits dat 'n weduwee, wewenaar of 'n geskeie persoon wat 'n minderjarig kind of kinders onderhou of 'n ongehuude persoon wat die enigste steun van 'n ouer is sal geag word gehuud te wees.

Wanneer ver-
skuldig en
aan wie
betaalbaar.

4. (1) Enige belasting gehef kragtens die bepalinge van hierdie Ordonnansie sal verskuldig wees op die 30ste Junie in elk en ieder jaar en sal betaal word aan die inkomste amptenaar van die distrik waarin die belastingbetaler woon, of op sulke andere plek as die Kommissaris kan voorskrywe.

(2) Enig persoon wat versuim die belasting te betaal verskuldig kragtens subartikel (1) van artikel twee van die Ordonnansie op of voor die voorgeskrewe datum in enig jaar sal behalwe die belasting 'n straf betaal bereken teen 10 persent van die bedrag van die belasting vir iedere maand of gedeelte van 'n maand gedurende welke sulk belastingbetaler nalatig is.

(3) Enig persoon wat versuim die belasting te betaal verskuldig kragtens subartikel (2) van artikel twee van die Ordonnansie op of voor die voorgeskrewe datum of binne 30 dae na die datum van die betreklike Unie normale en/of ekstra belasting-aanslag sal behalwe die belasting 'n straf betaal bereken teen die volgende skaal:—

Indien die belasting hoogstens £10 bedra teen 30 persent per jaar.

Indien die belasting meer as £10 bedra dog hoogstens £25 teen 25 persent per jaar.

Ord. No. 10
van 1928.

gedurende enig gedeelte van sulc tydperk, en onafgebroke gewees te het gedurende dié tydperk.

“ Inkomste Amptenaar ” beteken enig Ontvanger van Inkomste of enig ander amptenaar wat optree as die gemagtigde ontvanger van binnelandse inkomste vir enig gebied.

2. Onderwerp aan die beperkings en vrystellings genoem in hierdie Ordonnansie sal jaarliks belas, hefef en ingevorder word:—

Heffing van
belasting.

(1) 'n Belasting op ieder persoon woonagtig in die Provinsie bo die leeftyd van een-en-twintig jare teen die volgende skale:

(a) Indien sulc persoon gehuud is op die datum waarop die belasting verskuldig word £1. 10s.

(b) Indien sulc persoon ongehuud en onder die leeftyd van vyf-en-twintig jare is wanneer die belasting verskuldig word £1. 10s.

(c) Indien sulc persoon ongehuud is en ter leeftyd van vyf-en-twintig jare of ouer wanneer die belasting verskuldig word:

(i) indien sy belasbare inkomste vir die twaalf maande eindigende op die datum waarop die belasting verskuldig word onder £100 was, £1. 10s.;

(ii) indien sy belasbare inkomste vir die twaalf maande eindigende op die datum waarop die belasting verskuldig word £100 of meer was, £2. 5s.

(2) 'n Belasting op die inkomste van ieder persoon woonagtig in die Provinsie wat 'n inkomste belastingbetaler is teen die volgende skale:—

(a) Indien sulc persoon gehuud is op die datum waarop die belasting verskuldig word, 20 persent bereken op elke volle sieling, van die bedrag van normale en/of ekstra belasting betaal of betaalbaar kragtens die Inkomstebelasting Wette van die Unie ten opsigte van die jaar van aanslag geëindig op die 30ste Junie in die jaar wat voorafgaan aan die jaar waarin die belasting kragtens hierdie Ordonnansie verskuldig word.

Ord. No. 10
van 1928.

'N ORDONNANSIE

Om voorsiening te maak vir die Oplegging van Belastings op Persone en Inkomste van Persone woonagtig in die Provinsie.

(Goedgekeur 1 Mei 1928.)

(Datum van inwerkingtree, 9 Mei 1928.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

SY DIT BEPAAL deur die Prowinsiale Raad van Transvaal as volg:—

Definiesies. **1.** In hierdie Ordonnansie sal, tensy onbestaanbaar met die samehang:—

“Administrateur” beteken die amptenaar benoem kragtens artikel *agt-en-sestig* van die Suid-Afrika Wet 1909 en enig amendement daarop wat handel op gesag van die Uitvoerende Komitee.

“Kommissaris” beteken die Kommissaris van Binnelandse Inkomste of enig persoon wat wettig in die hoedanigheid of namens hom optree.

“Inkomste Belastingbetaler” beteken enig persoon onderhewig aan normale of ekstra belasting soos omskrewe in en aangeslaan volgens die inkomstebelasting wette van die Unie ten opsigte van die aanslagjaar geëindig op die 30ste Junie in die jaar wat voorafgaan aan die jaar waarin enige belasting deur hierdie Ordonnansie opgelê verskuldig word.

